

5.1 INLEIDEND

Die 1942/1943-prosedureveranderinge was alreeds geldig vir 1943, soos onder andere blyk uit die 1943-toekenning van 'n Hertzogprys in Afdeling B (Wetenskaplike Prosa) aan J. du P. Scholtz vir *Die Afrikaner en sy taal*. Alhoewel daar ook tussentydse veranderinge was (kyk bladsy 326), het die volgende ingrypende veranderinge eers weer aan die begin van 1962 in werking getree (kyk bladsy 329 en bylaag S op bladsy 648).

5.2 DIE HERTZOGPRYS VIR DRAMA

Gedurende die tydperk 1943 tot 1961 was daar vyf dramatoekenningsjare – volgens die nuwe vierjaarsiklus die jare 1944, 1948, 1952, 1956 en 1960.

5.2.1 DIE 1944-HERTZOGPRYS VIR DRAMA

Die Akademiesraad self het, net soos vir die 1941-Hertzogprys vir Drama, die Letterkundige Kommissie vir die 1944-Dramaprys reeds op 29 Julie 1941 tydens 'n vergadering in Bloemfontein soos volg saamgestel: drr. F.C.L. Bosman (sameroeper), J.J. Dekker en prof. dr. H. v.d.M. Scholtz (ARN 1941: 29 Julie; LK 1/3: 18 Maart 1943 – brief van Lombard aan Dekker).³⁸⁴ Geen sekonduslid is benoem nie. Bosman en Scholtz, die tweeman-kommissie wat die 1941-dramatoekenningsjaar se tekste beoordeel het, is herkies – dié keer met Bosman as sameroeper in plaas van Scholtz. Dekker is as derde lid benoem. Al drie het hulle benoemings aanvaar en ná die beoordeling 'n honorarium³⁸⁵ ontvang (LK 1/2: 20 en 24 Augustus 1941 – korrespondensie tussen Lombard en Bosman; ARMB 1941: 26 September; ARN 1941: 26 September en 11 Desember; LK 1/3: 20 Mei 1944 – Lombard aan Bosman).

384 Bylaag E behels 'n grafiese voorstelling van die Letterkundige Kommissie se samestelling (1942-1955). Inligting oor die Letterkundige Kommissies vanaf 1956 tot 1969 is vervat in bylaag F.

385 In 1943 is £15 toegesê as honoraria aan elk van die twee Letterkundige Kommissies (FRA 1943: 16 Julie). Die Fakulteitsraad het dit ongewens geag om die gebruikelike vergoeding aan keurkommissielede verder uit die opbrengs van die Taalfonds te betaal, gesien in die lig van die voorgenome verdeling van die Hertzogprys tussen die afdelings Belletrie en Wetenskaplike Prosa, en weens die vermindering van die rente op die Hertzog-taalfonds. Die Akademiesraad is genader om die vergoeding uit sy lopende rekening te betaal, en het ingestem om elke lid van die Hertzogpryskeurkommissie in die vervolg te vergoed teen £3-0-0 per lid. Die vergoeding sou uit die Raad se algemene fonds betaal word, tensy die Raad daarin kon slaag om geld vir dié doel van die Hertzog-Brebner-Trust (Afrikaanse Persfondsraad) te verkry, soos deur die Fakulteitsraad aanbeveel. (FRN 1943: 16 Julie; ARN 1943: 17 Julie; FRN 1944: 17 Januarie; ARN 1944: 18 Januarie.)

Lombard, die Akademiesekretaris, het Bosman versoek om voor 8 April 1944 verslag te doen sodat dit aan die Fakulteitsraad voorgelê kon word en die toekenning voor die jaarvergadering in Julie kon geskied (LK 1/3: 17 Maart 1944; brief gemeld in FRA 1944: 8 April). Tydens die 8 April-Fakulteitraadsvergadering het Bosman die Letterkundige Kommissie se bevinding mondeling aan Lombard oorgedra (LK 1/3: 21 April 1944 – inleidingsparagraaf tot handgeskrewe Hertzogprysverslag). Daar is gerapporteer dat slegs twee skrywers in aanmerking kom, naamlik F.S. Steyn (*Die wildsboudjie* – 1941) en C.L. Leipoldt (*Die heks* en *Die laaste aand* – 1923 en 1930 onderskeidelik), en dat die Letterkundige Kommissie Leipoldt sou aanbeveel vir bekroning (FRN 1944: 8 April). Sodra Lombard die skriftelike aanbeveling van die Kommissie ontvang, sou die naam van Leipoldt aan die Breë Kommissie voorgelê word vir stemming,³¹ en daarna aan die Fakulteitsraad. **'n 1943-Fakulteitsraadbesluit was nog vir die 1944-Dramatoekenning geldig, naamlik dat die Breë Kommissie móés stem, al was die Letterkundige Kommissie eenstemmig in hulle aanbeveling** (FRN 1943: 16 Julie) (kyk eindnota 31 op bladsy 527).

Omdat die tyd min geraak het om die Breë Kommissie te raadpleeg, het Lombard, nog voordat Bosman se verslag ontvang is, die Breë Kommissie gevra om te stem oor Leipoldt se werke (LK 1/3: 17 April 1944 – brief van Lombard aan Bosman).

Die tien lede³⁸⁶ van die Breë Kommissie soos deur die Fakulteitsraad saamgestel, was proff. D.B. Bosman, T.J. Haarhoff, T.H. le Roux,³⁸⁷ E.C. Pienaar, drr. S.P.E. Boshoff, M.S.B. Kritzinger, F.E.J. Malherbe en T. Wassenaar, asook mnre. C.M. Booyesen en Jochem van Bruggen (FRN 1944: 8 April; LK 1/3: 18 April 1944 – boaan brief van Lombard aan kommissielede).³⁸⁸ Die brief waarin die lede van hulle benoeming in kennis gestel is, bevat reeds die vorm waarop hulle

386 Die eerste Breë Kommissie wat, volgens die Februarie 1943-besluit, nie uit vyftien lede bestaan het nie, maar uit tien (plus 'n sekondus), was dié vir die 1943-Hertzogprys (FRN 1943: 26 Februarie) (kyk slotparagraaf van eindnota 29 op bladsy 527). Van sewe kommissielede is antwoorde ontvang in verband met die 1943-Hertzogprys vir Poësie (FRA 1944: 17 Januarie).

Vir die 1942-Prosatoekenning is sestien persone tydens 'n Akademiesaadsvergadering benoem (ARN 1942: 30 April), alhoewel daar in die mededelings en briefwisseling vir die vergadering aangedui word dat 'n Breë Kommissie van vyftien lede benoem moes word. Nienaber beweer daar was 15 lede (1965a:74). Die aantal lede wat gestem het was 12 (FRMB 1942: 22 Oktober). Die Letterkundige Keurkommissie was eenparig van oordeel dat *Laat Vrugte* (1939) van C.M. van den Heever vir bekroning in aanmerking kom. Van die Breë Kommissie was 5 ten gunste van die bekroning en 6 daarteen, terwyl een in die algemeen nie van Van den Heever se skryftrant gehou het nie. (FRMB 1942: 22 Oktober.) Hierdie 12 lede is vir hulle werk bedank in die 1941/1942-Akademiesaadsverslag.

387 In die 8 April 1944-Fakulteitsraadnotule word verkeerdelik aangedui dat J.J. le Roux op die Breë Kommissie gedien het. Boaan die Sekretaris se 18 April-brief aan kommissielede verskyn die naam van T.H. le Roux. Laasgenoemde se stembrief is ook beskikbaar.

388 In 1939 is besluit dat Akademiesaadslede nie vir die Breë Kommissie verkiesbaar is nie (ARN 1939: 1 Desember 1939) (kyk bladsy 189). Twee lede van hierdie Breë Kommissie was wel Fakulteitraadslede, naamlik S.P.E. Boshoff en D.B. Bosman (kyk voetnota 402 op bladsy 230).

Al die lede van hierdie 1944-Breë Kommissie, met die uitsondering van T.H. le Roux, was benoem as lede van die 1941-Dramapryse se Breë Kommissie (kyk bladsy 194 en bylaag J op bladsy 618-709). (Raadpleeg voetnota 285 op bladsy 173 in verband met Wassenaar.)

'n stem moes uitbring (LK 1/3: 18 April 1944). Hulle is oënskynlik nie vooraf gevra of hulle bereid was om in die Kommissie te dien nie, ondanks Hiemstra se 1938-aanbeveling dat toestemming verkry word vóór benoeming sodat passiewe lidmaatskap uitgeskakel kon word (kyk bladsy 173, asook eindnota 22 op bladsy 523).

Die Breë Kommissie is in 'n adviserende hoedanigheid aangestel om aanbevelings te maak.³² Die kennisgewingsbrief aan hulle het gelui (LK 1/3: 18 April 1944):

'n Klein Keurkommissie het by die Raad aanbeveel dat die Hertzogprys vir drama vanjaar toegeken word aan dr. C. Louis Leipoldt vir sy werke Die Heks en Die Laaste Aand. Is u ten gunste van bekroning van hierdie werke?

Gebruik asseblief bygaande vorm vir u antwoord en stuur dit asseblief terug nie later as 30 April nie.

Hierdie skrywe moet intussen as streng vertroulik beskou word.

Plek is ook op die stembrief gelaat vir nieverpligte motiverings of opmerkings, waarvan vier persone gebruik gemaak het (LK 1/3):³⁸⁹

- M.S.B. Kritzinger (“Ek is bly dat hierdie m.i. beste dramas in ons letterkunde bekroon word, maar beteken dit nou dat elke jaar by die betrokke genre al die boeke wat vroeër nie bekroon is nie in aanmerking kom?”)
- T.H. le Roux (“Die vraag bo is so gestel dat nie blyk watter dramas in aanmerking geneem is nie. Verskillende Afrikaanse dramas verdien m.i. om in aanmerking te kom vir die Hertzog-prys, maar hietoe [sic] sou ek bogenoemde twee van Leipoldt reken.”)
- F.E.J. Malherbe (“Omdat hul miskien die allerbeste drama in Afrikaans verteenwoordig.”)
- Jochem van Bruggen (“My enigste opmerking is dat bostaande werke nie in die tydperk nuut verskyn het nie, waaroor die beoordeling strek. Hulle verdien die bekroning. Indien die beoordelings kommissie [sic] en die Raad besluit om van die prosedure af te wyk, het ek geen beswaar nie.”)

Nege uit die tien lede het gestem³⁹⁰ en was eenparig van mening dat die prys aan Leipoldt toegeken moes word soos deur die Letterkundige Kommissie aanbeveel (LK 1/3: 16 Mei 1944 – brief aan lede van die Akademie- en Fakulteitsraad; FRA 1944: 27 Julie). Nadat Lombard die stembriewe ontvang het, laat weet hy vir F.C.L. Bosman dat hy die Letterkundige Kommissie se

389 **Let daarop dat sekere kommissielede nie op hoogte was van die prosedureveranderinge waarop in 1942/1943 besluit is nie.**

390 Die nege stembriewe is in die Akademieargief (LK 1/3). Slegs Theo Wassenaar het nie gestem nie. In 1938 het hy al skriftelik aangedui dat hy nie in die Breë Kommissie wou dien nie omdat dit volgens hom onwenslik was om skrywers aan te stel om ander skrywers se werk te beoordeel (KOR 21/3: 19 April 1938 – brief aan Akademiesekretaris). (Kyk bladsy 173 en 216, asook voetnota 334 op laasgenoemde bladsy.)

verslag in wag voordat hy die Fakulteitsraad kon raadpleeg (LK 1/3: 3 Mei 1944). Die verslag en Lombard se brief moes per pos gekruis het, want Bosman se verslag is gedateer 21 April. Daarin merk hy op dat dit die skriftelike bevestiging is van wat hy reeds mondeling meegedeel het tydens die raadsvergadering. Die verslag lui só (LK 1/3):

- (1) Die keurkommissie vir die Hertzogprys, Drama, 1944 het die volgende stukke vir die tydperk Jan. 1941 – Des. 1943 in oënskou geneem:

Boonzaier, F.W. – Wanneer die Blare Val. 1941. [HAUM v/h Jacques Dusseau & Co.]³⁹¹
 De Klerk, W.A. – Uit die Goeie Aarde. 1942. [Nasionale Pers]
 De Wet, P.J.T. – In Belang van die Wetenskap, Pil 413. 1943. [Vreugde deur Vlyt]³⁹²
 Du Plessis, Lussane – Naamgenote: toneel oor lug- en duikbootgevegte. 1942. [uitgewer onbekend]
 Gie, Adèle – Kersfees om die Kampvuur. 1941. [Unie-Volkspers]
 Grosskopf, J.F.W. – Legende. 1942. [J.L. van Schaik]
 Grunius – Willem Adriaan v.d. Stel. 1941. [J.L. van Schaik]
 Hanekom, A.J. – Berou. 1943. [Nasionale Pers]
 Karin³⁹³ – ’n Kersspel. Uit die Duits verwerk. 1943. [Nasionale Pers]
 Passiespel. 1943. [Nasionale Pers]
 Malherbe, D.F. – Die Meul Dreun e.a. Toneelwerk.³⁹⁴ 1943. [Nasionale Pers]
 Meij-Louw, Treinie [Trienie] – Haar Grootste Offer en ander Toneelstukkies. 1942(?).³⁹⁵ [Christelike Uitgewersmaatskappy – CUM]
 Nel³⁹⁶ + Bosman – Goue Appels. Vir Sondagskool ens. 1942(?).³⁹⁷ [Die Sondagskool-depot]
 Pienaar, H.M.³⁹⁸ – Die Applikante e.a. Samesprakies. 1941.³⁹⁹ [HAUM/J.H. de Bussy]
 Pienaar, T.C. – Terwyl daar gedans word. 1941. [Nasionale Pers]

-
- 391 *Wanneer die blare val* is saam met *Die kwaal* opgeneem in F.W. Boonzaier se 1941-publikasie *Die kwaal: twee samesprake*. Sover vasgestel kon word, is *Wanneer die blare val* nie afsonderlik gepubliseer nie. Dit is onbekend of *Die kwaal* in aanmerking geneem is.
- 392 Hierdie klugspel in vyf bedrywe is deur F.C.L. Bosman beskryf as “’n egte sotte klug in die ou geykte trant” wat “bokkespronge” in sy handeling begaan “wat soms nie eers vernuftig is nie, laat staan aanvaarbaar” (Bosman 1944b:78).
- 393 Pseudoniem van C.M. Marais
- 394 Dit bevat die volgende ses werke deur D.F. Malherbe: *Die meul dreun*, *Demetrios*, *Dala*, *Die aandblom van Witsenberg*, *Drakenstein* en ’n vertaling van Schiller se *Wilhelm Tell*. *Die meul dreun* is ’n verwerking van die roman *Die meulenaar* en sou dus nie in aanmerking kon kom nie (kyk by “Dramaverwerkings” in eindnota 3 op bladsy 513).
- 395 Die vraagteken is in die verslag self. Geen bevestiging kon vir hierdie datum gevind word nie.
- 396 Die handskrif is onduidelik in die verslag. Dit lyk asof dit “Nel” is, maar kan ook moontlik “Mal” wees. D.F. Malherbe het in 1953 twee dramas saam laat verskyn, naamlik *Goue appels* en *Hulle het ’n boom afgekap*. P.K. Albertyn het ’n bundel met die titel *Goue appels* saamgestel wat bestaan uit 346 bladsye met ’n groot verskeidenheid toneelstukke vir kinders en jongmense. Dit is onseker na watter werk verwys word in die Hertzogprysverslag.
- 397 Die vraagteken is in die verslag self. Geen bevestiging kon vir hierdie datum gevind word nie.
- 398 In die uitgawe deur H.A.U.M./J.H. de Bussy (s.j.) word die voorletters aangedui as M.H.
- 399 In die F.C.L. Bosman-versameling by NALN is die datum 1940 in potlood by hierdie teks gevoeg.

Siebrits, J. – Die Brandewynpoeding ens. [1942 – Unie-Volkspers]
Steyn, F.S. – Die Wildsboudjie.⁴⁰⁰ 1941. [Voortrekkerpers]
Van der Merwe, J.N.– Drie Toneelstukkies oor die Rypere Jeug.⁴⁰¹ 1941.
[Nasionale Pers]
(Reeds by 'n vorige beoordeling was ingesluit:
Grosskopf, J.F.W. – Die Klipdolk ens. 1941. [Kyk bladsy 205 asook die 1941-
verslag op bladsy 192-194.]
Meiring, A.J.C. – Op die Pad van S.A. ens. (Vier Toneelstukkies). 1941. [Van
Schaik] [Kyk bladsy 192 asook die 1941-verslag op bladsy 192-194.]

- (2) Van bogenoemde stukke val o.i. net drie werke binne die kring van die Hertzogprys nl. Grosskopf, Legende; Malherbe, Die Meul Dreun ens.; Steyn, Die Wildsboudjie. Aangesien Grosskopf reeds bekroon is met die Hertzogprys vir drama val ook hy weg³³ (afgesien nog van die gehalte van die stuk) en daar bly alleen Malherbe en Steyn oor.

By Malherbe voel die kommissie dat hoewel sy werk taamlieke draagkrag besit en sielkundig betreklik sterk gefundeer is, veral Die Meul Dreun self, laasgenoemde nog te epies is i.p.v. dramaties, terwyl Malherbe se werk in die algemeen 'n opvallende gebrek toon aan dinamiese ontwikkelingskrag d.w.s. die vermoë om sy handeling in stygende lyn tot 'n intense hoogtepunt op te voer en daarna 'n sterk, oortuigende slot vir die gestelde probleem te vind.

By Steyn voel die kommissie dat Die Wildsboudjie ongetwyfeld een van die beste blyspele in Afrikaans is en besondere verdienstes besit wat betref bou, dialoog, geestigheid en eg-Afrikaanse gegewen[s]. Maar die karakteruitbeelding in sy geheel mis voldoende diepgang, waardeur ook die ontwikkelingsgang van die handeling soms minder oortuigend aandoen. Waarskynlik ontbreek dit die tema aan genoegsame draagkrag om die handeling op 'n natuurlike sielkundige grondslag dwarsdeur die stuk te voer. Kortom, by al sy verdienste is die stuk, uit die oogpunt veral van karaktertekening, nog onoortuigend en aan die “ligte” kant.

Die kommissie reken dus dat nòg Malherbe nòg Steyn vir hul werk uit die betrokke tydperk in aanmerking behoort te kom vir die Hertzogprys.

- (3) Waar die nuwe reëls van toekenning van die Hertzogprys 'n keurkommissie die vryheid verleen om in die verlede terug te kyk vir 'n aanbeveling, wil hulle in hierdie omstandighede eenparig aanbeveel dat die prys toegeken word aan dr. C.L. Leipoldt vir sy dramas Die Heks (1923) en Die Laaste Aand (1930). Die besondere verdienstes van hierdie twee treurspele word so algemeen erken dat die kommissie dit onnodig ag om hierdie aanbeveling verder te motiveer.³⁴

Die verslag is onderteken deur F.C.L. Bosman, H. v.d.M. Scholtz en J.J. Dekker.

Weens die verkeerde vertolking van die beoordelingsprosedure het Leipoldt nié die 1923/1924-Hertzogprys ontvang vir *Die heks* nie (kyk bladsy 91). Met *Die laaste aand* kon hy ook die 1932-Hertzogprys ontvang het. Die enigste drama wat by name en met lof vermeld is in die 1932-Hertzogprysmeerderheidsverslag, is *Die laaste aand*, maar dit was, alhoewel “sterk dramaties”,

400 Ook opgeneem in *Die lewe is 'n speeltoneel* (1952) deur Fritz Steyn e.a.

401 Dit sluit in *En sy naam is Jannie, As die bus vertrek* en *Op my eer*.

volgens die beoordelaars “nog te sketsmatig om daar die hoë onderskeiding van die Hertzog-prys aan toe te ken”, en hulle het aanbeveel dat geen Hertzogprys daardie jaar toegeken word nie (kyk bladsy 138). In die minderheidsverslag is aanbeveel dat Leipoldt die prys met J.C.B. van Niekerk en H.A. Fagan deel (kyk bladsy 137). Danksy die 1942/1943-prosedureverandering kon die versuim om Leipoldt in 1923/1924 en 1932 te bekroon, reggestel word met hierdie 1944-Hertzogprysbekroning.

Lombard het lede van die Akademie- en Fakulteitsraad per pos van die Letterkundige en Breë Kommissie se menings in kennis gestel en elkeen versoek om skriftelik te laat weet of hy akkoord gaan met die aanbeveling (LK 1/3: 16 Mei 1944). Vier van die ses Fakulteitraadslede se stembriewe is in die Akademieargief beskikbaar – almal ter ondersteuning van ’n toekenning aan Leipoldt.⁴⁰² Die Akademiesraad het bestaan uit drie lede elk van die twee Fakulteitsrade. Die ses lede was drr. S.H. Pellissier (Voorsitter), J.K. Marais (Ondervoorsitter), F.C.L. Bosman, H.O. Mönnig, T.E.W. Schumann en mnr. I.M. Lombard (Sekretaris) (ARN 1944: 8 April en 27 Julie). Die sienswyse van Pellissier, Bosman en Lombard as raadslede van die Fakulteit Taal, Lettere en Kuns, was reeds bekend. Net die drie raadslede van die Fakulteit Natuurwetenskap en Tegniek⁴⁰³ se menings moes ingewin word. Al drie was ten gunste van die toekenning (LK 1/3: 16 Mei 1944 – stembriewe). Alhoewel in die Fakulteitsraadnotule van 27 Julie 1944 staan dat die toekenning van die Hertzogprys aan Leipoldt deur die Fakulteitsraad “bekragtig” is, het hierdie Raad slegs by hernuwing kennis geneem van die reeds afgehandelde prosedure. In die verslag van Akademieswerkzaamhede oor die tydperk 1 Oktober 1942 tot 31 Maart 1944 is daarop gewys dat die toekenning van die Hertzogprys al dan nie, uitsluitlik by die Akademiesraad berus.

Lombard het Leipoldt skriftelik gelukkigwens met die prys en verneem of hy dit tydens die Akademie se jaarvergadering van 29 Julie 1944 in ontvangs sou kon neem (LK 1/3: 15 Junie 1944).³⁵ Leipoldt se sekretaresse het laat weet dat hy die Akademie hartlik bedank vir die toekenning, maar dat hy ongelukkig Julie-Augustus uitstedeig sou wees en nie persoonlik enige vergadering op Stellenbosch sou kon bywoon nie (LK 1/3: 27 Junie 1944).³⁶

In opdrag van die Akademiesraad moes die Kaaplandse werkgemeenskap die 1944-Hertzogprys-oorhandiging waarneem. F.C.L. Bosman, Sekretaris van hierdie werkgemeenskap, sou probeer

402 Die Fakulteitraadslede was drr. S.H. Pellissier (Voorsitter), S.P.E. Boshoff, F.C.L. Bosman, prof. D.B. Bosman, asook mnre. L.W. Hiemstra en I.M. Lombard (Sekretaris) (FRN 1944: 8 April en 27 Julie). Van hierdie ses lede was F.C.L. Bosman op die Letterkundige Kommissie en Boshoff en D.B. Bosman op die Breë Kommissie (kyk voetnota 388 op bladsy 226).

Stembriewe waarin saamgestem word met die besluit, en wat in die argief bewaar word, is dié van Boshoff, F.C.L. Bosman, Hiemstra en Pellissier (LK 1/3: 16 Mei 1944). Aangesien Lombard, ook ’n Fakulteitsraadlid, die stembrief opgestel het en waarskynlik nie ook een ingevul het nie, is dit van die Fakulteitraadslede net die stembrief van D.B. Bosman wat ontbreek.

403 J.K. Marais, H.O. Mönnig en T.E.W. Schumann

om so spoedig moontlik 'n funksie tot Leipoldt se eer te reël (LK 1/3: 6 Maart 1945), en Lombard het die tjek vir oorhandiging aan Bosman gestuur (LK 1/3: 14 Maart 1945⁴⁰⁴).³⁷ Die Hertzogprys is in Junie 1945 aan Leipoldt oorhandig tydens 'n informele funksie (op versoek van die bekroonde) aan huis van D.B. Bosman, Rondebosch (1944/1945- en 1945/1946-jaarverslae van die Akademie en Fakulteit; Viljoen 1945:3). Met betrekking tot die oorhandiging merk Viljoen in *Die Huisgenoot* (Junie 1945:3) op:

Die Kaaplandse werkgemeenskap van die Akademie was van plan om 'n openbare funksie te reël, met 'n musiekprogram en die gebruiklike toesprake, maar dr. Leipoldt het 'n minder formele huldiging verkies. Prof. [D.B.] Bosman het die kunstenaar in 'n paar woorde gelukgewens met wat hy genoem het die vereffening van 'n ou skuld deur die Akademie en die hoop uitgespreek dat die bekroning vir hom tot inspirasie sou dien om opnuut op dieselfde gebied te presteer. Dr. Leipoldt het sy waardering betuig vir die onderskeiding, maar teweens **die gedagte uitgespreek dat die Akademie in die toekoms minder werke behoort te bekroon, maar die eise veel hoër moet stel.** (Ek benadruk.)

Leipoldt het waarskynlik £25 as prys ontvang.³⁸

Die teikengehoor (kinders/jongmense), aard en omvang⁴⁰⁵ van die volgende werke wat in die verslag genoem is (kyk bladsy 228-229), het dit uitgesluit van 'n moontlike bekroning (kyk voetnota 48 op bladsy 49):

Du Plessis, Lussane	<i>Naamgenote: toneel oor lug- en duikbootgevegte.</i>
Gie, Adèle	<i>Kersfees om die kampvuur.</i> Dis 'n toneelstuk vir kinders wat bestaan uit liedere en legendes wat versamel, verwerk en vierstemmig geharmoniseer is deur Adèle Gie. Die musiek vir hierdie kersspeler met kersliedere vir stem en klavier, is persklaar gemaak in samewerking met B.S. Farrell. Die teks, verhoogaanwysings en sketse vir kostuums is ingesluit.
Nel en Bosman ⁴⁰⁶	<i>Goue Appels. Vir Sondagskool ens.</i>
Meij-Louw, Trienie	<i>Haar grootste offer en ander toneelstukkies.</i>
Pienaar, H.M.	<i>Die applikante e.a. samesprakies.</i>
Van der Merwe, J.N.	<i>Drie toneelstukkies oor die rypere jeug.</i>

404 Lombard het per ongeluk die jaartal 1944 boaan die brief aangebring.

405 Vir die 1941-Dramaprys is sekere werke uitgesluit omdat dit "te klein van opset" was (kyk die verslag op bladsy 193).

406 Kyk in verband met *Goue appels* ook voetnota 396 op bladsy 228.

Twee werke wat reeds by die 1941-beoordeling ingesluit is, maar eers in 1941 verskyn het en dus eers vir die 1944-Dramaprys in aanmerking moes kom, is *Die Klipdolk ens.* deur J.F.W. Grosskopf en *Op die pad van S.A. ens.* deur A.J.C. Meiring. Weens die bepaling dat 'n skrywer nie 'n tweede keer bekroon kon word nie, is Grosskopf, veral met *Oorlog is oorlog* wat in *Die Klipdolk* opgeneem is, uitgesluit.⁴⁰⁷ *Op die pad van S.A. ens.* is vier toneelstukkies vir kinders wat nie werklik van Hertzogprysomvang is nie. Drie van die ses werke in *Die meul dreun e.a. toneelwerk* (1943) deur D.F. Malherbe, sou ook nie vir die Hertzogprys in aanmerking kom nie (kyk eindnota 3 op bladsy 513), naamlik:


- *Die meul dreun* (dit is 'n toneelverwerking van Malherbe se roman *Die meulenaar* – 'n roman wat self met die verdeelde 1925/1926-Prosaprys bekroon is – kyk bladsy 106);
- *Drakenstein* (dit is 'n omvorming van *Die blom van Orleans* [1922]);
- *Wilhelm Tell* (eerste bedryf – vertaling van Schiller).

Ook 'n *Kersspel* (1943) deur Karin kon nie in berekening gebring word nie, want dit is 'n verwerking uit Duits. Nog 'n drama wat in 1942 verskyn het, maar nié in die lys opgeneem is nie, is *Wie 'n ander jaag* deur Kootjie van den Heever (Unie-Boekhandel). Dit is egter nie van Hertzogprysgehalte nie, soos ook blyk uit P.C. Schoonees se resensie daarvan in *Ons eie boek* (1942:69).

Geen nuwe drama van Uys Krige is gedurende die tydperk Januarie 1941 tot Desember 1943 gepubliseer nie. Op grond van die nuwe 1942-maatreël, sou, net soos met Leipoldt, oorweging daaraan geskenk kon word om die Hertzogprys aan Krige toe te ken op grond van sy drama-oëuvre tot in daardie stadium. Dit sou egter 'n bekroning behels vir dieselfde werke wat vir die 1941-toekenning met ses stemme teen vier nié bekroon is nie (kyk bladsy 195-196). Leipoldt se werk het in hierdie geval tereg swaarder geweeg as dié van Krige.

Met die verdienstelike dramas wat hulle tot en met 1930 geskryf het, word Leipoldt, saam met Grosskopf, tereg beskou as grondleggers van die Afrikaanse drama (kyk bladsy 118).

407 Pretorius (1987:22) beweer verkeerdelik dat “Oorlog is oorlog” 'n Hertzogprysbekroonde kortspel is. Dit is wel opgeneem in *Vyfling*, 'n bundel eenbedrywe van Hertzogprysweners, uitgesoek en van 'n inleiding voorsien deur T.T. Cloete, maar in sy inleiding merk Cloete op dat die keuse gemaak is uit die werk van skrywers wat met die Hertzogprys bekroon is, en nie noodwendig uit bekroonde eenbedrywe nie (1966:1).



C. Louis Leipoldt, wenner van die 1944-Hertzogprys vir Drama

Foto deur Jack Duffus

5.2.2 DIE 1948-HERTZOGPRYS VIR DRAMA

5.2.2.1 Vooraf

Voor die toekenning van die 1948-Hertzogprys vir Drama, is herbesin oor die verdeling van die Hertzogprys tussen Belletrie en Wetenskaplike Prosa. Elk van hierdie twee afdelings het uit vier onderafdelings bestaan (kyk bladsy 221). **Daar is toenemend gevoel dat die waarde van die Hertzogprystoekenning as hoogste letterkundige eerbetoon verminder is deurdat dit in ágt verskillende kategorieë toegeken kon word. Velerlei Keurkommissies is benodig en hulle besluitneming is bemoeilik deurdat die verskillende onderafdelings soms moeilik omskryf kon word of oorvleuel het.**

Die 1945-Hertzogprys vir Wetenskaplike Prosa (Wysbegeerte, Sielkunde, Opvoedkunde en Teologie) se Keurkommissie het heelwat probleme ondervind en die aankondiging van die finale aanbeveling het tot in 1946 gesloer. Weens nieaanvaarding van benoemings, asook bedankings, hersamestellings, siekte en ander omstandighede, is die Kommissie se funksionering soms tydelik gestaak of aan bande gelê. In die kommissieverslag wat voorgelê is tydens die Fakulteitraadsvergadering van 25 April 1946, wys proff. T.J. Hugo en G.M. Pellissier daarop dat die Kommissie hom bevoeg geag het om Wysbegeerte en Teologie te beoordeel (geen werk het tussen 1941 en 1945 verskyn wat in aanmerking kon kom vir die Hertzogprys nie), maar dat hulle deskundige advies wou inwin wat Sielkunde en Opvoedkunde betref voordat hulle finaal besluit. Prof. L.J. du Plessis, een van die kommissielede, is gevra om prof. Chris Coetzee te raadpleeg en dan sy bevindinge aan die Kommissie mee te deel. Du Plessis het in reaksie bedank. Aangesien die tyd verstreke was, het die oorblywende twee kommissielede die Akademiesraad in kennis gestel dat hulle geen finaliteit bereik het nie en weens druk werksaamhede nie langer met die taak belas wou wees nie. Gevolglik is geen Hertzogprystoekenning vir Wetenskaplike Prosa (1945) gemaak nie.⁴⁰⁸

Hugo en Pellissier het ook 'n aanhangsel by die verslag, gedateer Maart 1946, ingesluit. Daarin versoek hulle die Fakulteit vir Taal, Lettere en Kuns om dringend 'n beskrywingspunt op die agenda van die volgende vergadering te plaas waarin oorweging geskenk kon word aan

- die benaming “Wetenskaplike Prosa”;
- die prosedure wat gevolg moes word in die beoordeling van werke wat ressorteer onder Wetenskaplike Prosa;
- die gedagte dat daar dalk 'n totaal ander weg ingeslaan moes word met betrekking tot hierdie afdeling van die Hertzogprys.

408 Raadpleeg in verband met hierdie saak onder andere FRN 1945:26 Februarie; FRA 1945:25 Mei; FRA en FRN 1945:2 Julie; 1944/1945- en 1945/1946-jaarverslae van die Akademie en Fakulteit; FRN 1946:19 Februarie; AJVA 1946:29 Junie.

Wat betref die benaming “Wetenskaplike Prosa” wys hulle daarop dat dit “oervloedig aanleiding kan gee vir misverstand”, en dat dit “geen skerpe begripsbepaling” is nie, aangesien alle geskifte oor natuurverskynsels (wat buite kommissielede se gebied val) ook as Wetenskaplike Prosa beskou moes word.

Hulle kritiek op die prosedure behels eerstens die onsekerheid oor watter werke in aanmerking kom. Die vraag het ontstaan of byvoorbeeld verhandelinge vir meestersgrade, wanneer gepubliseer, en proefskrifte vir die doktorsgraad in aanmerking moes kom, en of kommissielede dan nie te doen het met studentearbeid waarby heelwat leiding, voorligting en teregwyding van dosente te pas kom en dié geskifte dus uiteraard buite rekening gelaat moes word nie. Tweedens vra die kommissielede of ’n oproep in die openbare pers aan skrywers en uitgewers, waarby ’n vasgestelde datum aangegee word vir laaste insending, nie genoegsaam behoort te wees om almal wat meen om in aanmerking te kom vir mededinging, die geleentheid te bied om hulle te laat geld nie. Daar word gevra of die Akademie agter skrywers en uitgewers moes aanloop, en of die saak nie omgekeer moes word nie. Die derde beswaar teen die prosedure behels die problematiek rondom die vergelyking van ’n goeie stuk werk op teologiese gebied met ewe verdienstelike arbeid op psigologiese, wysgerige of opvoedkundige gebied. **Daar was onsekerheid oor die maatstaf wat toegepas moes word aangesien die uitgangspunt en metode van vakke dikwels totaal verskillend van mekaar is.** As voorbeelde is genoem die natuurwetenskaplike metode waarvan nogal baie gebruik gemaak word in die Psigologie, die normatiewe karakter van Opvoedkunde en Teologie, en die waardegebied van wysgerige navorsing onder die benaming van Logika, Etiek en Estetiek.

As alternatief vir die afdeling “Wetenskaplike Prosa” is die moontlikheid genoem om van tyd tot tyd ’n prysvraag uit te skryf, soos dit al meer as ’n eeu lank op die Europese vasteland die gewoonte was. Die prysvraag kon só gestel word dat dit die een jaar een groep en ’n ander jaar ’n ander groep van aanverwante geesteswetenskappe raak of iets dergeliks. Die Kommissie was van mening dat hierdie sienswyse die oorweging van die Fakulteit verdien het.⁴⁰⁹

Die ongelukkigheid en probleme in verband met die Hertzogprysverdeling is ook verwoord in die verslag van die 1946-Letterkundige Kommissie vir Kunsprosa, gedateer 21 Maart 1946 en onderteken deur proff. E.C. Pienaar (sameroeper), Jac J. le Roux en dr. I.D. du Plessis (FRA 1946: 25 April):

1. Die verdeling van die Hertzogprys tussen Belletrie [sic] en Wetenskaplike Prosa (elk waarvan weer in vier onderafdelings versnipper is, sodat die Hertzogprys-

409 Let daarop dat die konsep van prysvrae, wat vroeër deel gevorm het van die Akademieaktiwiteite, hier geopper word (raadpleeg die hoofstuk oor die Hertzogprys en ander toekennings vanaf 1915 tot 1927 op bladsy 56-147).

domein tans in nie minder as agt verskillende kampe afgebaken is nie) het nie alleen die taak van die veelsoortige keurkommissies baie bemoeilik nie, maar na verhouding ook die waarde van die Akademie-bekroning as hoogste eerbewys uit die aard van die saak verlaag. Daarom gee ons aan die hand dat die hele saak van die Hertzogprystoekening in heroerweging geneem sal word nadat die huidige skema sy eerste kringloop voltooi het [1943-1946].

2. Ons het die aan ons toegewese terrein – te wete ander kunsprosa as roman, novelle en kortverhaal, d.w.s. “reisbeskrywing, opstel, kritiek, causerie, ens.” – oor die kalenderjare 1942-1945 in oënskou geneem, waarby daar van uitgewers, met uitsondering van die Nasionale Pers, weinig of geen tasbare tegemoetkoming ondervind is nie. Ons gesamentlike bevinding is dat gedurende die betrokke tydperk op geeneen van bogenoemde gebiede iets verskyn het wat sodanig die aandag getrek het, of van sodanige kunsgehalte is, dat dit vir moontlike bekroning in aanmerking sou kan kom nie.

Alleen betreffende Sangiro se SIMBA (1944) het die vraag ontstaan of dit nie onder reisbeskrywing tuisgebring moet word nie? Maar ondertussen is die prys vir Verhalende Prosa (1945) aan Sangiro toegeken, met inagneming van al sy werke.³⁹ Waaruit reeds blyk hoedat die tans afgebakende gebiede mekaar kan kruis, sodat dit nie altyd goed moontlik is om definitief vas te stel wáár ’n bepaalde werk nou eintlik tuishoort nie.

3. Ons voel nie daarvoor om terug te gaan na werk wat voor 1942 verskyn het nie, omdat dit ’n onbegonne taak sou wees, temeer nog by sulke ongelyksoortige genres soos wat nou hier bymekaar gegooi is. Want tot waar in die verlede sou jy dan die lyn moet gaan trek? Buitendien het dit tog alleen dán sin om die Akademie-bekroning van terugwerkende krag te maak, wanneer die gesamentlike werke van ’n bepaalde skrywer (werke dus wat binne sowel as buite die betrokke tydperk val) in aanmerking geneem kan word, soos blykbaar gebeur het in Sangiro se geval. Maar dan sou jy in die meeste gevalle weer in botsing kom met die afgebakende terreine, omdat die meeste skrywers van enige betekenis hulle op meer as een terrein beweeg.

Op grond van voorgaande oorwegings beveel ons derhalwe aan dat die prys onder hierdie afdeling vir 1946 nie toegeken word nie.

Hierdie verslag is aan die Fakulteitsraad voorgelê. Op voorstel van L.W. Hiemstra is dit egter na die Letterkundige Kommissie terugverwys met die opdrag om ook die werke wat vóór 1942 verskyn het, in aanmerking te neem vir die prys – byvoorbeeld die werk van G. Dekker (*Causerie en kritiek*), N.P. van Wyk Louw (*Lojale verset*), C.M. van den Heever (*Die stryd om ewewig*), ensovoorts. Die Kommissie is versoek om positiewe aanbevelings vir of teen ’n prystoekening te maak. (FRN 1946: 25 April; LK 1/3: 1 Mei 1946 – brief van Akademiese sekretaris aan kommissielede; 1945/1946-Fakulteitsjaarverslag.)

In reaksie op Lombard, die Akademiese sekretaris, se brief van 1 Mei, antwoord Pienaar, die sameroeper, op 4 Junie 1946 (LK 1/3) dat hy weer eens tydrawende korrespondensie met sy medelede gevoer het en ook namens hulle antwoord. Hy noem die name van ander werke, benewens dié wat deur die Raad aanbeveel is, wat ook onder Kunsprosa geklassifiseer sou kon word, en merk op:

Sommige van hierdie werke beslaan maar 70, ander oor die 300 blss., terwyl almal sonder uitsondering deels tuisgebring kan word sowel onder A. BELLETRIE [sic] (iv) as onder B. WETENSKAPLIKE PROSA (i), soos aangegee in die aan ons toegestuurde PROSEDURE BY TOEKENNING,⁴¹⁰ **waaruit nogeens blyk hoe ondoelmatig die huidige groepering is.**

(Ek benadruk.)

Volgens Pienaar was geen van die genoemde werke sonder bepaalde verdienstes nie, maar geen enkele was ook deurgaans van sodanige hoë gehalte dat dit die ander “heeltemal oorskadu en derhalwe vir moontlike bekroning” uitgesonder sou kon word nie:

Miskien sou F.E.J. Malherbe, op grond van al sy werke, wel afsonderlike oorweging verdien, maar dan kom jy dadelik weer voor die moeilikheid te staan waarop reeds in my vorige rapport gewys is, nl. of sy werke onder A (iv) of wel onder B (i) val – m.a.w. of hulle deur ons dan wel deur die ander betrokke Keurkommissie [Hertzogprys vir Wetenskaplike Prosa] beoordeel moet word?

Ten slotte merk Pienaar op dat dit sins insiens nie die taak van ’n Keurkommissie is om na een of ander werk (sy dit vóór of ná 1942)

... opsetlik te gaan soek met die oog op moontlike bekroning nie, maar dat ’n bepaalde werk homself sodanig aan jou moet opdring dat jy dit onmoontlik oor die hoof kan sien. Alleen dan sou ’n Akademie-bekroning inderdaad geregverdig wees.

Na heroorweging kon die Kommissie ook nie vóór 1942 sodanige werk vind wat nog nie bekroon is nie. Die vorige aanbeveling van geen bekroning nie, is herhaal en ’n tweede verslag voor die Fakulteitsraad gelê. Die Raad het dit aanvaar (FRA en FRN 1946: 27 Junie). Ook die Akademieraad het daarmee akkoord gegaan (1945/1946-Akademiejaarverslag).

Na aanleiding van die geopperde besware het die Fakulteitsraad ’n Kommissie saamgestel bestaande uit proff. E.C. Pienaar, F.E.J. Malherbe, H.B. Thom en dr. F.C.L. Bosman. Hulle opdrag was om die prosedure betreffende die verdeling van die prys, die indeling van genres (literêre kategorieë), die beste metode vir verkryging van werke vir beoordeling, ensovoorts, te ondersoek met inagneming van die besware genoem in die verslae van die Keurkommissies, en dan aanbevelings aan die Raad voor te lê. (FRN 1946: 25 April; FRA en FRN 1946: 27 Junie.) Lombard stuur saam met sy brief aan E.C. Pienaar, gedateer 2 Mei 1946 (LK 1/3), uittreksels uit die genoemde kommissieverslae, asook ’n afskrif van die “Prosedure by toekenning”, waarin die groepering onder die hoofde “Bellettrie” en “Wetenskaplike Prosa” verskyn.⁴⁰ Pienaar is daarop gewys dat die benaming “Wetenskaplike Prosa” ook beoordeel moes word, en dat die

410 Dit was die Hertzogprystoekenningprosedure vóórdat die 20 September 1946-veranderinge ingetree het (kyk eindnota 40 op bladsy 530).

Akademieraad op sy jongste vergadering (ARA 1946: 26 April) **besluit het om die Hertzogprys te verhoog** na £100 met dien verstande dat dit in twee verdeel word, t.w. £50 vir Bellettrie en £50 vir Wetenskaplike Prosa.

Die Ondersoekkommissie se verslag, gedateer 28 Augustus 1946, is onderteken deur F.C.L. Bosman (sameroeper), E.C. Pienaar en F.E.J. Malherbe. Prof. H.B. Thom was afwesig weens siekte. ’n Brief van Bosman aan Lombard het die kommissieverslag vergesel (LK 1/3: 29 Augustus 1946). Lombard het al vier kommissielede op 6 September 1946 skriftelik bedank (LK 1/3).

Op die oorspronklike aanbevelings is enkele veranderinge per hand aangebring en dit is geïnkorporeer in die weergawe bekend as “**Aanbevelings vir nuwe basis van Hertzogprysverdeling**”. Die agenda vir die 20 September 1946-vergadering het hierdie aanbevelings ingesluit, asook, vir vergelykingsdoeleindes, ’n afskrif van die prosedure wat tot in daardie stadium gevolg is. (FRA 1946: 20 September – onderskeidelik aanhangsel A en aanhangsel A1.⁴¹¹). Die Ondersoekkommissie beveel aan:

1. Dat die afdeling “wetenskaplike prosa”, d.w.s. geskifte van geesteswetenskaplike aard, verval as Groep B van die Hertzogprys omdat:
 - (a) Sulke werke ultra vires is van die terme van die Hertzogprysskenking wat uitdruklik bepaal dat die prys alleen geskenk sal word vir “het beste letterkundige werk van bellettristiese aard in de Afrikaanse Taal”;
 - (b) Afgesien van hierdie bepaling, die kommissie van oordeel is dat met ag afdelings vir die Hertzogprys (Groepe A en B) die domein van die Hertzogprys te uitgebreid geraak het en in te veel gebiede verdeel is, wat nie alleen beoordeling deur die veelsoortige keurkommissies baie bemoeilik nie, maar die waarde van die Hertzogprys as hoogste letterkundige bekroning van die Akademie na verhouding van die veelheid moet verlaag.
2. Dat die indeling van Groep A behou moet word soos dit tans staan,⁴¹² behalwe dat reisbeskrywinge wat nou onder onderafdeling IV val, onder onderafdeling III geplaas word. Onderafdeling IV sal dan heet: Kritiese prosa en essay.

411 Let daarop dat die volgende twee verskillende dokumente is: aanhangsel A1, die Hertzogprysprosedure, wat by die agenda van die 20 September 1946-vergadering verskyn het, en die dokument “Die Hertzogprys en prosedure by toekenning” soos gewysig tydens dieselfde vergadering.

Aanhangsel A1 (sonder die handgeskrewe voorstelle wat daarop aangebring is) kom ooreen met die dokument waarop in 1942 besluit is (dele in vetdruk). (Kyk bladsy 221.)

412 Groep A vir Bellettrie was tot in hierdie stadium soos volg verdeel:

- (1) Poësie
- (2) Drama
- (3) Verhalende Prosa (novelle, roman, kortverhaal)
- (4) Ander Kunsprosa (opstel, kritiek, causerie, reisbeskrywing, ens.).

3. Dat die ander bepalings vir die toekenning van die Hertzogprys ongewysig behoue bly d.w.s. 1, 2 en drie [sic] van prosedure soos tans neergelê [kyk eindnota 40 op bladsy 530].
4. Dat Groep B, Wetenskaplike Prosa, afsonderlik ingestel word as 'n groep vir Akademie-bekroning op parallelle wyse wat benaming van prys en waarde van prys betref as wat tans die geval is met die toekenning van die Akademieprys in die Fakulteit vir Natuurwetenskap en Tegniek.⁴¹ Die groep sal dan heet: Geesteswetenskappe en die bestaande indeling in vier onderafdelings as volg gewysig en geformuleer word vir prysoekenning:⁴¹³
 - (a) Taal- en literatuurwetenskap; beeldende kunste en musiek.⁴¹⁴
 - (b) Algemene en politieke geskiedskrywing; aardrykskunde.
 - (c) Wysbegeerte, sielkunde, opvoedkunde en teologie.
 - (d) Sosiale wetenskappe, staatswetenskappe, regs wetenskap.

OPMERKING:

Verdere opsplitsing sou die kringloop onwenslik verleng en die veelheid van keurkommissies vergroot.

By bepaling van die bekroningswaarde vir die geesteswetenskappe sal gelet word op:

- (a) Wetenskaplike gehalte. Dit moet die hoofoorweging wees.
- (b) Taal en styl. Dit is 'n sekondêre oorweging en kom alleen⁴¹⁵ in betragting na (a).

OPMERKINGS:

Onder die bestaande stelsel word die geesteswetenskappe onder die benaming “wetenskaplike prosa” in die sfeer van die Hertzogprys ingeskuif op grond van die oorweging dat dit wetenskaplike geskifte is wat egter deur taal en styl letterkundige waarde bereik. Taal en styl was dus die deurslaggewende faktor en nie wetenskaplike gehalte nie, al is dit ook hoog gestel. In werklikheid is die pryse soos toegeken gegrond in eerste oorweging op wetenskaplike gehalte en kan daar by geeneen van die dusver bekroonde werke, hoe verdienstelik hul taal en styl ook mag wees (Die Afrikaner en sy Taal, Kaapse Patriotte [kyk eindnota 38 op bladsy 529]), van letterkundige bereiking sprake wees nie.

413 Die afdeling vir Wetenskaplike Prosa was tot op daardie tydstip soos volg ingedeel:

- (1) Taal- en letterkunde, Kunsgeskiedenis en Musiek
- (2) Geskiedenis en Aardrykskunde
- (3) Teologie, Wysbegeerte, Sielkunde en Opvoedkunde
- (4) Sosiale en Staatswetenskappe.

414 Vir praktiese bydraes op die gebied van die beeldende kunste en musiek het die Akademie reeds erepenninge toegeken.

415 Die Raad het hom met hierdie opmerking vereenselwig, behalwe dat die woord “alleen” weggelaat moes word (FRN 1946: 20 September).

Die benaming “geesteswetenskappe” en die stel van wetenskaplike gehalte as eerste beslissende vereiste soos nou voorgestel, sal die dualisme van benaming en beoordeling waarvoor keurkommissies tans so sterk kla uit die weg ruim.

Die kommissie is verder van oordeel dat:

- (a) Verhandeling vir meestersgrade en proefskrifte vir doktorsgrade nie in aanmerking behoort te kom vir bekroning nie. Sulke werke moet beskou word as studente-arbeid waarby nie dusdanig aan die eise van onafhanklike en oorspronklike arbeid voldoen is soos gestel behoort te word vir die hoogste Akademie-bekroning nie.
- (b) Elke keurkommissie behoort vir homself ’n lys op te stel van werke oor die betrokke vakke in die betrokke tydperk. Dit moet aanvaar word dat lede van keurkommissies voldoende vertrouwd is met die vakliteratuur van hulle besondere gebiede om met betreklik geringe moeite sulke lyste op te stel. As die lede vir hulself vasgestel het watter werke val min of meer binne die kader van die bekroningsstandaard [sic], kan hulle, so nodig, uitgewers deur die Akademie-sekretariaat nader vir eksemplare van die betrokke werke vir verdere toegespitste studie en oorweging.
- (c) Deur die samevoeging van betreklik ongelyksoortige vakke in dieselfde groepe kan daar uiteraard geen absolute maatstaf van vergelyking vasgestel word nie. Die kommissie is egter van mening dat daar relatiewe maatstawwe is soos waarde as oorspronklike bydrae, intellektuele gehalte, meesterskap oor onderwerp en selfs vermoë tot hantering van onderskeie metodes wat voldoende basis bied vir vergelyking op wetenskaplike grondslag. Hierby kan dan gevoeg word hoedanighede van taal en styl.
- (d) Die uitskryf van prysvrae sou outomaties die erkenning van bestaande werke uitsluit en behandelbare gebied en aantal van skrywers beperk. Daarom reken die kommissie kan so ’n stelsel alleen in oorweging geneem word as alle ander stelsels gefaal het.
- (e) As verdere reëls van prosedure geld die reëls ten opsigte van die Hertzogprys, d.w.s. reëls 1, 2 en 3 behoudens dat die woord “letterkundige” vervang word deur die woord “geesteswetenskaplike”.⁴¹⁶

Die verslag van die Onderzoekkommissie is op 20 September 1946 deur die Fakulteitsraad behandel. Hulle het al die aanbevelings goedgekeur en, totdat ’n fonds gevind kon word, geld beskikbaar gestel vir ’n prys vir Wetenskaplike Prosa. Die waarde van die nuwe prys is op £50 vasgestel. (FRN 1946: 20 September.) Die Akademiesraad het die Fakulteitsraadvoorstelle aanvaar (ARN 1946: 21 September).⁴²

Soos vir 1945 is daar ook vir 1946 – die laaste keer dat werke uit Kategorie B bekroon kon word met ’n Hertzogprys – geen toekening vir Wetenskaplike Prosa (afdeling Sosiale en Staatswetenskappe) gemaak nie (1945/1946-jaarverslae van die Akademie en Fakulteit; FRN 1946: 17 Mei; ARN 1946: 18 Mei).

416 Die Raad het al die opmerkings aanvaar, maar aan die slot van (e) bygevoeg: “... en die woord Hertzogprys deur die woord Akademieprys” (FRN 1946: 20 September).

Die toekenning van die Hertzogprys vir Wetenskaplike Prosa het net een siklus, 1943-1946, beleef. Die gelyktydige toekenning daarvan met dié vir Belletrie, het slegs een Hertzogprys-toekenning vir Drama beïnvloed, naamlik dié aan Leipoldt, wat sy prysgeld waarskynlik moes deel met Coenraad Beyers (kyk eindnota 38 op bladsy 530). Teen 1948, toe 'n Dramatoekenning weer gemaak kon word, is **die aansien van die Hertzogprys in 'n mate in ere herstel deurdat toekennings vir Wetenskaplike Prosa uit die Hertzogprysdomein verskuif is na die Akademieprys vir Geesteswetenskappe.**

5.2.2.2 1948-Hertzogprys vir Drama

Werke gepubliseer gedurende die tydperk Januarie 1944 tot Desember 1947 kon in aanmerking kom. Die Fakulteitsraad het reeds tydens 'n vergadering gehou op 27 Julie 1944 in Stellenbosch die Letterkundige Kommissie vir die 1948-Hertzogprys soos volg saamgestel: prof. dr. H. v.d.M. Scholtz (sameroeper), asook drr. F.C.L. Bosman en P.C. Schoonees (FRN 1944: 27 Julie). Dit was die eerste keer dat die Fakulteitsraad, en nie die Akademiesraad nie, die Kommissie aangewys het vir die beoordeling van die Hertzogprys vir Drama. Vir die vorige Dramatoekenning (1944) is die Kommissie reeds in 1941 saamgestel (kyk bladsy 225), nog vóór die 1942-totstandkoming van die uitgebreide Akademie met sy twee fakulteite (kyk bladsy 204).

P.J. Nienaber, hulpsekretaris van die Akademie asook Fakulteitsraadsekretaris,⁴¹⁷ het vroeg in 1947 by hierdie drie benoemdes verneem of hulle in die Kommissie sou dien (LK 1/3: 22 Januarie 1947). P.C. Schoonees, redakteur van *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* aan die Universiteit van Stellenbosch, kon weens die druk werksaamhede verbonde aan hierdie nuwe pos van hom, nie sy benoeming aanvaar nie (LK 1/3: 28 Januarie 1947). Vir Scholtz was dit weens veelvuldige werksaamhede en die feit dat hy dikwels uitstедig was, onmoontlik om as sameroeper op te tree, maar hy was bereid om in die Kommissie te dien (LK 1/3: 14 Februarie 1947). Die Fakulteitsraad het gevolglik tydens 'n raadsvergadering gehou in die Voortrekkergebou, Johannesburg, op 25 April 1947, vir prof. dr. G. Dekker in die plek van Schoonees benoem en voorgestel dat F.C.L. Bosman optree as sameroeper (FRA en FRN 1947: 25 April). Lombard, die Akademiesekretaris, het Bosman en Dekker skriftelik gevra of hulle bereid was om die benoemings te aanvaar (LK 1/3: 30 April 1947). Hierdie 1948-Letterkundige Kommissie verskil van dié vir die 1944-Hertzogprys vir Drama net in dié opsig dat G. Dekker vir J.J. Dekker vervang het (kyk bladsy 225). Teen die eerste helfte van 1947 was die name van bereidwillige kommissielede en die sameroeper dus gefinaliseer.

417 Sedert Februarie 1945 het Nienaber die pos as hulpsekretaris van die Akademie begin beklee weens die verhuising van die vorige hulpsekretaris, dr. A.J.A. Roux, na Stellenbosch. Nienaber was sedert September 1946 Sekretaris van die Fakulteitsraad. (ARN 1944: 30 September; ARN en FRN 1945: 26 Februarie; FRN 1946: 20 September.) Tot 30 Junie 1951 was hy ere-hulpsekretaris (1951/1952-Fakulteitsjaarverslag). (Kyk eindnota 15 op bladsy 520.)

'n Jaar daarna, tydens 'n 1 Mei 1948-Akademieraadsvergadering, is in die vooruitsig gestel dat die Kommissie sy verslag sou opstel en onder lede van die Fakulteitsraad sirkuleer sodat, as daar 'n toekenning is, die prys tydens die jaarvergadering van 1 tot 3 Julie 1948 oorhandig kon word (ARN 1948: 1 Mei). Dit sou ook in ooreenstemming wees met die 14 Oktober 1933-jaarvergaderingbesluit dat die Letterkundige Kommissie vir die toekenning van die Hertzogprys hulle verslag minstens 'n maand voor die Akademie se jaarvergadering moes indien (kyk eindnota 17 op bladsy 521). Die verslag was egter nie betyds gereed nie (FRN en ARN 1948: 1 Julie), en na aanleiding daarvan merk Markus (J.M.H.) Viljoen (1948a:11) in *Die Huisgenoot* van 16 Julie 1948 op dat 'n waarskynlik geregverdigde gevolgtrekking gemaak kon word dat die 1948-Hertzogprys vir Drama nié daardie jaar toegeken sou word nie.

F.C.L. Bosman, die sameroeper en sedert 1948 ook Akademiesekretaris,⁴¹⁸ het eers op 20 September 1948 aan die ander twee lede, G. Dekker (Potchefstroom) en Scholtz (Bloemfontein), 'n ontwerpverslag en aanbevelings gepos, en hulle versoek om so spoedig moontlik 'n mening te lug – as dit kón telegrafies voor 25 September wanneer die Raad vergader (LK 1/4). Nadat die posstuk hulle bereik het, sou die ander twee kommissielede slegs etlike dae gehad het om kommentaar te lewer. Die versoek om dit telegrafies oor te dra, sou verder beteken dat die kommentaar baie bondig moes wees. In die agenda van die 25 September 1948-Fakulteitsraadsvergadering staan dat daar gehoop word om die verslag gereed te hê vir die Raad.

Die voorlopige verslag en aanbevelings oor die 1948-Hertzogprys vir Drama, gedateer 20 September 1948, lyk só:⁴¹⁹

Kommissielede geliewe in die oog te hou dat:

- (1) Geen prys toegeken word aan skrywers wat reeds eenkeer in die bepaalde genre bekroon is nie.⁴²⁰ Om hierdie rede val by voorbaat buite rekening die werk van skrywers soos H.A. Fagan [1935-Hertzogprys] en J.F.W. Grosskopf [1925/1926-onverdeelde toekenning in die dramakategorie – kyk eindnota 33 op bladsy 528], hoewel hulle in die betrokke periode belangrike werk voortgebring het.⁴³ (Die werk van Uys Krige val voor hierdie tydperk).⁴²¹

418 Bosman het I.M. Lombard opgevolg as Akademiesekretaris en die pos beklee vanaf Januarie 1948 tot einde Maart 1958. Vanaf Julie 1950 tot Januarie 1951, gedurende Bosman se afwesigheid, het mnr. C.J. de Coning opgetree as waarnemende Sekretaris (1950/1951-Akademiejaarverslag). (Kyk eindnota 15 op bladsy 520.)

419 Hierdie is nie die oorspronklike verslag nie, maar een wat deur die Akademie oorgetik is. Dit is ook beskikbaar as bylaag D by die Fakulteitsraadnotule van 25 September 1948. Die oorspronklike verslag kon ongelukkig nie opgespoor word nie. Dit word weergegee soos wat dit in die Akademieargief beskikbaar is – in hierdie geval met byvoorbeeld titels wat onderstreep is, en nie gekursiveer nie.

420 Die bepaling het gegeld dat die onverdeelde prys nie meer as eenmaal aan dieselfde persoon in dieselfde afdeling toegeken word nie (kyk bladsy 221).

421 Krige het nie gedurende die tydperk Januarie 1944 tot Desember 1947 nuwe dramas gepubliseer nie.

- (2) Die beoordeling gaan oor die tydperk 1944-'47. Die sluitingsdatum is belangrik. Beteken dit slegs alle dramas wat letterlik verskyn het tot 31 Desember 1947? Indien wel val stukke wat daarna verskyn het weg, al dra sulke stukke ook officieel die stempel 1947. Dit sou bv. die geval wees met Die Swart Engel van Beukes en Drie Dramas van de Klerk [sic], wat hoewel 1947 gedateer aldie in 1948 die lig gesien het (blykbaar opgehou deur die drukkers). Ek laat voorlopig in die midde of sulke werke in rekening geneem word of nie.⁴²²

Dan val daar onder die werke van 1944-'47 wat min of meer literêre verdienstes besit m.i. die volgende te noem:

OORSPRONKLIKE WERK.

- (1) Beukes, G.A. [G.J.]
- (a) Laat die Kerse Brand en ander Eenbedrywe.⁴²³
(Die Winde van u Toorn;⁴²⁴ Oktobernag;⁴²⁵ In my Dae;⁴²⁶ Die Braaiboud;⁴²⁷
Die Hand wat hy Eenmaal geneem het;⁴²⁸ Laat die Kerse Brand!⁴²⁹) 1945.
[Van Schaik]
- (b) Die Ligblou Vaas.⁴³⁰ (In versameling Ses Eenbedrywe,⁴³¹ 1946 [Van Schaik]).
- (c) Die Swart Engel, 1947. Vgl. bl. 1, (2) [Van Schaik]

-
- 422 **Hiermee word weer 'n saak aangeraak wat al in die verlede probleme veroorsaak het, naamlik watter datum in berekening geneem moet word by beoordeling: die amptelike gedrukte datum in die publikasie self, of die datum wanneer die publikasie op die rakke beskikbaar was.** J.R.L. van Bruggen se Julie 1938-drama *Die vooraand* is byvoorbeeld tog in aanmerking geneem, alhoewel die 1938-toekenning se afsnydatum amptelik einde Junie 1938 was (kyk bladsy 174). (Kyk ook eindnota 21 op bladsy 522 en eindnota 43 op bladsy 532.) Hierdie problematiek sou nog etlike kere tydens Hertzogprystoekennings opduik. Met betrekking tot spesifiek Dramatoekennings, kyk die 1952-toekenning (bladsy 256-259), die 1969-toekenning (467-472), die 1994-toekenning (?) en die 1997-toekenning(499).
- 423 Kyk ook die versamelbundel *Kerse teen die wind* (1950) wat vir die 1952-Dramaprys in aanmerking gekom het (1952-Hertzogprysverslag en voetnota 462 op bladsy 260).
- 424 Ook opgeneem in Beukes se *Viertal* (1968) en in *Kortgesprek*, saamgestel en ingelei deur Charles Malan (1978).
- 425 Ook opgeneem in Beukes se *Kerse teen die wind: tien eenbedrywe* (1950) en *Viertal* (1968).
- 426 Ook opgeneem in Beukes se *Kerse teen die wind: tien eenbedrywe* (1950). In 1969 gepubliseer as *Broer wolf en die ooilam*.
- 427 Ook opgeneem in Beukes se *Kerse teen die wind: tien eenbedrywe* (1950) en *Die nôientjie het planne!* (1969).
- 428 Ook opgeneem in Beukes se *Kerse teen die wind: tien eenbedrywe* (1950) en in T.T. Cloete se *Vyfling* (1966).
- 429 Ook opgeneem in Beukes se *Kerse teen die wind: tien eenbedrywe* (1950) en *Skerm en masker* (1964), in T.T. Cloete se *Vyfling* (1966), in *Kortgesprek*, saamgestel en ingelei deur Charles Malan (1978) en in Charles Fryer se *Kollig* (1982).
- 430 Ook opgeneem in Beukes se *Kerse teen die wind: tien eenbedrywe* (1950).
- 431 Hierdie Van Schaik-publikasie, versamel en van 'n inleiding voorsien deur Gerhard J. Beukes, bevat die volgende ses eenbedrywe: *Die vloek* deur J.F.W. Grosskopf, *Die swakkere vat* deur H.A. Fagan, *Die re-unie* deur W.M. de Villiers, *Ontgroening* deur E.A. Venter, *Pilatus* deur W.A. de Klerk en *Die ligblou vaas* deur Gerhard J. Beukes. Al hierdie eenbedrywe, met die uitsondering van *Die swakkere vat* wat reeds in 1945 in Fagan se *Twee blyspele* verskyn het, is vir die eerste maal hier in *Ses eenbedrywe* gepubliseer.

- (2) De Klerk, Helène⁴³² en Andries.

Die Ring en ander Eenbedrywe (Die Verstoteling; Plaas-toe)⁴³³ 1944. [Nasionale Pers]

- (3) De Klerk, W.A.

(a) Drie Vroue, 'n Trilogie van Spele (Die Jammer Hart;⁴³⁴ Die Volmaakte Huwelik;⁴³⁵ Ontvlugting), 1945. [Nasionale Pers]

(b) Pilatus, 'n Eenbedryf.⁴³⁶ (In die versameling Ses Eenbedrywe deur G.A. [G.J.] Beukes) 1946. [Van Schaik]

(c) Drie Dramas (Die Verterende Vuur; Nag het die Wind Gebring; Hellersee). 1947. Vgl. bl. 1, (2). [Nasionale Pers]

- (4) De Villiers, W.M.

Die Re-Unie; 'n Eenbedryf. (In versameling Ses Eenbedrywe deur G.A. [G.J.] Beukes [1946 – Van Schaik]).

- (5) Eyssen, Stephen

Bybelkantate, 1944.⁴³⁷

- (6) Malherbe, D.F.

(a) Moeder en Seun, Bybelse Treurspel. 1945. [Nasionale Pers]

- (7) Venter, E.A.

(a) Ontgroening, 'n Eenbedryf. (In versameling Ses Eenbedrywe deur G.A. [G.J.] Beukes [1946 – Van Schaik]).

(b) Martin Luther. Toneelstuk in 5 Bedrywe, 1947. [Transvaalse Uitgewersmaatskappy]

VERTAALDE WERK.

- (8) Coertze, L.I.

Hamlet, Prins van Denemarke, deur William Shakespeare 1945.

432 Deur die jare is haar naam ook aangedui as Helène Pienaar De Klerk, Helène Pienaar-De Klerk, Helene de Klerk en Helena de Klerk.

433 *Die ring* is in 1959 onder die naam (Helène Pienaar) de Klerk gepubliseer in Gerhard J. Beukes se *Kom ons speel toneel!* (kyk voetnota 596 op bladsy 404), en in 1982 onder (Helène) Pienaar-de Klerk in Beukes se *Skuif oop die gordyn!*

434 Ook opgeneem in Beukes se *Skerm en masker* (1964), T.T. Cloete se *Vyfling* (1966), W.P. Steenkamp se *Bo die kranse en ander eenbedrywe* (1974) en in Beukes se *Spel en spelers* (1988).

435 Ook opgeneem in J.B. Vermaak se *Voort met die spel: 'n eenbedryfkeur* (1990).

436 Ook opgeneem in Beukes se *Uitgesoekte eenbedrywe* (1948) en *Uur van die waarheid* (1969).

437 Weens die aard van die werk sou dit nie in aanmerking kon kom vir die Hertzogprys nie.

(9) Haarhoff, T.J.

Die Antieke Drama (Aeschylus se Agamemnon; Sophocles se Antigone; Euripides se Troades). 1946.

(10) Malherbe, D.F.

Wilhelm Tell van Schuller [Schiller]. 1944.

(11) Ross, J.A.

Hippolytos van Euripides, 1940. Nederland. In Suid-Afrika aangekom 1945. Vgl. bl. 1, (2).

(12) Van Rensburg, J.P.J.

Die Vroue van Troje deur Euripides. 1945.

Dit lyk my die persone wat hier in aanmerking kom vir die Hertzogprys is: G.A. [G.J.] Beukes, W.A. de Klerk en J.P.J. van Rensburg. Beukes het met sy eenbedrywe, veral die Bybelstukke Laat die Kerse Brand, Die Hand wat hy Eenmaal geneem het, feitlik volmaakte werkies voortgebring. 'n Uitstekende blyspelletjie is ook In my Dae. In hierdie stukke toon hy hom 'n meester in keuse van situasie, dramatiese styging, vorsende karakteruitbeelding, openbare dialoog, diepere lewensinsig. Uit laasgenoemde veral vloei voort die onverwagte wending, die verrassende, byna oorweldigende oplossing van Beukes se stukke. Hy is 'n meester in ekonomie (of konsentrasie) van skouing en voorstelling, en skepping en behoud van spanning tot die aangrypende ontlading van die vreemdskokkende ontknoping.

W.A. de Klerk se eenbedrywe is ook aangrypend van onderwerp, sterk van probleemstelling, kragtig van taal. Maar hy is nie so 'n meester van bou, so oortuigend van karakterbeelding en so eg van dialoog soos Beukes nie. Hier sonder ek Pilatus uit wat as Bybelse eenbedryf miskien gelyk is aan Beukes se werk.

Ek sou dan ook nie de Klerk wil stel naas Beukes vir die Hertzogprys nie, tensy ons sy Drie Dramas byreken nie. In hierdie grotere werk oortref hy Beukes in sy grotere werk soos Die Swart Engel. Hierin stel de Klerk belangrike probleme en bereik belangrike oplossings. Sy kyk op mense en sy dialoog vind ek egter nog meermale onoortuigend en sy bou, veral wat situasietekening en konsentrasie van voorstelling betref, soms los en ongelyk. Tog is dit werk van belowende krag en diepte.

Ons sou dit so kan stel: Die doeke waarop Beukes sover gewerk het is klein, maar besonder suiwer en sterk; die doeke, waarop de Klerk gewerk het is vir die helfte groter en belangriker as die van Beukes, maar minder suiwer en sterk.

By van Rensburg staan ons voor een van die beste vertalings in ons dramatiese letterkunde. D.F. Malherbe en Haarhoff se vertalings sou ons verdienstelik miskien selfs besonder verdienstelik kan noem. Coertze se vertaling is m.i. minder as middelmatig. Ross se Hippolytos is daarenteen weer 'n uitnemende stuk werk selfs baie na in verdienste aan die van van Rensburg. Maar in digterlike toon en beeldende taal kan ek dit nie gelykstel aan die vertaling van van Rensburg nie. Van Rensburg se werk is waarlik 'n herskepping; Ross se werk bly 'n uitnemende vertaling. Al wat Ross se werk op die van van Rensburg voor het is dat hy die oorspronklike metrum behou. Daarenteen het van Rensburg se vertaling 'n ritmiese werking wat 'n mens geen oomblik die gevoel van bloot prosa gee nie. Deur toon, ritme en beeldende taal behou dit die krag van verskuns. Ons staan m.i. voor drie keuses:

- (1) Hertzogprys aan Beukes vir sy eenbedrywe, veral Bybelstukke.
- (2) Hertzogprys verdeel tussen Beukes en de Klerk, as ons by laasgenoemde sy eenbedrywe en drie dramas in aanmerking neem.
- (3) Hertzogprys aan van Rensburg vir sy vertaling van Die Vroue van Troje.

Persoonlik sou ek van Rensburg No. 1 stel. Sy werk is sodanig byna volmaak en miskien 'n belangriker opgaaf as enige opgaaf wat Beukes hom sover gestel het. Verder sou die bekroning van 'n vertaalde stuk baie aanmoediging verleen aan vertaling van dramas van internasionale gehalte waaraan ons Afrikaanse toneel soveel behoefte het, veral nou met die koms van die Staatstoneel. Van Rensburg se werk sou 'n standaard stel waarop die Akademie trots kan wees.

As No. 2 sou ek Beukes stel. 'n Bekroning van sy beste eenbedrywe sou m.i. verdiend wees en ook 'n hoë standaard stel op 'n gebied wat teenswoordig baie belangstelling geniet en op die verhoog steeds meer beoefening ondervind. Die vraag is alleen of sy werk van voldoende omvang is om bekroon te word.

No. 3 sou wees 'n verdeling van die prys tussen Beukes en de Klerk. Hiervoor voel ek persoonlik die minste voor. [sic]

In geval kommissielede tog reken dat geeneen van die voorgestelde persone (met genoemde werke) bekroning verdien nie, sou hulle geregtig wees om buite die gestelde tydperk te gaan vir aanwysing van bekroon – baie werke.

In die geval sou ek eerstens prof. D.F. Malherbe in oorweging wil gee vir sy gesamentlike dramatiese oeuve, insonderheid vir Die Blom van Orleans 1922, (later omgewerk tot Drakenstein, 1943); Die Seeman, 1933;⁴³⁸ Amrath die Tollenaar, 1935; Die Siel van Suid-Afrika, 1938; Demetrios (in Die Meul Dreun ens.), 1943; Moeder en Seun, 1945.

Tweedens sou ek Uys Krige wil noem vir sy Magdalena Retief, 1938 en Die Wit Muur en ander Eenbedrywe (Die Skaapwagters van Bethlehem, Die Arrestasie), 1940. Hierdie werk is deurgaans van hoë standaard maar moontlik nog nie omvangrik [sic] genoeg nie om oortuigend te wees vir bekroning nie [sic].

Uit hierdie voorlopige verslag blyk dit dus dat, indien die vertaling buite rekening gelaat sou word, Bosman se eerste keuse 'n Hertzogprys aan Beukes sou wees vir sy ses eenbedrywe, veral die Bybelstukke. By Bosman was daar nie twyfel oor die standaard daarvan nie, maar was die vraag alleen of Beukes se werk omvangryk genoeg was om bekroon te word – dieselfde argument as wat in die 1941-verslag aangevoer is met betrekking tot Krige se werk (kyk bladsy 194).

Bosman se volgende keuse was 'n verdeling van die Hertzogprys tussen Beukes en De Klerk, slegs as by laasgenoemde sy *Drie dramas*, wat ná die afsnydatum gepubliseer is, in aanmerking

438 *Die seeman* is 'n verwerking van Malherbe se roman *Hans-die-Skipper* (1929) (kyk by “Drama-verwerkings” in eindnota 3 op bladsy 513-514).

geneem word. 'n Tegnieuse kwessie, naamlik die afsnydatum, kon dus 'n verskil maak tussen 'n moontlike bekroning of nié.

Indien kommissielede volgens die 1942/1943-besluit buite die bepaalde tydperk wou gaan om 'n bekroning vir 'n drama-oeuvre te maak, het Bosman die werk van D.F. Malherbe gestel bó dié van Uys Krige.

Bosman en Scholtz het waarskynlik mondeling gekommunikeer, want in 'n handgeskrewe nota wat getelegrafeer moes word aan G. Dekker wat hom in Durban bevind het, gedateer 24 September 1948, merk Bosman op dat hy en Scholtz saamstem dat geen Hertzogprys in daardie stadium aan Beukes en De Klerk gegee word nie, en dat Van Rensburg wel 'n prys verdien, maar dat dit, soos Scholtz verkies, buite die kader van die Hertzogprys val. 'n Prinsipiële punt was of herskepping gelyk gestel kon word met oorspronklike skepping (LK 1/4).

Uit hierdie telegram aan Dekker kan afgelei word dat Scholtz nié Bosman se oortuiging soos te kenne gegee in die voorlopige verslag, gedeel het nie, naamlik dat 'n bekroning van Beukes se beste eenbedrywe “verdiend” sou wees, en dat slegs onsekerheid bestaan het of sy werk van voldoende omvang was om bekroon te word.

Die opsie om die prys tussen Beukes en De Klerk te verdeel, was volgens die voorlopige verslag vir Bosman die minste aanvaarbaar, en volgens die telegram was dit nie in dáárdie stadium wenslik nie.

Op 25 September 1948 telegrafeer Dekker egter uit Durban aan Bosman dat geen prys aan Beukes of De Klerk toegeken moet word nie, en stel voor dat Van Rensburg eervolle vermelding kry. Verder beveel hy aan dat die Akademiesraad moet besluit oor 'n “spesiale prys” vir Van Rensburg buite die kader van die Hertzogprys – 'n aanbeveling wat ooreengekom het met Scholtz se opvatting in verband hiermee. (LK 1/4.) Dekker se mening onderskryf sy vroeë skriftelike uitspraak as lid van die Breë Kommissie vir die 1941-Hertzogprys vir Drama, naamlik dat die Hertzogprys nié toegeken behoort te word as daar enige twyfel bestaan oor die verdienstelikheid van die werk nie (kyk bladsy 196). Vertaalde werk buite rekening gelaat, behels G. Dekker se weiering dat Beukes en De Klerk die Hertzogprys ontvang, per implikasie ook 'n verwerping van Bosman se eerste én tweede keuse vir bekroning.

Na aanleiding van die voorlopige verslag en aanbevelings vir die 1948- Hertzogprys vir Drama, asook Scholtz en Dekker se menings, stel Bosman die aanbevelingsverslag getiteld “Hertzogprys

in Drama, 1944-1947” op waarin die “keurkomitee⁴³⁹ soos volg aanbeveel by die Raad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns” (FRN 1948: 25 September – bylaag D):

- (1) Geen prys word toegeken vir die tydperk 1944-'47 nie, al erken die keurkomitee graag die besondere verdienstes van G.A. [G.J.] Beukes en W.A. de Klerk.⁴⁴⁰ Die komitee meen egter dat hierdie werk nog nie die graad van belangrikheid of ryping bereik het wat bekroning verdien nie.⁴⁴¹
- (2) Geen prys word toegeken vir die tydperk voorafgaande aan 1947 [1944] nie. Hierdie besluite geld oorspronklike werk.

Die komitee het na aanleiding van die [voorlopige] verslag, ook die vraagstuk van vertaalde werk in ernstige studie geneem. Die komitee het hom die vraag gestel of (1) Vertaalde werk gereken kan word as vallende onder die bepaling van die Hertzogprys; (2) indien wel, of, prinsipiëel [sic] beskou, ’n vertaalde werk (’n herskepping) gelyk gestel kan word aan ’n oorspronklike werk (’n skepping de novo).

Oor punt (2) was die komitee dit nie eens nie. Terselfdertyd het die komitee gevoel dat hierdie punt alleen aktueel word indien die Raad onder punt (1) besluit dat vertaalde werke wel gereken kan word as vallende onder die bepaling van die Hertzogprys.

Die Raad sal gevra word om oor punt (1) te besluit.

Besluit die Raad dat vertaalde werke onder die bepaling van die Hertzogprys val, sal die komitee andermaal wil oorweeg of hy Die Vroue van Troje van dr. van Rensburg wil aanbeveel vir die Hertzogprys. Besluit die Raad dat vertaalde werke nie onder die bepaling van die Hertzogprys val nie, wil die keurkomitee hiermee ’n spesiale Akademieprys vir die werk van van Rensburg aanbeveel.

Tydens die Fakulteitraadsvergadering die oggend van 25 September 1948 het Bosman, sameroeper van die Letterkundige Kommissie, die aanbevelingsverslag persoonlik voorgelê en die volgende is genotuleer:

Hy, dr. G. Dekker en prof. H. van der M. Scholtz stem saam dat die werk van W.A. de Klerk en Gerh. A. [sic] Beukes die belowendste is uit hierdie tydperk maar nog nie die

439 Anders as in die voorlopige verslag, gebruik Bosman nie in hier die aanbevelingsverslag die gebruikelike woord “kommissie” nie, maar “komitee”. By punt 10 van die inligtingstuk wat hy die volgende maand oor die Hertzogprystoekenningsprosedure opgestel het (kyk bladsy 254), meld hy dat die deskundiges wat moes leiding gee met betrekking tot die Hertzogprys, bekend sou staan as die “letterkundige keurkomitee”. Die woord “kommissie” en “komitee” is egter dikwels daarna afgewissel – ook deur Bosman self. Dit word ook in hierdie proefskrif afwisselend gebruik soos bepaal deur die gebruik daarvan in die bronne self. Eers met die grootskaalse reorganisasie van die Akademie in 1968/1969 is daar ’n Kommissie vir Letterkunde ingestel wat die kleiner komitee vervang het.

440 Hierdie mening is waarskynlik dié van Bosman, en veral nie dié van G. Dekker nie.

441 Volgens die voorlopige verslag was die vraag alleen of Beukes se werk van voldoende ómvang was om bekroon te word.

waardegraad van bekroning bereik het nie.⁴⁴² Hierdie werk is alles oorspronklike werk. Daarenteen, is prof. Scholtz en dr. Bosman gewillig om die werk van J.P.J. van Rensburg: *Die Vroue van Troje*, 'n vertaling van Euripides, desnoods te bekroon met die Hertzogprys, maar dr. Dekker twyfel nog.⁴⁴³ Dr. Scholtz stel verder die prinsipiële vraag: Kan 'n vertaling gelykop bekroon word met 'n oorspronklike werk, d.w.s. 'n herskepping met 'n skepping de novo?

In sy hoedanigheid as Sekretaris het Bosman die Raad vervolgens gevra om oor die volgende te beslis:

- 1) Kan 'n vertaling gereken word as inbegrepe onder die bepalinge van die Hertzogprys aangesien die skenkingsakte slegs melding maak van die beste belletristiese werk in Afrikaans.
- 2) Indien wel, sou die Letterkundige Keurkommissie weer die saak wou oorweeg of hulle *Die Vroue van Troje* vir die Hertzogprys wou aanbeveel.
- 3) **Indien nie, sou hulle wou aanbeveel dat 'n spesiale Akademieprys vir Vertaalde Werk aan Van Rensburg toegeken word.**

Die saak is druk bespreek. D.F. Malherbe verklaar dat hy persoonlike kennis dra van die geskiedenis van die Hertzogskenking en -prys, en dat dit nie in die bedoeling van die Hertzogbemaking gelê het om vertalings te bekroon nie – slegs oorspronklike belletristiese werk.

Die Fakulteitsraad het eenparig besluit om die volgende by die Akademieraad aan te beveel (FRN 1948: 25 September):

- Die bewoording van die Hertzog-bemaking moet só vertolk word dat **slegs oorspronklike Afrikaanse werk** vir bekroning in aanmerking kom.
- 'n **Spesiale Akademieprys** van £25 **vir vertalings** in die verskillende afdelings (poësie, drama, verhalende prosa, kritiese prosa) **word ingestel**, parallel met hierdie afdelings en beoordeel deur dieselfde Keurkommissies.
- Indien die Raad bogenoemde aanbevelings aanvaar, word die prys in 1948 aan dr. J.P.J. van Rensburg toegeken vir sy vertaling van Euripides se *Vroue van Troje*.

Na toeligting deur die Sekretaris het die Akademieraad die middag van 25 September 1948 die drie aanbevelings van die Fakulteitsraad goedgekeur (ARN 1948: 25 September). **Daar was dus**

442 Geen skriftelike bewys kon gevind word dat hierdie ook Dekker se mening was nie. Die moontlikheid bestaan dat hy so 'n mening telefonies kon oorgedra het.

443 Bosman was bereid om *Die Vroue van Troje* te bekroon met die Hertzogprys, maar Scholtz wou dit buite die reikwydte van die Hertzogprys hê en Dekker het voorgestel dat Van Rensburg eervolle vermelding kry en verder aanbeveel dat die Akademieraad moes besluit oor 'n "spesiale prys" vir Van Rensburg buite die kader van die Hertzogprys. Tydens hierdie Fakulteitsvergadering sê Bosman nou dat hy én Scholtz bereid is om *Die Vroue van Troje* met die Hertzogprys te bekroon, maar dat net Dekker nog twyfel.

'n besluit oor die instel en eerste toekenning van 'n Akademieprys vir Vertaalde Werk⁴⁴⁴ (kyk ook eindnota 3 op bladsy 514), maar geen amptelike Akademierraadsbesluit oor die nioetoekeuning van die Hertzogprys nie.

Alhoewel Bosman die aanbevelingsverslag oor die 1948-Hertzogprys vir Drama tydens die 25 September-Fakulteiiraadsvergadering voorgelê en toegelig het, is dit eers amptelik deur hom onderteken op 26 September 1948. Hy het dit, asook die bevindinge van die Akademierraad, per brief aan Scholtz bekend gemaak. Hy merk op dat die Akademiepryse vir Vertaalde Werk verder gaan as hulle bedoeling, maar dat dit vir hom “goed en gewens” lyk. (LK 1/4: 28 September 1948.) Scholtz is versoek om die Keurkomitee se aanbevelingsverslag te onderteken en dadelik terug te stuur. Namens Bosman is dieselfde versoek aan Dekker gerig (LK 1/4: 7 Oktober 1948). Scholtz en Dekker het die verslag op onderskeidelik 5 en 11 Oktober 1948 onderteken. **Eers in die agenda vir die 5 Februarie 1949-Fakulteiiraadnotule**, onder sake wat voortvloei uit die 25 September 1948-Fakulteiiraadnotule, **word spesifiek gesê dat daar vir 1948 geen Hertzogprys vir Drama toegeken is nie.**

Bosman het in sy voorlopige Hertzogprysverslag gesê dat Beukes met sy eenbedrywe, veral die Bybelstukke *Laat die kerse brand!* en *Die hand wat Hy eenmaal geneem het*, “feitlik volmaakte werkies” voortgebring het, dat hy 'n “meester van bou, ... oortuigend van karakterbeelding en ... eg van dialoog” was, en dat die vraag slegs was of Beukes se werk van “voldoende omvang” was om bekroon te word. In die aanbevelingsverslag, ook opgestel deur Bosman, word getwyfel of die werk “die graad van belangrikheid of ryping bereik het wat bekroning verdien”, en tydens die 25 September 1948-Fakulteiiraadsvergadering het Bosman as sameroeper van die Letterkundige Kommissie die verslag persoonlik voorgelê en gesê dat dit nog nie die “waardegraad van bekroning” bereik het nie. Waar by Bosman aanvanklik net twyfel bestaan het oor die ómvang van Beukes se werk, ontvang die onsekerheid oor die belangrikheidsgraad, rypheid en waarde daarvan later klem.

In sy voorlopige verslag het Bosman self Beukes se werk hoër geag as dié van De Klerk, maar in alle verwysings daarna is hierdie twee dramaturge op gelyke vlak gestel. Uit die telegram aan Dekker, die aanbevelingsverslag en Bosman se persoonlike opmerking tydens 25 September 1948-Fakulteiiraadsvergadering, blyk dit dat die bekroning van Beukes en De Klerk net nie tóé al wenslik was nie aangesien die werk “nog nie” bekroningswaardig geag is nie. 'n Moontlike bekroning is implisiet in die vooruitsig gestel.

444 Die Kaaplandse Werkgemeenskap het die eerste Akademieprys vir Vertaalde Werk op 26 Maart 1948 in Stellenbosch aan Van Rensburg oorhandig (FRN 1949: 5 Februarie; FRA 1949: 22 April).

Bosman het die werk van D.F. Malherbe gestel bó dié van Uys Krige indien 'n bekroning vir 'n drama-oeuvre gemaak sou word. Sonder inagneming van ánder kritiek, en deur slegs die tersaaklike Hertzogprysverslae tot op daardie tydstip in berekening te bring, blyk Bosman se voorkeur vir Malherbe se werk bo dié van Krige, onverstaanbaar:

- In die voorlopige verslag merk Bosman op dat, indien kommissieleden buite die gestelde tydperk wou gaan vir 'n bekroning, hy eerstens Malherbe in oorweging wou gee vir sy gesamentlike dramatiese oeuvre. Dan sonder hy ses werke uit, waarvan drie nie in aanmerking sou kom vir die Hertzogprys nie, naamlik *Die Blom van Orleans* (1922), later omgewerk tot *Drakenstein* (1943), en *Die Siel van Suid-Afrika* (sangspele), asook *Die seeman*, 'n verwerking van Malherbe se roman *Hans-die-Skipper* (kyk by “Dramaverwerkings” in eindnota 3 op bladsy 513-514). Die oorblywende drie werke wat uitgesonder word, is
 - ▶ *Amrach die Tollenaar* wat in die 1935-Hertzogprysverslag beskryf is as Malherbe se beste drama naas *Meester* (kyk bladsy 149), maar nie kon kers vashou by Fagan se bekroonde werk nie);
 - ▶ *Demetrios*, wat saam met *Dala* en *Die aandblom van Witsenberg* opgeneem is in *Die Meul Dreun*⁴⁴⁵ en waaroor daar in die 1944-verslag staan dat Malherbe se werk “in die algemeen 'n opvallende gebrek toon aan dinamiese ontwikkelingskrag d.w.s. die vermoë om sy handeling in stygende lyn tot 'n intense hoogtepunt op te voer” (kyk bladsy 229), en
 - ▶ *Moeder en Seun* (1945), die enigste drama wat nuut was vir die 1948-bekroningsperiode, maar waaroor nie uitgebrei word in die verslag nie (kyk bladsy 246).⁴⁴⁶

Niks word gesê van Malherbe se ander werke wat tot in daardie stadium gepubliseer is nie, naamlik *Koringboere* (1921), *Meester* (1927),⁴⁴⁷ *Op die trekpad* (1931) (nie in 1932 bekroningswaardig geag nie – kyk bladsy 137), *Dala* en *Die aandblom van Witsenberg* (1943).

- Bosman het Uys Krige se werk in die tweede plek gestel (kyk bladsy 246), en dan die dramas genoem wat Krige tot op daardie tydstip gepubliseer het, naamlik *Magdalena Retief* (1938) en die eenbedrywe *Die wit muur*, *Die skaapwagters van Bethlehem* en *Die arrestasie* (1940). Hierdie werke was sterk aanspraakmakers vir die 1941-Hertzogprys, is hoog aangeslaan in daardie verslag waarvan Bosman mede-ondertekenaar was (kyk bladsy 193-194), en word

445 *Die meul dreun* self, asook *Die mense van Groenkloof* (1925) sou nie in aanmerking kon kom nie aangesien dit toneelverwerkings is van Malherbe se romans *Die meulenaar* en *Oupa en sy kleindogters* onderskeidelik.

446 Kyk Bosman se kritiek op Malherbe in die 1960-Hertzogprysverslag (bladsy 317).

447 Kyk kritiek daarteen op bladsy 132.

in hierdie 1948 voorlopige verslag getipeer as “deurgaans van hoë standaard”. Uit die Hertzogprysverslae self blyk dit dat Krige se werk van ’n hoër standaard was as dié van Malherbe.

Daar is erg gesloer met die besluit rondom die 1948-Hertzogprystoekenning vir Drama, gesien in die lig daarvan dat:

- die samestelling van die Letterkundige Kommissie reeds teen die eerste helfte van 1947 gefinaliseer was;
- Bosman as sameroeper sedert Januarie 1948 ook Akademiesekretaris was en deurentyd op hoogte kon wees van die administratiewe stand van sake, en
- daar tydens die 1 Mei 1948-Akademieraadsvergadering in die vooruitsig gestel is dat die Kommissie sy verslag sou opstel en onder Fakulteitsraadslede sou sirkuleer sodat die prys tydens die jaarvergadering in Julie 1948 oorhandig kon word indien daar ’n toekenning sou wees.

Bosman het eers op 20 September 1948 aan die ander twee kommissielede sy voorlopige verslag en aanbevelings geos, en hulle het die finale verslag eers in Oktober 1948 onderteken.⁴⁴⁸ Die hele administratiewe proses rondom die 1948-Hertzogprystoekenning was dus onbevredigend, veral die toegewings wat afsnydatumgewys gemaak is, die gedraal met die verslag, die tydsdruk waaronder Bosman mede-kommissielede geplaas het om kommentaar – boonop beperk – te lewer, asook die versnelling van die gewone prosedure deurdat Bosman persoonlik voorleggings aan die Fakulteits- en Akademieraad gemaak het sonder dat die aanbevelingsverslag saam met die agendas uitgestuur is.

As gevolg van hierdie onbevredigende proses, asook die fokus op die wenslikheid al dan nie van ’n Hertzogprystoekenning aan ’n vertaalde werk, is punt twee van die aanbevelingsverslag (kyk bladsy 248) nie eers bespreek nie, naamlik die moontlikheid om buite die tersaaklike tydperk te gaan vir ’n bekroning. Sodoende het ’n moontlike bekroning van Krige nie eers ter sprake gekom nie, alhoewel dit onwaarskynlik was dat hy bekroon sou word vir dieselfde werke wat:

- vir die 1941-Dramatoekenning met ses stemme teen vier nié bekroon is nie, alhoewel net tien van die Breë Kommissie se vyftien lede gestem het (kyk voetnota 345 op bladsy 196, die

448 Interessant genoeg was hierdie drie Letterkundige Kommissielede, Bosman, Scholtz en G. Dekker, dieselfde persone wat al in 1943 aangewys is as die Akademie se Toneelkommissie, met Bosman as sameroeper (FRN 1943: 26 Februarie). As toneelkommissielede was hulle werksaam tot die benoeming van ’n nuwe Kommissie tydens die 20 September 1948-Fakultetraadsvergadering. Veral Bosman was aktief daarby betrokke, onder andere met die algemene bevordering van die Afrikaanse toneel, en die invloed wat die instelling van die Staatstoneel in 1948 daarop gehad het. Moontlik het Bosman meer aandag gegee aan die Toneelkommissie as aan die Hertzogprys. Interessant dat Bosman in sy voorlopige verslag oor die 1948-Hertzogprys vir Drama ’n moontlike bekroning van Beukes se beste eenbedrywe voorstel, en byvoeg dat dit “ook ’n hoë standaard stel op ’n gebied wat teenswoordig baie belangstelling geniet en op die verhoog steeds meer beoefening ondervind” – kommentaar wat nie net die toneelteks insluit nie, maar ook die opvoering daarvan. In die verslag oor en polemieë rondom die 1952-Hertzogprys vir Drama, was dit ook opmerklik dat Bosman in sy waardering van stukke klem lê op die suksesvolle opvoerbaarheid van dramas.

1941-Hertzogprysverslag op bladsy 192-194 en die Breë Kommissie se mening oor hierdie Krige-dramas op bladsy 195-196);

- ook nié, volgens die nuwe 1942-oeuvremaatreël, in 1944 sterker kon opweeg teen Leipoldt se werk nie (kyk bladsy 232).

Benewens die dramas van Grosskopf en Fagan wat, weens die bepaling dat 'n skrywer nie meer as een keer die onverdeelde prys in dieselfde afdeling kon ontvang nie, buite beskouing gelaat is, verskyn die name van die volgende werke ook nie in die verslag nie:

1945-dramas:

Steyn, Fritz.

Ons bou 'n stad (Unie-Boekhandel)

1947-dramas:

Botha, Lorraine.

Die keuse (Nasionale Pers)

Meij-Louw, Trienie.

Die grootste geskenk (CUM)
Haar grootste offer (CUM)
Verlore (CUM).

5.2.3 DIE 1952-HERTZOGPRYS VIR DRAMA

5.2.3.1 Vooraf

F.C.L. Bosman het 'n **samevatting van reëls en besluite van die Fakulteitsraad in verband met die Hertzogprys** en die nuwe Prys vir Vertaalde Werk soos dit **sedert 1946** vorm aangeneem het, opgestel as **inligtingstuk vir die gebruik deur Keurkommissies en raadslede**. In Oktober 1948 het Bosman vir I.M. Lombard, die vorige Akademiesekretaris, skriftelik gevra om die inligtingstuk deur te gaan vir moontlike aanvullings of verbeterings. Bosman het gemeen dit was 'n juiste en presiese weergawe van die prosedure soos dit tot op daardie tydstip bestaan het, maar wou Lombard se mening hoor voor hy dit uitstuur. Lombard het dit goedgekeur. (LK 1/4: 21 Oktober 1948; FRA 1949: 5 Februarie.) **Die inligtingstuk sien soos volg daar uit** (ook te vind as FRA en FRN 1949: 5 Februarie – bylaag E):

PROSEDURE BY TOEKENNING VAN DIE HERTZOGPRYS EN DIE
AKADEMIEPRYS VIR VERTAALDE WERKE, VERAL SOOS BEPAAL OP
DIE RAADSVERGADERINGS VAN DIE FAKULTEIT VIR TAAL, LETTERE
EN KUNS VAN 20/9/46 EN 25/9/48.

1. Die waarde van hierdie twee pryse bedra £50 en £25 resp.
2. Die pryse word alleen toegeken vir werk van die hoogste gehalte. By onvoldoende gehalte word geen toekenning gedoen nie.
3. Toekennings vir die twee pryse geskied parallel, altans indien vir albei pryse bekroonbare werke aangewys word.
4. Die Hertzogprys is uitsluitend bedoel vir oorspronklike belletristiese [sic] werk in Afrikaans, die Akademieprys vir vertaalde belletristiese werke in Afrikaans.
5. Bekronings, indien die werk van voldoende gehalte geag word, geskied jaarliks en wel vir een van die volgende afdelings:
 - (a) Poësie.
 - (b) Drama.
 - (c) Verhalende prosa (roman, novelle, kortverhaal, reisbeskrywing).
 - (d) Kritiese prosa en essay.
6. Alleen een van hierdie afdelings kom jaarliks in aanmerking en in die volgorde soos hierbo aangegee.
7. Bekronings vir iedere afdeling gaan oor tydperke van vier jaar en wel vir die vier kalenderjare onmiddellik voorafgaande aan die jaar waarin die bekroning plaasvind.
8. Indien daar vir die betrokke tydperk en die betrokke afdeling geen werk of werke bekroning waardig geag word nie, kan bekroning geskied ten opsigte van 'n skrywer wat nog nie die prys ontvang het nie, maar wie se produksie in die betrokke afdeling, afgesien van die tydperk onder beskouing, genoegsame verdienste besit om 'n toekenning te regverdig.
9. Die onverdeelde prys word nie meer as eenmaal aan dieselfde persoon in dieselfde afdeling toegeken nie.
10. Vir sy leiding, by elke afdeling van die letterkunde soos dit aan die beurt kom, benoem die Raad jaarliks 'n ad hoc-komitee, bestaande uit drie deskundiges op die besondere gebied. Die komitee sal bekend staan as die letterkundige keur-komitee, en sal, met inagneming van bogenoemde reëls van prosedure, die Raad met gemotiveerde advies bedien insake die voorgestelde bekroning. Van die keurkomitee word verwag om:
 - (a) By voorkeur een skrywer, maar hoogstens drie skrywers, aan te beveel, wie se werk die komitee verdienstelik genoeg ag om in aanmerking te kom vir die bedoelde pryse. Ingeval die keurkomitee meer as een persoon se naam noem, staan dit hom vry om rangorde van verdienste aan te dui;
 - (b) Aanbevelings vir verdeling van pryse soveel moontlik te vermy.
11. As praktiese leidraad vir keurkomitees beveel die Raad aan dat elke keurkomitee in die eerste plek 'n lys opstel van werke in die betrokke afdeling oor die betrokke tydperk. Na die komitee vir homself min of meer vasgestel het watter werke binne die kader van die bekroningstandaard val, kan die komitee,

indien gewens, deur middel van die Akademiesekretariaat, uitgewers nader vir eksemplare van die besondere werke vir verdere studie en oorweging deur die komitee.⁴⁴⁹

12. (a) Indien die keurkomitee meer as een skrywer aanbeveel, ditsy eenstemmig of deur meerderheids- en minderheidsaanbeveling, benoem die Raad 'n breë kommissie van tien lede, aan wie die name van die betrokke skrywer en werke voorgelê sal word, ewenwel sonder kommentaar en sonder om die bevindinge van die letterkundige keurkomitee te vermeld. (Lede van die Raad is nie benoembaar op die kommissie nie).
- (b) Elke lid van die Breë Kommissie sal versoek word om sy stem skriftelik uit te bring vir die skrywer(s) wie se werk hy bekroning werd ag, by voorkeur met motivering.
- (c) Die Raad oorweeg vervolgens die uitgebragte stemme van die Breë Kommissie saam met die verslag van die letterkundige keurkomitee en ken die prys toe al dan nie.

Die 1939-Akademieraadsbesluit (kyk voetnota 327 op bladsy 190) verskil in drie opsigte van punt 10 in hierdie Bosman-inligtingstuk:

- voorheen moes die aanstelling van die Letterkundige Kommissie twee of drie jaar vooruit geskied ten einde kommissielede genoeg tyd te gee om al die werke krities te lees, maar nou word gesê dat die Raad jaarliks 'n Komitee aanwys by elke afdeling van die letterkunde soos dit aan die beurt kom;⁴⁵⁰
- die deskundiges is voorheen die “Letterkundige Kommissie” genoem, maar nou word verwys na 'n ad hoc-komitee genaamd “letterkundige keurkomitee”;
- die aantal deskundiges word nou vir die eerste keer spesifiek vasgestel op drie.

5.2.3.2 1952-Hertzogprys vir Drama

In die geval van die 1941-, 1944- en 1948-Dramatoekenningsjare is die benoeming van die Letterkundige Kommissie wel betyds gedoen (kyk onderskeidelik bladsy 190, 225 en 241). Die Letterkundige Kommissie vir die 1952-Hertzogprys is egter eers in September 1951 benoem: dr. F.C.L. Bosman (sameroeper), proff. dr. H. v.d.M. Scholtz en M.S.B. Kritzinger met prof. B. Kok as algemene sekondus (FRN 1951: 24 September). Aangesien Bosman ook die Akademiesekretaris was, het De Coning, die Assistent-sekretaris, die persone skriftelik van hulle benoeming in kennis gestel en meegedeel dat, indien hulle dit nie teen 20 Oktober 1951 bedank

449 Later is die bewoording verander na “gratis” eksemplare (FRN 1949:5 Februarie), maar in nóg latere, effens gewysigde inligtingstukke, kom die woord “gratis” nie voor nie.

450 Daar is in 1954 wyslik teruggekeer na die vroegtydige aanwys van Keurkommissies (kyk eindnota 54 op bladsy 538).

nie, die Raad sou aanneem dat die benoeming hulle welgeval (LK 1/4: 9 Oktober 1951).⁴⁵¹ Die Hertzogprysverslag is deur hierdie drie persone onderteken. Die Kommissie het bestaan uit dieselfde persone as dié wat die 1948-Dramaprys beoordeel het, met die uitsondering van Kritzinger wat vir G. Dekker vervang het. Bosman was weer die sameroeper. Sedert die 1941-Dramatoekenning het F.C.L. Bosman en H. v.d.M. Scholtz vir elke Dramatoekenning (1941, 1944, 1948 en nou 1952) in die Kommissie gedien.

Aanvanklik kon dramas wat gepubliseer is vanaf Januarie 1948 tot Desember 1951 vir die 1952-Hertzogprys in aanmerking kom (LK 1/4: 9 Oktober 1951 – briewe aan kommissielede). G.T. Minnaar, hoof van Nasionale Boekhandel se uitgewersafdeling, wou in September 1951 skriftelik weet wanneer die afdeling drama weer aan die beurt kom vir die Hertzogprys (LK 1/4: 12 September 1951). Gedurende F.C.L. Bosman, die Akademiesekretaris, se afwesigheid vanaf Julie 1950 tot Januarie 1951, het mnr. C.J. de Coning, die Assistent-sekretaris, opgetree as waarnemende Sekretaris (1950/1951-Akademiejaarverslag).⁴⁴ Hy laat weet vir Minnaar dat dit in 1952 weer die dramabeurt is, en versoek hom om reeds in daardie stadium eksemplare van werke wat moontlik vir die prys in aanmerking kon kom, te stuur (LK 1/4: 15 September 1951). De Coning het ook vir Bosman versoek om die keurkommissieverslag te stuur sodat dit die Akademie nie later as **1 Maart 1952** bereik nie (LK 1/5: 12 Februarie 1952), maar dié sperdatum het vroeg al in die slag gebly.

Sarel Marais, bestuurder van Afrikaanse Pers Boekhandel, het in Januarie 1952 drie dramas aan die Akademie gestuur met die oog op die Hertzogprys, naamlik *Die sluipskutter* en *Die twee lampe* deur Uys Krige, asook Fritz Steyn se *Vername mense* (LK 1/5: 10 Januarie 1952). F.C.L. Bosman het ontvangs daarvan erken (LK 1/5: 19 Januarie 1952) en op 21 April 1952 by Marais verneem of daar, buiten dié drie werke, nie ook ánder stukke uit die tydperk 1948 tot 1951⁴⁵² was wat hulle wou voorlê nie, “of ook toneelstukke spesifiek i.v.m. die Van Riebeeckfeesviering ⁴⁵ (wedstryde of andersins) tot April vanjaar [1952]” (LK 1/5). In ’n soortgelyke brief, gerig aan Voortrekkerpers, **spesifiseer Bosman die datums as 1 Januarie 1948 tot 31 Desember 1951, maar noem 30 April 1952 as afsnydatum.** Dit kom voor asof Bosman sê besluit het op 30

451 Kritzinger se skriftelike aanname van die benoeming is in die argief beskikbaar (LK 1/4: 19 Oktober 1951).

452 In ’n *Huisgenoot*-artikel van 15 Junie 1951 merk F.E.J. Malherbe, destydse Voorsitter van die Fakulteit vir Taal, Lettere en Kuns, verkeerdlik op dat Hertzogpryse reeds sedert 1914 toegeken word (dit is 1915/1916), en dat die toekennings roteer tussen poësie, drama en verhalende prosa. ’n Vierjaarsiklus was egter nog geldig met Kritiese prosa en essay as die vierde kategorie.

April 1952 as afsnydatum.⁴⁵³ Die insluiting van dramas wat betrekking gehad het op die Van Riebeeckfees, was die hoofrede vir die uitstel van die datum.

Afrikaanse Pers Boekhandel het geen verdere dramas voorgelê nie, ⁴⁶ en 'n uitgewer van Voortrekkerpers, A. van Pletzen, antwoord op Bosman se 21 April-brief dat hulle geen dramas in die betrokke tydperk gepubliseer het wat voorgelê kon word nie (LK 1/5: 24 April 1952).

Gedurende **April 1952** was daar korrespondensie tussen F.C.L. Bosman, Minnaar van Nasionale Boekhandel en die dramaturg W.A. de Klerk, hoofsaaklik oor laasgenoemde se drama *Die jaar van die vuur-os* wat eers in 1952 verskyn het. De Klerk skryf aan Bosman (LK 1/5: 8 April 1952):

Insake “Die Jaar van die Vuur-os”: ek het pas die bladsyproewe terugbesorg aan Nasionale Boekhandel. George Minnaar het onderneem om so gou moontlik 'n stel proewe aan u voor te lê vir beoordeling – en hy sal nog glo vandag ook aan u skrywe, in dié verband.

Ek verkies dat stelle proewe aan u gestuur word. Dan kan dit makliker gesirkuleer word – elke lid van die kommissie kan sy eie stel kry. Verder bevat die proewe die finale en baie belangrike wysigings (hulle is op die oog klein, maar is tog m.i. belangrik) en die beoordelaars sal dus die stuk kan lees **soos dit in Meimaand die lig sal sien**. [Ek benadruk.]

Wat betref die vereiste van publikasie: soos ek u gesê het, glo ek vas dat die tyd nou aangebreek het dat drama, soos in elke ander land, alleen finaal beoordeel word volgens die aanbieding – die verwerkliking in toneelsterme.⁴⁵⁴ **Maar afgesien hiervan is dit natuurlik ook waar dat publikasie van die feesstukke slegs vertraag is omdat dit nie voor die Dramafees moes geskied nie.**⁴⁵⁵ **In die normale loop van sake sou “Vuur-os” en “Getroud” al verlede jaar die lig gesien het.** [Ek benadruk.]

453 Dit herinner aan Gustav Preller, Akademiesekretaris vanaf Februarie 1923 tot Oktober 1927, wat sêlf in 'n 1925-verslag bygevoeg het dat nie net werke wat gedurende 'n bepaalde jaar verskyn het oorweeg sou word nie, maar ook boeke wat nog nie voorheen in aanmerking geneem is nie (kyk bladsy 98).

In die verslag self word gesê dat die Kommissie “eenparig” van mening was dat werke wat geskryf is i.v.m. die Van Riebeeckfeestoneelwedstryd in 1951, maar deur tegniese e.a. redes eers begin 1952 die lig gesien het, ook in aanmerking kon kom vir beoordeling (kyk bladsy 260). Geen skriftelike bewys kon gevind word dat die ander twee kommissielede daartoe ingestem het nie. Moontlik was daar mondelinge instemming. Die Hertzogprystoekenningsprosedure het egter bepaal dat bekroning strek oor die tydperk van vier **kalenderjare** onmiddellik voorafgaande aan die jaar waarin die bekroning plaasvind (kyk bladsy 254).

454 De Klerk beklemtoon die hibriediese aard van die drama as lees- en speelstuk – 'n belangrike faset van drama en 'n onderskeid waarop byvoorbeeld G. Besselaar reeds in 1914 wys (kyk bladsy 33) en wat P.C. Schoonees in sy 1932-minderheidsverslag pertinent noem (kyk bladsy 136).

455 Die Toneelkommissielede het in 1948 in verband met die swak gehalte van reisende toneelgeselskappe aanbeveel dat kontak bewerkstellig moes word tussen skrywers en beroepspelers terwyl stukke nog in manuskripvorm was aangesien 'n gepubliseerde stuk “grotendeels sy oorspronklikheidswaarde vir 'n beroepsgeselskap [verloor]” (FRA 1948: 24 April).

De Klerk bied hier ’n verskoning aan vir die laat-verskyning van sý drama, sowel as Beukes se *As ons twee eers getroud is!* Tog is ’n Krige-drama, *Twee lampe*, wat óók in aanmerking geneem is vir die Van Riebeeckfeeswedstryd, gedateer 1951 (kyk die verslag op bladsy 261). Verder sou die “finale en baie belangrike wysigings” in *Die jaar van die vuur-os* se proefkopie waarna De Klerk in hierdie April 1952-brief verwys, nie vervat gewees het in ’n 1951-gepubliseerde drama nie.

Op 9 April 1952 laat ook Minnaar weet dat die boek in die proefstadium is, en dat dit waarskynlik in die loop van die volgende drie, vier weke gereed sou wees. Hy verneem tot watter datum hulle dit kon voorlê, en of dit in bladsyproefvorm voorgelê kon word indien die Kommissie miskien sou vergader voordat die boek uit die pers was. (LK 1/5.)

Volgens Bosman sou bladsyproewe voorlopig voldoende wees indien die voltooide boek die Akademie nie voor die einde van April kon bereik nie. Hy vra minstens twee, verkieslik drie, eksemplare (of stelle) daarvan aan – ook van De Klerk se drama *Vlamme oor la Roche*, en ánder dramas, van watter dramaturg ook al, wat verskyn het in die tydperk 1948-1951 of in 1952 as uitvloeisel van die Van Riebeeckfees, wat Minnaar meen in oorweging kon kom. (LK 1/5: 21 April 1952.) **Die seleksierol wat die uitgewers sedert 1939 begin speel het in die keuring van geskikte dramas vir die Hertzogprys** (kyk bladsy 189), **het dus algemene praktyk geraak.** Saam met die versending van *Vlamme oor la Roche*, laat weet Minnaar op 24 April dat ander dramas wat in die tydperk 1948-1951 by Nasionale Boekhandel verskyn het, nie in aanmerking kon kom nie (kyk voetnota 509 op bladsy 283).⁴⁷ Drie eksemplare van *Die jaar van die vuur-os* is ingebind sodat dit in maklik leesbare vorm kon wees, en op Dinsdagmiddag 29 April per lugpos aan die Akademie gestuur. Op 5 en 9 Mei is eksemplare van elk van hierdie twee De Klerk-dramas gestuur aan onderskeidelik M.S.B. Kritzinger en H. v.d.M. Scholtz. (LK 1/5: 24 April 1952 en 29 April 1952 – brief en telegram van Minnaar aan Bosman.)

Ook Gerhard Beukes het met Bosman gekorrespondeer in verband met sy dramas. Op **7 April 1952** skryf Beukes (LK 1/5):

Ek het Nas. Pers gevra om dadelik twee eksemplare van “Langs die Steiltes” aan u te stuur. Laat my weet of u dit ontvang het. En wanneer u “amptelik” daarmee klaar is, wil ek graag hê dat u en mnr. de Coning die besitters daarvan moet word – met my hartlikste wense. Laat my asb. ook weet wat u van die publikasie dink – dis die eerste van sy soort deur Nas. Pers uitgegee.⁴⁵⁶ “As ons twee eers getroud is” waarvan ek ’n “speel-uitgawe” (?) [sic] gemaak het (– ook die eerste in Afr.) met Siegfried [Mynhardt] se bewegings, verskyn binnekort by van S [Van Schaik].

456 Aangesien Nasionale Pers al heelwat dramas gepubliseer het, moet Beukes se woorde “van sy soort” verwys na sy eie werk wat tot in daardie stadium alles deur Van Schaik gepubliseer is.

Dieselfde dag het Nasionale Boekhandel vir Bosman die twee eksemplare van *Langs die steiltes* gestuur (LK 1/5: 7 April).

De Coning het Beukes vir die dramas bedank en onderneem om dit aan die Letterkundige Kommissie voor te lê (LK 1/5: 26 April 1952). In sy bedankingsbrief, gedateer 12 Mei 1952, d.w.s. **ná die afsnydatum van 30 April**, rig Bosman 'n verdere versoek aan Beukes (LK 1/5):

Kan u egter vuur maak agter Nasionale Pers Boekhandel⁴⁵⁷ om ook “op te skiet” met *As ons Twee eers Getroud is?* En kan hulle ons drie eksemplare stuur sodat ons gou kan maak met die lees daarvan? “Ons Twee”, soos jy weet, is 'n dawerend suksesvolle opvoering geword [sic].⁴⁵⁸

Bosman gebruik hier sy posisie as Akademiesekretaris om ná die, waarskynlik deur hóm ingestelde, afsnydatum van 30 April 1952, stéeds te vra vir nóg 'n gepubliseerde drama om in aanmerking te neem vir die Hertzogprys – 'n versoek gegrond op sy eie positiewe waardering vir die opvoeringswaarde van *As ons twee eers getroud is!*⁴⁵⁹

In *Die Huisgenoot* van 16 Mei 1952 is aangekondig dat alle dramas “wat uit die Van Riebeeckfeesviering gebore mag wees”, in aanmerking sou kom by die toekenning van die Hertzogprys vir Drama in 1952 (Spies 1952:3).

Tydens die 29 Maart 1952-Fakulteitraadsvergadering is gerapporteer dat die verslag ingewag word. Indien die aanbeveling eenparig was, sou dit aan die Raad gesirkuleer word vir goedkeuring. Verdeelde aanbevelings sou oorgehou word vir 'n volgende raadsvergadering.

Op 11 Mei 1952 het Bosman die 1952-Hertzogprys met Scholtz bespreek en die volgende dag per brief opgemerk dat dit voorkom of Beukes, De Klerk en Krige in aanmerking kom daarvoor, en dat, soos Scholtz sou opmerk, stukke by die gelyste dramas ingesluit is “wat reeds in 1951 vir die Van Riebeeckfees geskryf is, maar om tegniese redes eers begin 1952 gedruk is” (LK 1/5). Ook in die finale verslag gee Bosman voor dat die 1952-tekste alreeds aan die begin van 1952 gepubliseer is. Bosman meld in hierdie 12 Mei 1952-brief ook dat Scholtz eersdaags *As ons twee eers getroud is!* kon verwag, maar vra op dieselfde dag eers vir Beukes skriftelik om die uitgewers te versoek om gou te maak met die beskikbaarstelling van hierdie drama.

457 Van Schaik het dit in 1952 gepubliseer.

458 Binge dui in *Ontwikkeling van die Afrikaanse toneel 1832 tot 1950* (1969:253) aan dat *As ons twee eers getroud is!*, 185 keer deur die N.T.O. in 1952 opgevoer is.

459 Insiggewend dat Krige, wat met *Die ryk weduwee* 'n tweede plek behaal het in die Van Riebeeckwedstryd (kyk eindnota 45 op bladsy 533) nie, soos Beukes en De Klerk, met die Akademie gekorrespondeer het oor sy werk nie, en dat Bosman hom waarskynlik ook nie oor die moontlike publikasie van sy wenstuk (wat in 1953 verskyn het) genader het nie.

Die lywige finale verslag, eers op 14 Junie 1952 deur Bosman geteken, begin só:

Nominaal het hierdie periode ten einde geloop in Desember 1951 en is die Kommissie veronderstel gewees om alleen werke in aanmerking te neem wat letterlik voor 31 Desember 1951 gepubliseer is. Die kommissie was egter eenparig van mening dat werke wat geskryf is i.v.m. die Van Riebeeckfeestoneelwedstryd in 1951 en daarvoor in aanmerking gekom het, maar deur tegniese e.a. redes eers **begin 1952 die lig gesien het** [ek benadruk], ook in aanmerking moes kom vir die beoordeling. Trouens sommige van hierdie werke is gedateer 1951 hoewel hulle eers begin 1952 werklik verskyn het, en die Raad in 1948 ook so 'n gedragslyn goedgekeur het [sic].⁴⁶⁰

Die Raad het, met die finale besluit om geen Hertzogprystoekening vir 1948 te maak nie, slegs per implikasie hierdie gedragslyn goedgekeur, want dit was Bosman sêlf wat die administratiewe proses gemanipuleer het, veral die besluitneming rondom watter dramatekste in aanmerking kom op grond van publikasiedatums (kyk bladsy 242-252).

Dan vervolg die verslag:

Met aanvaarding van hierdie opvatting het die volgende skrywers en werke in aanmerking gekom.

BEUKES, G.A. [G.J.]⁴⁶¹

- (a) Kerse teen die Wind. Tien Eenbedrywe.⁴⁶² 1950. [Van Schaik] (Hieronder ook twee eenbedrywe⁴⁶³ uit Uitgesoekte Eenbedrywe,⁴⁶⁴ 1948, van verskillende skrywers deur G.A. [G.J.] Beukes [Van Schaik]).⁴⁶⁵

460 Met betrekking tot publikasiedatums en werklike verskyningsdatums, kyk ook opmerking (2) op bladsy 243 en voetnota 422 op dieselfde bladsy.

461 Op verskeie plekke in die oorspronklike verslag word Beukes se voorletters verkeerd aangedui as G.A.

462 Dit bevat die volgende tien eenbedrywe deur Beukes: *Kerse teen die wind*, *Die vrees*, *As die nefie kom kuier!*, *Die hand wat Hy eenmaal geneem het*, *Die braaiboud*, *Oktobernag*, *In my dae*, *Die ligblou vaas*, *Mamma het planne* en *Laat die kerse brand!*

463 *As die nefie kom kuier!* en *Die vrees* deur Gerhard J. Beukes

464 Hierdie publikasie bevat die volgende ses nuwe eenbedrywe: *Die dikker bloed* (Bosman de Villiers), *Die reën van jou liefde* (W.A. de Klerk), *Goud* (Anna M. Louw), *Storm* (Paul Roubaix), *As die nefie kom kuier!* en *Die vrees* (Gerhard J. Beukes).

465 Hier word wel genoem dat *Die vrees* en *As die nefie kom kuier!* reeds in die 1948-publikasie *Uitgesoekte eenbedrywe* opgeneem is – 'n werk wat op grond van verskyningsdatum self vir die 1952-Hertzogprys in aanmerking kon kom. Van die tien eenbedrywe in die versamelbundel *Kerse teen die wind*, was slegs twee nuut vir hierdie 1950-publikasie, naamlik *Mamma het planne* en *Kerse teen die wind*. Vyf eenbedrywe is reeds in die 1945-bundel *Laat die kerse brand! en ander eenbedrywe* opgeneem, naamlik *Die hand wat Hy eenmaal geneem het*, *Die braaiboud*, *Oktobernag*, *In my dae* en *Laat die kerse brand!* (kyk bladsy 243). Die eenbedryf *Die ligblou vaas* het vir die eerste keer in die 1946-publikasie *Ses eenbedrywe* verskyn (kyk voetnota 431 op bladsy 243). Van die tien eenbedrywe in *Kerse teen die wind* het ses reeds vir die 1948-Hertzogprys in aanmerking gekom. Slegs *Die vrees* en *As die nefie kom kuier!* (uit die 1948-publikasie *Uitgesoekte eenbedrywe* – ook opgeneem in die versamelbundel *Kerse teen die wind*), asook *Mamma het planne* en *Kerse teen die wind*, was nuut vir die 1952-toekenningsjaar.

- (b) Salome Dans. 'n Spel in drie bedrywe. 1950. [Van Schaik] (Bekroon met die eerste prys in die Krugersdorpse Diamantjubileum-toneelwedstryd, 1949, uitgeskryf deur die Krugersdorpse Munisipale Vereniging vir Drama en Opera).
- (c) Langs die Steiltes. Hoogtepunte uit ons Driehonderdjarige Volkswording. [1952 – Nasionale Boekhandel] (Eervol vermeld in Van Riebeeckwedstryd. Weens afwyking van sommige voorwaardes, buite rekening gelaat vir bekroning).
- (d) As Ons Twee Eers Getroud is. [1952 – Van Schaik] (Met eerste prys bekroon in Van Riebeeck-feeswedstryd).

II. DE KLERK, W.A.

- (a) Vlamme oor La Roche. Drama in Vier Bedrywe. 1951. [Nasionale Boekhandel]
- (b) Die Jaar van die Vuuros. Toneelstuk in vier bedrywe. 1951/1952.⁴⁶⁶ [Nasionale Boekhandel] (Met eerste prys bekroon in Van Riebeeckfeeswedstryd).

III. KRIGE, UYS.

- (a) Alle Paaie gaan na Rome. Drie Eenbedrywe.⁴⁶⁷ 1949. [Unie-Volkspers]
- (b) Die Sluipskutter. Eenbedrywe. (Naas titelstuk, Die Ongeskrewe Stuk, 'n Impromptu, en Die Gees van die Water, 'n hoorspel). 1951. [APB]
- (c) Twee Lampe. 'n Drama in drie bedrywe. 1951. [APB] (Onbekroonde Drama in Van Riebeeckfeeswedstryd).

IV. STEYN, FRITZ.

Vername Mense. Spel in drie bedrywe. 1951. [APB]

V. MALHERBE, D.F. Drie Bedrywe. 1948.⁴⁶⁸

- (a) Abimelech. Drama. [1948 – Nasionale Boekhandel]

466 In die commendatio (kyk eindnota 50 op bladsy 535) word die jaar aangetoon as 1951, terwyl Nienaber in *Die Hertzogprys vyftig jaar* (1965a:134) slegs die datum 1952 meld.

467 Dit sluit in *Fuente Sagrada*, *Die grootkanonne* en *Alle paaie gaan na Rome*.

468 In die amptelik getekende verslag, asook kopieë wat daarna oorgetik is, verskyn hierdie woorde en jaartal direk na die naam van Malherbe. Aangesien die dramaturg slegs een drama in 1948 die lig laat sien het, naamlik *Abimelech* – 'n drama in drie bedrywe, het “Drie bedrywe” en die datum betrekking op *Abimelech* en is dit per toeval langs Malherbe se naam getik in plaas van by die drama wat net daarna genoem word. Nienaber maak self die regstelling in *Rappier en knuppel* (1965b:192).

- (b) Die Uur van die Rooi Maan en ander Eenbedrywe.⁴⁶⁹ 1950. [Nasionale Boekhandel]

BEUKES, G.A. [G.J.]

In sy tien eenbedrywe, 'n keur uit vroeëre werk, aangevul met latere werk⁴⁷⁰, toon Beukes hom ongetwyfeld as die grootmeester onder ons huidige Afrikaanse eenbedryfskrywers. Vir hierdie werk alleen al, sou hy in ernstige aanmerking kan kom vir die Hertzogprys. Hy het 'n onfeilbare oog vir situasie, deurskou sy figure, is eg en beeldend van dialoog, beskik oor groot konsentrasie van voorstelling, en is 'n meester van dramatiese bou: skepping en styging van spanning, onverwagte wending, verrassende oplossing. Uit lg. veral blyk sy diepere lewensinsig. Hy het ook oog vir komiese sowel as ernstige situasie. Die tien eenbedrywe bestaan uit ses ernstige stukke, waarvan vyf tragies, en vier bly- of klugspelletjies. In die tragiese Kersspel Laat die Kerse Brand bereik hy 'n volmaakte en sublieme hoogte.

Salome Dans bring die bekende Bybelse tema van Herodes wat Johannes die Doper teen wil en dank moet laat onthoof op grond van 'n belofte gedaan aan Salome, die danseres. Hier word die rede van Salome egter anders verklaar. Sy wil haar wreek op Johannes omdat hy nie wou beswyk vir haar verleidingspel nie en sy reeds byna 'n waansin ontwikkel het om alle manne die slagoffers van hul hartstogtelike begeerte vir haar te maak. Sy word in die stuk eintlik die personifikasie van die hartstog en die ontwikkelingsgang van die hartstog word getoon in haar drie danse: die Ontwaking van die Hartstog, die Triomf van die Hartstog en Die Onsterflikheid van die Hartstog. Maar daarnaas sien ons ook in Johannes die Doper die mag van die gees oor die vlees en, by Herodes self, die stryd tussen vlees en gees waarby ten slotte die hoë geestelike besef weer uitbreek bo die laere bedwelmende verlokkinge van die vlees.

Salome dans is 'n stuk van visie en digterlike krag. Die hooffigure daarin, soos ook die jong Jood Marcellus, word sterk en duidelik geteken. Daar is psigologiese deurdringing, skerp oog vir situasie en décor, dramatiese stuwings en gang. Chronologies en in feiteweergawe is die stuk nie heeltemal histories juis nie. Maar geestelik-histories, as evokasie van 'n bepaalde geestesgang, kan dit aanvaar word. Hoewel 'n Bybelstuk is dit vry van die didaktiese toon. Moontlik is die dialoog enigermate te veel in vergelyking met die handeling. Dis ook 'n stuk wat vir sy sukses baie sal afhang van die regte regie: insonderheid die vertolking van die dansende Salome. Indien nie 'n stuk van die hoogste bekroningsgehalte nie, is dit tog 'n stuk wat ongetwyfeld binne die bekroningsveld val.

Langs die Steiltes is een van ons vernaamste digterlike dramas uit jongere tyd. Die stuk is 'n koorspel (cantata) van Die Dieper Reg-tipe, maar begrypiker, uitvoeriger en ryker aan wisseling van toon, hoewel nie miskien heeltemal so hoog digterlik, as Die Dieper Reg nie. Dit bly ewenwel 'n stuk van verrassend hoë digterlike siening en segging. Dit besit tal van pragtige reëls en treffende beelde en kan gesprek sowel as gesing word. Die laaste gedeelte getuig van sterk dramatiese sin deur die onverwagte en boeiende gedagtekening. Die skrywer verwerp verdere oorlog as middel vir verkryging van volksvryheid en volkseenheid. In die plek van geweld kom geeskrag en kultuurmagte. Vaste wil en groot geestesgoedere moet die Afrikaanse volk se grootste stukrag uitmaak. Enkelvoudige trou en liefde aan Suid-Afrika moet almal ten slotte saambind in een nasieskap.

469 Dit bevat die volgende ses werke deur Malherbe: *Macherus, Die uur van die rooi maan, Vader se naam, Die aanbod, Krom stompe* en *Staf of kroon*.

470 Kyk voetnota 465 op bladsy 260.

Die stuk bring ’n verhewe sinryke gedagte van volkswording vir enige groot volksfees. Dit is ’n digterlike spel van hoë wyding, diepe roering en sterke toneelmoontlikhede.

Terloops mag bygevoeg word dat die stuk ook tipografies (letter, papier en tekening) ’n pragwerk is.

As Ons twee eers Getroud is is ’n klugtige blyspel waarin vier pare die huwelik vind of hervind. Die stuk is besonder knap van bou hoewel die karakters soms miskien te karikaturaal voorkom (vgl. Ma van der Merwe en die weduwee Violet Bloom) en die komiek enigsins geforseerd is. Terselfdertyd is die stuk ryk aan kostelike situasies en tiperinge en bring ’n rake ontmaskering van menslike gebreke (sedeblyspel) waarby die jongensagtige oupa ’n belangrike rol speel. Oupa is trouens een van die onvergeetlike skeppinge in ons toneelletterkunde.

Al hierdie werk is in die groot of goeie klas. Deur Beukes se meesterskap van vorm, sy breë veld van onderwerpe en figure (nasionaal sowel as internasionaal), sy egte en deurdringende karaktertekening, sy treffende dialoog, sy tragiese sowel as komiese vermoë, sy digterlike siening sowel as intellektuele krag, verdien Beukes sonder enige twyfel die Hertzogprys, insonderheid vir sy eenbedrywe, Salome Dans en, as toppunt, Langs die Steiltes.

W.A. DE KLERK.

Vlamme oor La Roche laat sien dat nes die vlamme langs die hange van die berg onkeerbaar op die ou Bolandse plaas La Roche neersak en dit uiteindelik verteer, so sak die vlamme van die hartstog toe op die inwoners van La Roche tot dit hulle ook al drie – man, vrou en minnaar – vernietig.

Die stuk is feitlik onvervalste tragiek van begin tot end. Dit begin met ’n swaar stemming en beweeg met ’n byna Griekse noodwendigheid tot sy einde. Die “skuldbesef” kleef al drie die hooffigure aan en ook in hierdie opsig, soos in die Griekse tragedie, is dit eerder ’n sedelike as ’n fisiese skuldbesef. Die dood van die man deur die hand van die minnaar was nie werklik “moord” nie; die vrou was selfs heeltemal onbewus van die gebeurtenis hoe sterk die skyn ook teen haar is. Tog voel minnaar en vrou as hooggestemde, idealistiese wesens hulle sedelik beswaar en verkies albei om vrywillig die dood in te gaan eerder as om die eventuele straf van ’n fisiese gereg te ondergaan.

Dit is ’n sterk stuk hoewel die sielkundige gang nie altyd voldoende gemotiveerd is nie. Die “slegtigheid” van die man Hannes lyk plek-plek “gemaak”. Dippenaar se “regsgevoel” toon hom nie altyd gelyk nie. Die “vastrekking” van Christine wat getuienis en redenering betref, lyk geforseerd. Tog is dit ’n knap en speelbare stuk wat inpas in die groot lyn van de Klerk se sielkundige probleem dramas.

Met Die Jaar van die Vuuros het de Klerk egter sy hoogtepunt [tot] dusver bereik. Dit is ’n sosiale probleem drama wat in elke opsig sterk is: die skepping van die situasie, die stelling van die probleem, die verskeidenheid van verteenwoordigende figure, die voortstuwings van die aksie, die heftige botsings (swart en wit, blank en blank, persoon en persoon), die beeldende dialoog, die intellektuele krag, die diep gevoel. En oor alles heen kort-kort die liggende flitse van die egte humor veral in die mond van die so intens menslike en tegelyk so intens denkende en begrypende ou “generaal”.

Hoewel die wit-swartprobleem die hoofsaak is in die stuk, word sydelings ook die probleem van Afrikaner-Engelsman raak aangeroer. (Die Afrikaanse gesin – Gillian Hammond).

Die figure in die stuk is almal vas en deurdringend geteken: lewende persone en veral by die hooffigure, van onvergeetlike gestalte. So is daar die forse ou “generaal” (’n verhoogde dr. Steenkamp-figuur); Pieter, sy seun, volksraadslid, man van woord en daad; Alexis die opstandige; Kemp, die dweepsugtige Michael Scott-tipe ens.

Merkwaardig is ook hoe die skrywer, by sy sterk deurvoeling van die situasie, ’n seldsaam regverdige en objektiewe toon weet te bewaar. Die oplossing wat hy ten slotte dan ook aanbied, tref ’n hoë, etiese toon. Dit is geleë in opoffering en ’n os is nie meer genoeg nie – miskien ook voorvaderlike grond!

Die bou van die stuk is heg: pragtig gebalanseerd van handeling, juiste afwisseling van toon, verbysterende klimaks en roerende ontkenning. Daar is een décor dwarsdeur, maar die sfeer verander steeds deur beligting en bygeluide op besondere suggestiewe wyse.

Dis ’n stuk van groot formaat waaruit ’n groot liefde vir die land spreek en wat ’n groot boodskap verkondig of ’n mens nou orals daarmee saamstem of nie. Dit toon ’n sosiale insig en ’n beeldende vermoë wat ’n mens aan Ibsen laat dink. As drama in die gewone sin van die woord is dit inderdaad die voortreflikste stuk wat die Van Riebeeckfees voortbring het.

Waar Beukes deur ’n herdruk van sy eenbedrywe hierdie werk ook vir hierdie tydperk kan laat geld [kyk voetnota 465 op bladsy 260], sou dit miskien billik wees om de Klerk se vorige werk ook te erken by bekroning. Hieronder val veral sy Drie Vroue [1945],⁴⁷¹ drie eenbedrywe van besonder sielkundige betekenis hoewel in bou nie so knap en in karaktervoorstelling nie so oortuigend of Afrikaans soos Beukes nie. ’n Sterk Bybelse eenbedryf is Pilatus [1946].

Op dieselfde wyse munt de Klerk se Drie Dramas [1947]⁴⁷² uit d.w.s. in sielkundige uitbeelding hoewel Nag het die Wind Gebring hier sterker in Afrikaanse rigting gaan as die ander twee. Die stuk toon egter nog opvallende gebreke van situasietekening en sielkundige motivering. Hellersee daarenteen hoewel meer “algemeen-menslik”, is byna Strindbergiaans van meedoënlose probleemstelling, felle ontleding en tragiese ondergang. Dit is ongetwyfeld de Klerk se sterkste drama voor die Vuuros.

Ons beveel dus aan dat de Klerk bekroon word, insonderheid vir Die Jaar van die Vuuros[,] maar ook vir sy ander werk (eenbedrywe en Drie Dramas).

471 *Drie vroue: ’n trilogie van spele* (Nasionale Boekhandel) bevat die volgende drie werke deur W.A. de Klerk: *Die jammer hart*, *Die volmaakte huwelik* en *Ontvlugting*.

472 Dit bevat die volgende werke deur W.A. de Klerk: *Die verterende vuur*, *Nag het die wind gebring* en *Hellersee* (Nasionale Pers).

In ’n brief van F.C.L. Bosman aan H. v.d.M. Scholtz (LK 1/5: 12 Mei 1952), merk Bosman in verband met *Drie dramas* op:

Hierdie bundel hoewel gedateer 1947, het eers in 1948 verskyn. Dit is egter die vorige keer ook in aanmerking geneem.

(Kyk bladsy 243.)

UYS KRIGE.

Alle Paaie gaan na Rome is 'n versameling van drie eenbedrywe nl. die titelstuk⁴⁷³ (met 'n Italiaanse motief waarin 'n grootmoeder tevergeefs transport na Rome in militêre vragwaens soek om behandeling vir haar kleindogter, sprakeloos deur oorlogskok, te verkry); Fuente Sagrada⁴⁷⁴ (die heilige put, 'n motief uit die Spaanse Burgeroorlog, waarin baie nodig is om 'n boer te laat begryp hoe noodsaaklik sy stootkarretjie is vir die buitelandse vegter vir sy land); Die Grootkanonne⁴⁷⁵ (met Suid-Afrikaanse naoorlogse motief van kêrels wat grootkanonne was in die oorlog en nou weer doodgewone mense tuis is). Al drie stukke het hul verdienstes, hoewel Alle Paaie gaan na Rome ongetwyfeld die beste is, selfs een van die beste in Afrikaans. Dit munt uit deur treffende situasie, roerende dialoog en fyn stemmingstekening.

Na Alle Paaie is Fuente Sagrada die beste. Dit het knap situasietekening, mooi kontrastering van tipes, gevoelige dialoog en besit 'n onverwagte wending wat besondere begrip van die boer se karakter toon.

Die Grootkanonne is die langste en die swakste van die drie. Dis eintlik 'n klug, met 'n vermenging van diepere waarhede en spot. Maar dit ontaard meestal in dronkemansburlesk en onnatuurlike taal veral in die digterlike passasies. Ongetwyfeld kan dit baie vermaaklik wees maar te veel karikatuur bederf sy sinrykheid.

Die Sluipskutter⁴⁷⁶ speel [af] in Italië tydens die jongste Wêreldoorlog netsoos [sic] Alle Paaie gaan na Rome. Heinrich, die Duitse sluipskutter, word gevang en doodgeskiet deur die Kolonel wat nie wil insien dat die Duitser bloot sy plig gedoen het nie. Die Kolonel handel uit weerwraak vir die dood van sy ander manne deur sluipskutters en hier in besonder ook vir die dood van sy peetseun, Liebenberg, hoewel lg. self die grootste skuld aan sy eie dood gehad het. Treffend is die reaksie van die ander figure in die geval: die Joodse offisier Meyer, wat dit 'n onmenslike daad vind; die Italiaanse vrou eweneens; trouens ook al die ander. Heinrich aanvaar die daad as 'n noodwendigheid. 'n Sterk stuk met sterke situasie, strakke figure en kragtige dialoog. Die Kolonel se onversetlikheid is miskien minder aanvaardbaar [sic].

Die Ongeskrewe Stuk, 'n impromptu, wat voorkom in Die Sluipskutter, is 'n stuk van die tipe van Pirandello se Six Characters in Search of an Author [1921]⁴⁷⁷ en is 'n kort drama eerder as 'n eenbedryf. In hierdie stuk daag die musikant, regisseur, student, akteur, meisies ens. net voor 'n opvoering op en, bloot deur hul aanwesigheid op die verhoog en deur hul onderlinge verhoudings, ontstaan daar 'n nuwe stuk.

Dis 'n knap werk, uitstekend saamgestel, vol lewe en beweging met sprankelende dialoog. Treffende gesegdes en geestige spotterny met "Schwärmerei" van allerlei aard (toneel, musiek, liefde, die Lewe, jeugdige opstandigheid), met geleerdheid, politici,

473 Die eenbedryf *Alle paaie gaan na Rome* is ook opgeneem in F.C.L. Bosman se *Vier uitgesoekte eenbedrywe* (1949) (hierin verskyn dit onder die titel *Alle paaie lei na Rome*), in Gerhard J. Beukes se *Woord en masker* (1964), Uys Krige se *Vier eenbedrywe*, gekeur en ingelei deur J.C. Kannemeyer (1968), en in J.B. Vermaak se *Voort met die spel: 'n eenbedryfkeur* (1990).

474 Ook opgeneem in *Die wit muur en ander eenbedrywe* (1973) deur Krige.

475 Ook afsonderlik gepubliseer deur DALRO (1969) en opgeneem in *Die wit muur en ander eenbedrywe* (1973) deur Krige.

476 Ook opgeneem in Uys Krige se *Vier eenbedrywe*, gekeur en ingelei deur J.C. Kannemeyer (1968).

477 Dit is 'n vrye verwerking van Pirandello se *Ses karakters op soek na 'n outeur/skrywer*; ook afsonderlik gepubliseer deur DALRO (1970) en opgeneem in *Die kleiner kosmos* (1980) deur P.P.B. Breytenbach en T. Hauptfleisch. Aangesien net oorspronklike tekste bekroon kan word, is die insluiting van hierdie teks vir beoordeling debatteerbaar (kyk by "Dramaverwerkings" in eindnota 3 op bladsy 513-514).

kultuurleiers, is volop. Meermale is al sulke buitenissighede maar net die gevolg van vrydelde liefde. Eintlik is die stuk eerder 'n dramatiese skets as 'n egte drama. Maar dis buitengewoon knap geskryf en aantreklik van voorstelling hoewel nie “groot” nie. Dis eg 'n studentestuk.

Die Gees van die Water, in dieselfde bundel, is 'n fyn, digterlike stukkie waarin die Water leer dat die wese van die heelal onrus is en dat die rus wat hy eers versmaad het die ware geluk bring.

Twee Lampe is 'n melodrama van 'n hardvotige vader wat so hardleers⁴⁷⁸ is dat hy twee seuns tot selfmoord drywe. Daar is enkele mooi gedeeltes in die stuk maar dit is as geheel ver onder Krige se gewone peil.

Hoewel daar uitstekende werk is onder die genoemde stukke van Krige[,] staan dit as geheel tog dusdanig agter by Beukes of de Klerk, dat dit nie gelyk gestel kan word met hul werk vir bekroning nie. Moontlik kan dit by 'n latere geleentheid as aanvullende werk geld vir 'n eventuele bekroning.

FRITZ STEYN.

Vername Mense is 'n geestige, lewendige spotterny met grootdoenery en skyndeug in stedelike Afrikaans-sosiale kringe (alles wys op Johannesburg), oor die algemeen skitterend van dialoog maar bietjie yl en onoortuigend van intrige en karaktertekening. Insonderheid sien ons hoe 'n “would-be” diamantsmokkelaar en aanknoper van 'n liefdesverhouding met 'n lighoofdige maar aantrekklike middeljarige vrou van 'n kennis[,] betyds tot beter insigte “teruggeskrik” word. Ook die vrou leer haar les. 'n Verdienstelike stuk maar nie in die groot klas nie.

D.F. MALHERBE.

Abimelech, Oud-Testamentiese motief uit die Boek van Rigters, is die tragedie van die eersugtige seun van die rigter Gideon wat al sy 70 broers, op een na, doodmaak ten einde koning te word. Die ontsnapte jongste broer bewerk ten slotte natuurlik weer Abimelech se ondergang. Die tragiek van Abimelech lê egter nie soseer in sy dood aan die hand van 'n vrou wat 'n steen op hom werp nie[,] maar in die feit dat hy selfs reeds begin walg het van sy wreedhede waarvan die een steeds weer tot 'n volgende lei sodat sy dood hom byna as 'n verlossing kom.

Die stuk is in versvorm, is sielkundig suiwer, bevat mooi digterlike voorstellings en treffende “sententiae”. Dis 'n goeie, roerende stemmingstuk eerder as 'n groot drama. Vir “groot” is alles net nie sterk of diep genoeg nie.

Die Uur van die Rooi Maan bevat ses eenbedrywe van ongelyke gehalte. Macherus, gedeeltelik in versvorm, bring die Herodes-Salome motief in mooi taal, treffende situasie en sterk slotgedagte. Die Uur van die Rooi Maan is die knap en roerende, maar ook enigsins melodramatiese, gegewe van 'n meisie met spiritistiese aanleg wat saam met haar verongelukte geliefde uit die lewe gaan.

Vader se naam toon aan dat die skyn soms lelik kan bedrieg. Dis 'n nuttige maar vlak stukkie. Die Aanbod is ook 'n dun gevalletjie van 'n weduwee wat haar gedwonge voel om hoognodige ekonomiese hulp te weier, aangesien dit kom van 'n skuldbewuste minnaar wat haar as jong meisie in die steek gelaat het. Krom Stompe is 'n sinnebeel-

478 *Van Dale* dui die betekenis van die Nederlandse woord “hardleers” soos volg aan: “moeilijk lerend, bot; – ook in de zin van: lessen van de ervaring niet ter harte nemend” (Kruyskamp 1976, sv ‘hardleers’).

dige stukkie uit die monnikelewe. Ook Rudolphus het 'n "kwas" van verlange na die lewe wat die oorwinning op hom behaal as hy sy ou geliefde Robina teenkom. Die stuk belooft meer as wat dit bring. Staf of Kroon is nog 'n kloosterstuk met verheffende sinryke gedagte. Bernardo het die klooster by Bologna tot 'n bloeiende, mensdienende instelling gemaak. Maar as Bologna hom wil vereer daarvoor, verkies hy om weg te gaan: lievers die bedelstaf van nederige diens behou as die kroon van eer aanvaar.

Alles bymekaar is dit werk van verdienste maar nie op sigself van bekroningsgehalte nie.

Samevattende word dus aanbeveel dat Beukes en de Klerk albei bekroon word en wel deur verdeling van die Hertzogprys vir Drama. Beukes word bekroon insonderheid vir Langs die Steiltes, sy eenbedrywe, Salome dans (in mindere mate As ons Twee Eers Getroud is); De Klerk vir Die Jaar van die Vuuros en sy ander werk (Vlamme oor La Roche, Drie Dramas, die eenbedrywe Drie Vroue).

In die lys van beoordeelde werke noem Bosman vier dramas wat in aanmerking gekom het vir die Van Riebeeckwedstryd:

- *Langs die steiltes* deur Beukes ("Eervol vermeld in Van Riebeeckwedstryd. Weens afwyking van sommige voorwaardes, buite rekening gelaat vir bekroning");
- *As ons twee eers getroud! is* deur Beukes ("Met eerste prys bekroon in Van Riebeeckfeeswedstryd");
- *Die jaar van die vuur-os* deur De Klerk ("Met eerste prys bekroon in Van Riebeeckfeeswedstryd");
- *Twee lampe* deur Uys Krige ("Onbekroonde Drama in Van Riebeeckfeeswedstryd").

Dit is opvallend dat Bosman in sy verslag uitdruklik noem dat De Klerk en Beukes se werke bekroon is of eervolle vermelding gekry het, maar dat Krige se drama onbekroond was.⁴⁷⁹ Dit is kommentaar wat ongesê kon gebly het ten einde ander lesers van die verslag 'n kans op 'n meer onbevange oordeel te gee.

Bosman verskaf self ná elke gelyste drama die publikasiedatum daarvan, maar verswyg dit by die twee 1952-Beukes-publikasies, naamlik *Langs die steiltes* ('n 1952-publikasie wat ongeveer 3 weke voor die 30 April 1952-afsnydatum aan die Akademie gestuur is – kyk bladsy 259), en *As ons twee eers getroud is!* (ná April 1952 gepubliseer).⁴⁸⁰ By *Die jaar van die vuur-os* meld hy die datum 1951/1952 terwyl dit eers teen einde April 1952 in rofweg-gebinde vorm aan die

479 In 'n brief aan 'n Fakulteitraadslid, prof. J. du P. (Canis) Scholtz, gedateer 15 Junie 1952, skryf F.C.L. Bosman dat Dekker en Anna Neethling-Pohl saam met hom op die Kommissie gedien het wat Beukes en De Klerk met eerste pryse vir die Van Riebeeckfees bekroon het en dat hulle drie "geen twyfel" oor die "verdienselikeid" van *Die jaar van die vuuros* en *Langs die steiltes* gehad het nie (D.J. Opperman-versameling: 118.K.Su.3[5]).

480 Die 1952-datum word wel in die commendatio genoem (kyk eindnota 49 op bladsy 534).

Akademie beskikbaar gestel is (kyk bladsy 258). Nie een van hierdie drie dramas het “begin 1952 die lig gesien”, soos beweer in die inleidingsparagraaf nie, maar eers ’n paar maande later.⁴⁸¹ As sameroeper, maar terselfdertyd ook Akademiese sekretaris, het Bosman administratief gesorg dat Beukes en De Klerk se laat-gepubliseerde dramas in aanmerking kom. Indien daar streng gehou is by die afsnydatum van 31 Desember 1951, sou hierdie laatgekome en bekroonde dramas van Beukes en De Klerk in 1956 moes meeding met *Dias* (1952) deur N.P. van Wyk Louw en *Periandros van Korinthe* (1954) deur D.J. Opperman – ’n toets wat die tekste nie sou kon slaag nie.

In sy verslag redeneer Bosman dat Beukes deur ’n herdruk van sy eenbedrywe hierdie werk ook vir die 1952-tydperk kon laat geld, en beskou dit as billik om De Klerk se vorige werk ook te erken by bekroning. Tog is geen vorige werk van Uys Krige in berekening gebring nie. Die vorige dramas van Beukes en De Klerk wat wel bekroon is, kom weliswaar almal uit die bekroningsperiode vir die 1948-Hertzogprys vir Drama en Krige het in daardie tydperk niks nuuts gepubliseer nie, maar Bosman maak in sy verslag net melding van “vorige werk” en spesifiseer nie jaartalle nie. Selfs al sou Bosman alle dramaturge se werk oor dieselfde kam geskeer het en ook Krige se herdrukke in berekening wou bring, **druis hierdie besluit van Bosman reëlreg in teen die Akademierraadsbesluit van 27 November 1926 dat geen tweede of verdere drukke in aanmerking kom vir die Hertzogprys nie** (kyk bladsy 113).

Vir die 1941-Dramajaar toe geen toekenning gemaak is nie, het Krige se *Magdalena Retief* en die eenbedrywe *Die wit muur*, *Die skaapwagters van Betlehem* en *Die arrestasie* in aanmerking gekom. Scholtz en Bosman het toe in hulle verslag opgemerk dat Krige se werk oorweging verdien met die oog op die Hertzogprys, maar dit betwyfel of hy daarin reeds “die rytheid, breedte en diepte bereik het wat mens graag met die Hertzogprys wil assosieer” (kyk bladsy 194). In die 1948-verslag merk F.C.L. Bosman op dat hierdie Krige-werke deurgaans van hoë standaard is, maar moontlik nog nie omvangryk genoeg nie (kyk bladsy 246).

Vir die 1952-Dramajaar het die volgende stukke van Krige bygekom en beslis sy drama-oeuvre omvangryk genoeg gemaak vir bekroning: die eenbedrywe *Alle paaie gaan na Rome*, *Fuente Sagrada*, *Die grootkanonne*, *Die sluipskutter*, *Die ongeskrewe stuk* en *Die gees van die water* (’n hoorspel), asook *Twee Lampe*, ’n drama in drie bedrywe. Met die uitsondering van *Die grootkanonne* en *Twee lampe*, het Bosman in sy verslag hoë lof vir al hierdie werke. Of Krige se werk nou al die nodige “rytheid, breedte en diepte” gehad het, soos in die 1941-verslag genoem, was beslis nie te betwyfel nie. Tog beskou Bosman dit in die geheel minder goed as die werk van Beukes of De Klerk en merk op dat dit moontlik “by ’n latere geleentheid as

481 In die 1956-Hertzogprysverslag word spesifiek genoem dat hierdie dramas in 1952 gepubliseer is (kyk bladsy 301).

aanvullende werk [kan] geld vir 'n eventuele bekroning". Van die vyf genoemde werke wat in 1985 spesiaal vermeld is toe Krige wel bekroon is, het vier alreeds teen hierdie tyd verskyn en het net *Die goue kring* in 1956 bygekom. Ook interessant dat Bosman in sy verslag (kyk bladsy 262) en commendatio (kyk eindnota 49 op bladsy 534) onomwonde sê dat Beukes hom in sy tien eenbedrywe *Kerse teen die wind*, ongetwyfeld toon "as die grootmeester onder ons huidige Afrikaanse eenbedryfskrywers", terwyl Krige tot in daardie stadium al uitstekende eenbedrywe geskryf het.

Bosman sluit die afsonderlike bespreking van Beukes se werk af met die opmerking dat Beukes "sonder enige twyfel" die Hertzogprys verdien, en dan sonder hy die volgende werke uit:

- sy eenbedrywe⁴⁸² (waarvan net vier, naamlik *Kerse teen die wind*, *Mamma het planne*, *Die vrees* en *As die nefie kom kuier!* nuut was vir die 1952-toekenningsjaar – kyk voetnota 465 op bladsy 260). In die verslag word spesifiek *Laat die kerse brand!* (1945) aangeprys (kyk bladsy 262) alhoewel dit al vir die 1948-Hertzogprys in aanmerking gekom het;
- *Salome dans* (wat Bosman in sy bespreking self tipeer as "nie 'n stuk van die hoogste bekroningsgehalte nie" – kyk bladsy 262);
- en as "toppunt" *Langs die steiltes* (wat in die bespreking in sterk patriotiese terme aangeprys word en net in aanmerking kon kom omdat die afsnydatum uitgestel is tot 30 April 1952).

Die bekroning van Beukes berus veral op hierdie "digterlike spel", wat beskryf word as 'n koorspel soos *Die dieper reg*, maar "begrypliker, uitvoeriger en ryker aan wisseling van toon, hoewel miskien nie heeltemal so hoog digterlik" as *Die dieper reg* nie (kyk bladsy 262).⁴⁸³ Tog is daar in die Voortrekkerjaar, 1938, geen toekenning gemaak nie, alhoewel Van Wyk Louw se koorspel *Die dieper reg* 'n sterk aanspraakmaker was. Die Kommissie was toe van mening dat "die eise wat aan so 'n koorspel kan gestel word so verskillend is van dié wat vir die gewone drama geld", dat hierdie "gedig" nouliks as 'n volledige drama beskou kon word en dus buite beskouing vir die Hertzogprys vir Drama val (kyk bladsy 177). Om dieselfde rede is D.F. Malherbe se *Siel van Suid-Afrika* in 1941 buite beskouing gelaat (kyk bladsy 193).

482 In 'n brief van Bosman aan mej. E.W. Schumann van die Hoofbiblioteek, Universiteit van die Witwatersrand, gedateer 4 Augustus 1952, merk Bosman onder andere op dat Beukes die prys gekry het vir **agt** eenbedrywe (LK 1/5). Die getal agt is foutief, maar moet waarskynlik dui op die **tien** eenbedrywe in die 1950-publikasie *Kerse teen die wind*.

In die commendatio (kyk eindnota 49 op bladsy 534) is gesê dat Beukes spesifiek bekroon is vir onder andere sy **agt** eenbedrywe. Hierdie foutiewe getal is gevolglik daarna al talle kere herhaal, byvoorbeeld deur Bosman (1988:11), Theunissen (1954:79) en in Akademiëpublikasies self (SAAWEK 1981:7).

483 Van Rensburg (1964:27) bespiegel of die Akademie *Die dieper reg* as poësie beskou het en dit as gevolg daarvan "onder die nie-tweemaal-reël laat sneuvel het". (*Die dieper reg* het egter in 1938 in aanmerking gekom, en die tersaaklike reël is eers in 1942/1943 ingestel – kyk bladsy 221). Dan merk hy op:

Maar wat dan van *Langs die Steiltes* van Beukes in 1952? En *Die Dieper Reg* was nog die egte ding.

Niks word in hierdie afsonderlike bespreking se afsluitingsparagraaf gesê van *As ons twee eers getroud is!* nie, maar in die samevattende slotparagraaf van die verslag word genoem dat Beukes die Hertzogprys “in mindere mate” kry vir *As ons twee eers getroud is!* In Bosman se verduideliking van die keurkommissieaanbevelings aan die Fakulteitsraad, het hy die woorde “in mindere mate” uitgelaat (FRN 1952: 26 Junie).⁴⁸⁴ In sy commendatio (kyk eindnota 49 op bladsy 534) het Bosman opgemerk dat Beukes spesifiek bekroon is vir onder andere sy blyspel *As ons twee eers getroud is!* – dit terwyl Bosman in sy verslag self noem dat “die karakters soms miskien te karikaturaal voorkom ... en die komiek enigszins geforseerd is”. As daar streng gehou is by die afsnydatum, sou *As ons twee eers getroud is!* in elk geval nie in aanmerking kon kom nie.

Ook met betrekking tot die De Klerk-werke wat bekroon is, toon die verslag inkonsekwentheid. In die afsonderlike bespreking van De Klerk se werk word ten slotte aanbeveel dat hy bekroon word, veral vir *Die jaar van die vuur-os* (1952), maar ook vir sy ander werk, en dan word tussen hakies sy eenbedrywe en *Drie dramas* genoem. Vir die 1948-toekenningsjaar het die eenbedrywe (*Die jammer hart*, *Die volmaakte huwelik* en *Ontvlugting* – al drie opgeneem in *Drie vroue*, asook die Bybelse eenbedryf *Pilatus*) en die laatgekome *Drie dramas* (wat insluit *Die verterende vuur*, *Nag het die wind gebring* en *Hellersee*) in aanmerking gekom. Vir hierdie 1952-toekenningsjaar het net *Vlamme oor La Roche* en *Die jaar van die vuur-os* nuut bygekom. *Vlamme oor La Roche* word nie as bekroningswaardig genoem aan die einde van die afsonderlike bespreking nie. In sy verduideliking aan die Fakulteitsraad, asook in die slotparagraaf van die verslag self, word egter aanbeveel dat De Klerk bekroon word vir *Die jaar van die vuur-os* en sy ander werk, en tussen hakies word dan genoem die eenbedrywe *Drie vroue*, *Drie dramas* en *Vlamme oor La Roche*. Hier word *Vlamme oor La Roche* vermeld, maar weer nie *Pilatus* nie. Laasgenoemde inligting kom ook ooreen met die gegewens vervat in Bosman se commendatio (kyk eindnota 50 op bladsy 535).

F.C.L. Bosman het as sameroeper die verslag op 14 Junie 1952 in Pretoria onderteken. Die handtekening van Kritzinger moes tussen 14 en 18 Junie bygekom het (waarskynlik 14 of 15 Junie 1952),⁴⁸⁵ en dié van H. v.d.M. Scholtz ná 18 Junie, want onderaan die oorgetikte verslag wat as bylaag C by die 26 Junie 1952-Fakulteitsraadagenda verskaf is, verskyn die datum 18 Junie, asook die inligting dat Bosman en Kritzinger al die verslag geteken het, maar dat die

484 In die brief van Bosman aan mej. E.W. Schumann (kyk voetnota 482 op bladsy 269) merk Bosman op dat Beukes die prys gekry het vir *Langs die steiltes*, agt [tien] eenbedrywe, *Salome dans* en *As ons twee eers getroud is!*. Die omskrywing dat *As ons twee eers getroud is!* “in mindere mate” bekroon is, word heeltemal weggelaat.

485 Uit Bosman se brief aan prof. J. du P. Scholtz gedateer 15 Junie 1952 (sien voetnota 479 onderaan bladsy 267) blyk dit dat nog net H. v.d.M. Scholtz se handtekening kort. Vermoedelik het Kritzinger dan op 14 of 15 Junie geteken.

goedkeuring van Scholtz moes volg.⁴⁸⁶ Die agenda van hierdie 26 Junie-vergadering, wat tog uitgestuur is vóór 26 Junie, meld al dat die Letterkundige Kommissie eenparig aanbeveel dat die prys verdeel word tussen Gerhard Beukes en W.A. de Klerk, en dat Fakulteitsraadslede intussen telegrafies genader word⁴⁸⁷ om 'n besluit te bespoedig met die oog op die jaarvergadering (FRA 1952: 26 Junie). Dit sou plaasvind van 26 tot 28 Junie 1952 in die Voortrekkergedenksaal, Visagiestraat, Pretoria. Volgens die Akademiesraadaagenda is ook die goedkeuring van die Akademiesraad se Uitvoerende Komitee ingewin om 'n besluit te bespoedig (ARA 1952: 26 Junie). Soos in 1948 (kyk bladsy 242) was die verslag weer eens nie 'n maand voor die jaarvergadering beskikbaar nie en het Bosman die administratiewe proses weer versnel buite die algemene prosedure om (kyk bladsy 252).⁴⁸⁸

Op 20 Junie 1952, toe die meerderheid lede se menings al verkry is, maar nog nie almal s'n nie, het De Coning vir Beukes en De Klerk telegrafies ingelig dat die Hertzogprys aan hulle toegeken is, en gevra of hulle op 28 Junie tydens die jaarvergadering aanwesig kon wees.⁴⁸⁹ Beukes het op 21 Junie per telegram sy dank uitgespreek en laat weet dat hy die geleentheid sou bywoon. Op 24 Junie telegrafeer De Klerk dat hy weens uitstедigheid pas die telegram ontvang het, dat hy dankbaar is en graag teenwoordig sou wou wees, maar dat die kort tyd en omstandighede dit onmoontlik maak. (LK 1/5.)

Op Maandag 23 Junie 1952 het J. du P. (Canis) Scholtz⁴⁹⁰ die volgende aan Bosman getelegrafeer (LK 1/5):

486 Nienaber (1965a:135) verskaf die datum 18 Junie as dié van die ondertekende verslag.

487 Die telegram aan J. du P. Scholtz is gedateer 11 Junie 1952 (D.J. Opperman-versameling: 118.K.Su.3[4]).

488 Bosman het dieselfde gedoen met die verslag vir die 1957-Prosaprys wat eers op 6 Junie 1957 ingedien is. Aangesien die Fakulteitsraadsvergadering alreeds sou plaasvind op 26 Junie 1957 en die Jaarvergadering vanaf 27 tot 29 Junie, het Bosman 'n stembrief aan Fakulteitsraadslede gestuur om uit te vind of hulle ten gunste van 'n bekroning van Elise Muller was of nie. Vyf lede was daarvoor en twee daarteen. Aangesien daar 'n verskil van mening was en prof. H. v.d.M. Scholtz, wat teen die toekenning gekant was, 'n besondere versoek gerig het, is die besluit oor die bekroning uitgestel tot die volgende raadsvergadering wat plaasgevind het op 27 September 1957. (FRN 1957: 26 Junie.)

Interessant dat Bosman sy eie *modus operandus* weerspieël in sy reaksie toe daar in 1954 voorgestel is dat die Kommissie twee tot drie jaar vooraf benoem word ten einde aan die lede daarvan geleentheid te gee om 'n behoorlike studie van alle moontlike werke in die betrokke verband te maak. Volgens Bosman sou dit prakties geen verskil maak aan die werkwyse van die Keurkommissie nie **aangesien keurkommissies byna altyd eers begin werk het net voor hulle hul verslae moes indien** en omdat dit meer werk vir die sekretariaat sou beteken om oor 'n lang tydperk die nodige kontak met die Keurkommissie te hou. (FRN 1954: 3 Mei.) (Kyk eindnota 54 op bladsy 538.)

489 Hierdie optrede herinner aan dié van Gustav Preller wat in sy hoedanigheid as Akademiesekretaris op 15 November 1926 aan die drie bekroondes van die 1925/1926-Hertzogprys geskryf het nog voor die Akademiesraadsvergadering van 27 November 1926 (kyk bladsy 109).

490 In sy verslag van gebeure verskaf Nienaber (1965a:135) nêrens pertinent Scholtz se naam nie.

SIEN VANDAG HUISGENOOT REEDS SATERDAG [21 Junie] VERSPREI EN DIS AL RUIM TIEN DAE GELEDE GESET [dus ongeveer 11 Junie] TOEKENNING HERTZOG PRYS BEUKES DEKLERK MY MENING AS RAADSLID DUS GEVRA NA PERS IN KENNIS GESTEL IS TOEKENNING BAIE VERONTWAARDIG MAAK ERNSTIGE BESWAAR BY FAKULTEITSRAAD EN AKADEMIERAAD AANHANGIG DIESELFDE NOMMER HUISGENOOT VERNIETIGENDE OORDEEL ANTONISSEN JONGSTE WERK BEUKES

Bosman telegrafeer op Dinsdag 24 Junie terug (LK 1/5):

BERIG DIE HUISGENOOT HERTZOGPRYS VOLKOME VOORBERIG [sic] EN ONGEORLOOFD HET SKRYWERS SELF EERS 20 JUNEI [sic] IN KENNIS GESTEL EN PERS GISTER STOP U GEVOLGTREKKINGS OORHAASTIG EN ONGEREGVERDIG

Die ter sake berig het in *Die Huisgenoot* van 27 Junie 1952 verskyn:

Die Hertzogprys in die afdeling drama is deur die Akademie verdeel tussen twee jong Afrikaanse toneelskrywers, W.A. de Klerk en Gerhard Beukes. Albei het ook pryse gekry in die toneelwedstryd wat die Nasionale Toneelorganisasie in samewerking met die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap uitgeskryf het.

Sedert W.A. de Klerk in 1942 sy eerste toneelstuk, *Uit die Goeie Aarde*, gepubliseer het, het die volgende van hom verskyn: *Drie Vroue* (drie eenbedrywe), *Drie Dramas* (o.m. "Nag het die Wind Gebring", die eerste stuk van 'n Afrikaanse skrywer waarmee die Nasionale Toneelorganisasie op reis gegaan het), *Vlamme oor La Roche* en *Die Jaar van die Vuur-os*. Tans is drie eenbedrywe van hom, *Adam en Eva*, in die pers. Ander toneelstukke van hom het in bundels verskyn. Hy het heelwat hoorspele geskryf wat oor die radio uitgesend is.

Gerhard Beukes het 'n doktorsgraad behaal met 'n proefskrif oor die moderne eenbedryf. In 1944 [1945] het van hom ses eenbedrywe verskyn in die bundel *Laat die Kerse Brand*. Sedertdien het hy o.m. geskryf *Die Swart Engel*, *As Ons Twee eers Getroud is* (wat deur die Nasionale Toneelorganisasie opgevoer word) en *Teen [Langs] die Steiltes* (pas verskyn).

Vyf van die sewe raadslede was teenwoordig tydens 'n Fakulteitraadsvergadering op Donderdagoggend, 26 Junie 1952 waartydens Bosman bekend gemaak het dat die Letterkundige Keurkommissie Beukes en De Klerk eenparig as wenners van die Hertzogprys aanbeveel het: prof. F.E.J. Malherbe (Fakulteitsraadvoorsitter), dr. S.J. du Toit, prof. T.H. le Roux (Akademieraadsvoorsitter), mnr. I.M. Lombard en prof. G.S. Nienaber.⁴⁹¹ Proff. J. du P. Scholtz en H. v.d.M. Scholtz was afwesig met kennisgewing. Prof. W. Kempen het as sekundus vir prof. J. du P. Scholtz opgetree. (FRN 1952: 26 Junie.) Volgens Bosman het hy, handelende op die besluit van die vorige vergadering, raadslede telefonies en telegrafies van die eenparige

491 Malherbe, Du Toit en Le Roux het die Fakulteitsraad op die Akademieraad verteenwoordig. Hulle ampstermyn as Fakulteitsverteenvoorgangers op die Akademieraad het in Junie 1952 verstryk. (1951/1952-Fakulteitsjaarverslag.)

aanbeveling in kennis gestel.⁴⁹² Ses het die aanbeveling goedgekeur en een, J. du P. Scholtz, was daarteen gekant. Hierna het Bosman ook die goedkeuring (van ses teen een) aan alle lede⁴⁹³ van die Akademieraad meegedeel en dié het dit bekragtig, waarmee Bosman die toekenning as voltooi beskou het. (FRN 1952: 26 Junie.)⁴⁸

Bosman meld die onverwagte en onaangename moeilikheid wat intussen opgeduik het: ’n “Lekkassie” het oor die toekenning van die prys, nog voor dit afgehandel was, aan *Die Huisgenoot* plaasgevind. Bosman het die aard en omstandighede van die lekkassie uitvoerig verduidelik.⁴⁹⁴ Hy lees die telegram van prof. Scholtz voor, asook sy reaksie daarop. Die Fakulteitsraad bevind dat die lekkassie sonder enige medewete of verlof van die Sekretaris plaasgevind het en dat sy optrede vir die verkryging van die nodige besluite juis en korrek was. **Die Raad bevestig weer die besluit om die Hertzogprys toe te ken aan Beukes en De Klerk soos aanbeveel in die verslag van die Letterkundige Kommissie.** G.S. Nienaber het besondere waardering teenoor Bosman, as sameroeper van die Letterkundige Kommissie, uitgespreek vir sy besonder deeglike en goed gemotiveerde verslag. Die Raad het hulle heelhartige instemming betuig. (FRN 1952: 26 Junie.) J. du P. Scholtz, die Fakulteitraadslid wat teen die bekroning gekant was, het nie die vergadering bygewoon nie. Kempen het as sekondus opgetree.

Die Akademieraad het tydens hulle vergadering die Donderdagmiddag die Fakulteit se toekenning aan Beukes en De Klerk bekragtig (ARN 1952: 26 Junie). Fakulteitslede het tydens die Fakulteit se jaarvergadering die Vrydagoggend, 27 Junie, kennis geneem van die toekenning (FJVN 1952: 27 Junie), en al die Akademielede die Vrydagmiddag tydens die algemene huishoudelike jaarvergadering (AJVN 1952: 26-28 Junie). Die prys is op Saterdagoggend, 28 Junie 1952 tydens die Akademie se algemene openbare jaarvergadering aan Beukes oorhandig. F.C.L. Bosman het die huldigingswoord gelewer.⁴⁹ Beukes het sy dank uitgespreek en in besonder sy leermeesters en vriende gedenk vir hulle voorligting en steun. Hy het die prys as ’n aanmoediging sowel as ’n erkenning beskou. (AJVN 1952: 26-28 Junie.)

492 **Die Fakulteitsraadsbesluit van 29 Maart 1952** is só bewoord (FRN 1952: 29 Maart):

Indien die aanbeveling in die verslag eenparig is, sal dit aan die Fakulteitsraad gesirkuleer word vir goedkeuring. Verdeelde aanbevelings sal oorgehou word vir ’n volgende Raadsvergadering.

Dis onseker of Bosman die verslag self aan alle Fakulteitraadslede gesirkuleer het, en/of die eenparige aanbeveling mondeling aan hulle oorgedra het. In ’n handgeskrewe nota in Bosman se handskrif (LK 1/5) staan dat hy op 15 Junie 1952 aan F.E.J. Malherbe, die Fakulteitsraadvoorsitter, geskryf en ’n voorlopige verslag gestuur het. Ook J. du P. Scholtz het ’n voorlopige verslag ontvang. In sy 15 Junie-brief aan Scholtz merk Bosman op dat die verslag nog nie gesirkuleer kon word aan alle lede nie, maar dat slegs die hoofbesluit meegedeel is. (D.J. Opperman-versameling: 118.K.Su.3[5].)

493 Volgens die Akademieraadagenda is slegs die Uitvoerende Komitee van die Akademieraad genader (ARA 1952: 26 Junie).

494 Geen besonderhede word verskaf nie. Wat wel opgespoor kon word, is ’n handgeskrewe nota waarin staan dat ’n joernalis vir Bosman op 12 Junie besoek het, asook die volgende aantekening (die handskrif is moeilik leesbaar): “verander toe berig sonder goedkeuring”. (Kyk eindnota 48 op bladsy 534.)

Die Kaaplandse werkgemeenskap het die Akademie op 6 Augustus 1952 telegrafies gevra of hulle die prysoorhandiging aan De Klerk moes reël. Op die telegram het die Akademiesekretaris met die hand bevestigend geantwoord en Frans (F.E.J.) Malherbe voorgestel vir die commendatio. (LK 1/5.) By die vergadering van die Kaaplandse werkgemeenskap op 30 Augustus 1952 in Kaapstad, is die Hertzogprys vir Drama aan W.A. de Klerk oorhandig (1952/1953-Fakulteitsjaarverslag). Bosman het ook die huldigingswoord vir De Klerk geskryf.⁵⁰ Malherbe het dit voorgelees en self 'n paar woorde bygevoeg, waarvoor Bosman hom bedank het (LK 1/5: 11 September 1952).⁴⁹⁵

Malherbe het in *Ons eie boek* van September (1952:3) redaksionele kommentaar gelewer en by voorbaat die toekenning geregverdig deur aan te toon dat die Afrikaanse literatuur grotendeels nog in sy kinderskoene staan:

Sonder om op die meriete van die toekenning of van die motivering van die beoordelaars in te gaan, wil ons slegs daaraan herinner dat niemand ooit die feit van ons bloot beginnende literatuur, veral ten opsigte van roman en drama, uit die oog moet verloor nie.⁴⁹⁶

Verder word die verdienstelikheid van opvoerbare stukke beklemtoon:

Hierby kom nog dat groot, selfs goeie drama baie skaars is, orals in die wêreld. Dink maar aan Holland. Daarenteen word die behoefte aan speelbare stukke al groter. En dis hier waar, wat Afrikaans betref, die bekroondes se verdienstes blyk. Hulle, saam met Uys Krige, Fritz Steyn en D.F. Malherbe, bied op sy minste dramatiese lewe, en daarsonder kán [sic] geen groot drama ooit ontstaan nie. Hulle gee opvoerbare stukke, wat groot waardering vind, en in hul verbreding van motiewe wat ons nog nie tevore gehad het nie, lewer hulle baanbrekerswerk waarop toekomstige dramaturge kan voortbou....⁴⁹⁷

Malherbe se algemene lof is egter voorwaardelik:

495 Die skenkingsakte bepaal (kyk bladsy 21):

Ingeval het werk van twee of meer skrywers van gelyke waarde bevonden mocht worden, zullen de renten dan in handen, onder zulke gelijkwaardige schrywers evenredig verdeeld worden.

Die balansstaat op 31 Maart 1953 (ARN 1953: 23 Julie – bylaag B) dui die bedrag spandeer aan die administrasie en pryse van die Hertzogfonds aan op £64.16.0. Die inkomste- en uitgawerekening vir die jaar geëindig 31 Maart 1953 (ARN 1953: 23 Julie) dui die bedrag vir die administrasie van die Hertzogfonds aan as £14.16.0. Die Hertzogprysgeld was dus £50. Beukes en De Klerk moes die prysgeld deel.

496 Tog bestaan daar aanduidings dat die uitstekende *Germanicus* (1956) reeds in 1947 of 1948 “'n vorm moes bereik het wat nie noemenswaardig van die gepubliseerde teks verskil nie” (Kannemeyer 1984:414).

497 Malherbe vervolg dan met die volgende onverstaanbare stelling:

Hulle maak vensters oop, ook op gebiede wat hulself nie kan betree nie of waar hulle verdwaal raak.

Dat ons drama weliswaar op veel suiwerder en voller speelhandeling moet aanstuur en nog aan baie gebreke ly, is bekend. En dis hier waar die kritiek sy verantwoordelike taak het: om dwaalspore aan te toon, struikeling, onmag – om die uitsig helder te hou.

Vertroeteling van eie prestasie en vertroebeling van eie oordeel moet te alle koste vermy en bestry word. Ja, kritiek is op ons [sic] trap van ontwikkeling broodnodig – ook vir bekroondes!

Tog maak Malherbe ’n uitsondering en beklemtoon die aanmoedigingsgedagte:

Maar nie hierdie keer nie. Vandag wil “Ons Eie Boek” slegs sy gelukwense bring met die groot onderskeiding wat die twee jong werkers te beurt geval het, en die hoop uitspreek dat hulle dit sal aanvaar in die gees van die Hertzogbemaking, nl. as aanmoediging en aansporing tot die hoogste inspanning van hul kragte in diens van ons jong literatuur en toneel.

Een van die hewigste polemieke in die Afrikaanse literatuurgeskiedenis het ontstaan na aanleiding van hierdie toekenning aan Beukes en De Klerk.⁴⁹⁸ Die debat is geopen deur die kritiek van W.E.G. Louw en Rob Antonissen.

’n Aantal medewerkers van *Die Huisgenoot*, onder andere W.E.G. Louw, is gevra om ’n beskouing te gee oor die voornemens waarop die Akademie besluit het tydens die 1952-jaarvergadering. Aandag is geskenk aan die tóe swak gehalte van Afrikaanse boeke en daar is besluit op verskeie strategieë ten einde te poog om die gehalte te verbeter, byvoorbeeld deur Akademieskakeling met uitgewers, skrywers en die publiek. Die Akademie het onderneem om kritiese voorligting te gee en groter onderskeidingsvermoë te help bevorder. (AJVN 1952: 27 Junie.) In *Die Huisgenoot* van 24 Oktober 1952 bevraagteken Louw (1952a:21-23) die Akademie se erns en bevoegdheid om kritiese voorligting aan te moedig, die praktiese uitvoerbaarheid daarvan en die Akademie se vermoë om self literêre waardes te onderskei. Sy argument baseer hy op die toekenning van die 1952-Hertzogprys vir Drama en die Akademie se motivering daarvan. De Klerk se werk is volgens Louw “verdienstelik”, maar hy spreek sterk kritiek uit oor die motivering wat die Akademie verskaf het vir Beukes se bekroning. Volgens Louw sou die Akademie, wat kritiese voorligting betref ten opsigte van prosa, eers “voor sy eie literêre en dramatiese deur” moes vee voordat heelwat mense hom ernstig sou beskou.

Ook Rob Antonissen was nie ten gunste van die betrokke Hertzogprystoekenning nie en lug sy mening in die Oktober 1952-uitgawe van *Standpunte* (1952:75-84). Volgens Antonissen het die

498 P.J. Nienaber gee uitvoerige inligting daarvoor in die bundel *Rappier en knuppel* (1965b:188-260). Die hele polemiëk word eerstens opgesom, en daarna volg volledige weergawes van die keurkommissieverslag, berigte oor die prys in *Die Huisgenoot* en *Die Brandwag*, asook die briefwisseling en standpuntstelling in tydskrifte en koerante. In Nienaber se publikasie *Die Hertzogprys vyftig jaar* verskyn ook inligting oor die polemiëk (1965a:134-144).

Letterefakulteit enkele weke tevore deur middel van die keurkommissieverslag sy goedkeuring geheg “aan ’n grootse poging om die Afrikaanse letterkunde in diskrediet te bring”. Soos Louw het ook Antonissen dit veral teen die toekenning aan Beukes, maar meen ook dat die toekenning aan De Klerk “voorbarig” was en dat die Akademie ’n gulde geleentheid laat verbygaan het om erkenning te gee aan Uys Krige. Nienaber-Luitingh (1953:87) merk tereg op dat dit jammer is

... dat Antonissen zijn alleszins geregtvaardigde kritiek verswakt door zijn enigszins aggressieve en provocerende toon, die dan ook een heftige reactie van zijn tegenstanders heeft verwekt.

F.C.L. Bosman het in sy persoonlike hoedanigheid heftig op die kritiek gereageer. Etlike ander individue het tot die debat toegetree: D.J. Opperman, W.A. de Klerk (aanvanklik onder die skuilnaam “Die Waarheid lê Tussenin”), Hermien Dommissie, Meyer de Villiers, J. du P. Scholtz, I.W. van der Merwe, Odiel Daem (Vlaamse toneelresensent), Miems Antonissen en ander persone – sommige onder skuilname. Die polemie is hoofsaaklik gevoer in *Die Burger*, byvoegsels daarvan en in *Die Huisgenoot*, maar ook in *Die Transvaler* en *Die Brandwag*. Selfs in die Nederlandse *Critisch Bulletin* het M. Nienaber-Luitingh (1953:84-90) die “rumoer om een literaire bekroning” weergegee. Die meeste meningsverskille is verwoord gedurende November en Desember 1952, maar in September 1953 het *Die Brandwag* in ’n artikel “Die letterkundige stryd: wat is op die spel?” (Visser 1953:5) die saak weer aangeroer.

Tydens die polemie, of “kleinburgerlike geklets” deur “groot geeste”, soos Miems Antonissen dit beskryf het (*Die Burger*, 1 Desember 1952), is daar dikwels afgewyk van ’n suiwer literêre debat en het die kritiek soms ontaard in kwetsend persoonlike aanvalle en die bysleep van buiteliterêre sake of ánder, nie-so-ter-sake, dramas. Oor en weer is bevoegdheid om literêre kritiek en waardevolle skeppende werk te lewer, bevraagteken, asook die ander party(e) se wyse van argumentering. Soms is die kritiek weer vertolk as gerig teen meer persone en instansies as wat die oorspronklike bedoeling was, of as persoonlike aanvalle wanneer dit nié die oogmerk was nie.

Die karakterisering van sekere bekroonde werke, hoofsaaklik dié van Beukes, is in die verslag, asook in kommentaar daarop, meestal gekenmerk deur oordrewe woordgebruik, eensydige veralgemenings en oor- of geringskating. Louw (1952b:60) het Bosman versoek om sy mening oor die meriete van Beukes se werk te staaf, en, om dit prakties meer uitvoerbaar te maak, hom gevra om slegs op die meriete van *Langs die steiltes* te wys sodat ’n werklik literêre polemie kon begin (*Die Burger*, 24 November 1952). Dit het egter nie gerealiseer nie. Bosman is beskuldig van literêre demagogie (Opperman in *Die Burger*, 18 November 1952). Op sy beurt wou Bosman weet waar Antonissen kom aan vertroulike verslae en wie hom die reg gegee het om dit te gebruik (*Die Burger*, 17 November 1952). Opperman (*Die Burger*, 18 November 1952) wys daarop dat dit seker nie vertroulik was nie aangesien Bosman dit self vir *Die*

Brandwag gegee het soos te kenne gegee in die tydskrifartikel self. Dit het later geblyk dat *Die Brandwag* nié die volledige verslag gepubliseer het nie, maar dat Antonissen vir F.E.J. Malherbe, Fakulteitsraadvoorsitter, genader het vir die volledige verslag en dit van hom bekom het sonder dat enige geheimhouding van Antonissen verlang is (Bosman, Opperman en Antonissen in *Die Burger* van onderskeidelik 24 November, 26 November en 1 Desember 1952).

Onder die gunstige reaksie van belangstellendes in die polemieë is dié van ’n sekere E.E. wat opmerk (*Die Burger*, 21 November 1952):

Die voortbrengsels van Afrikaanse skrywers is nie kanoniek nie, is geen heilighede nie, dus, as dit swak is, kan dit gekritiseer word op sigself, sonder inagneming van wie die skrywer is of van wat sy “nasionale waardes” is.

Dit is in die verslag en polemieë opmerklik dat Bosman in sy waardering van stukke klem lê op die suksesvolle opvoerbaarheid van dramas, asook op die belangrikheid daarvan om, alvorens kritiek gelewer kan word, ’n kennis van die Afrikaanse situasie te hê: Afrikaanse toneel en dramaturgie, die land, taal, die mense en hulle kultuur, literatuur, volksmaak en nasionale waardes. Bosman het die *Standpunte*-redaksie se plasing van die Antonissen-artikel beskryf as “’n gruwel teenoor die goeie smaak van en ’n regstreekse belediging aan die Afrikaanse volk in al sy geledinge” (*Die Burger*, 9 Desember 1952).

W.E.G. Louw het in *Die Burger* van 24 November 1952 opgemerk dat Bosman se literêre kriterium klaarblyklik “die gemene deler” van die publiek se smaak is. Bosman beskou hierdie voorstelling as ’n “verdraaiing” (*Die Burger*, 9 Desember 1952), maar voeg by:

Maar sekerlik respekteer ek hierdie smaak, soos ek enige smaak respekteer, en sy plek gun, en soos hierdie respektering so belangrik is in Suid-Afrika waar ons nog steeds ’n groot kulturele “stryd het om te stry, en ’n nasie om te lei”. Aan die ander kant is dit juis die veragting van die here Louw, Antonissen e.a. vir hierdie volksmaak⁴⁹⁹ en volksbehoefte wat die kernorsaak is van hierdie stryd.

Bosman rig ’n waarskuwing aan alle persone wat werk van wêreldformaat en internasionale standaard verwag, om hulle hande af te hou “van volkskriteria waarvan hulle min weet en klaarblyklik nog minder verstaan”. Hierop vra Opperman waarom Bosman dan self melding

499 As lid van die Toneelkommissie het F.C.L. Bosman in April 1948 opgemerk (FRA 1948: 24 April):

Die instelling van die Staatstoneel hierdie jaar het die karakter van die Afrikaanse beroepstoneel grondig verander. Hierdeur is nie alleen veel van die beroepstoneel gekanaliseer en op ’n hoër peil gebring nie, maar uiteraard stel hierdie toneel ’n norm vir ander beroepstoneel en werk verheffend op die volksmaak in.

maak van Beukes se “onderwerpe en figure” wat “nasionaal en internasionaal” is, en “inheemse stukke” stel naas “die Europese” (*Die Burger*, 9 Desember 1952).

W.E.G. Louw het gedurende die polemieke opgemerk dat die slotgedeelte van sy aanvanklike artikel, wat gehandel het oor die voorneme van die Akademie om kritiese leiding te gee, bedoel was om die Raad daartoe te bring om die vraag in heroerwering te neem **of die beste beoordelaars altyd benoem word vir sulke verantwoordelike en veeleisende werk** – kritiek wat Louw gegrond het veral op die rol wat F.C.L. Bosman in die Letterkundige Kommissie gespeel het (1952b:59). Nog vóór die 1952-debakele, naamlik vroeg in 1949 en na aanleiding van die 1948-inligtingstuk wat F.C.L. Bosman opgestel het insake die prosedure by toekenning van onder andere die Hertzogprys (FRA en FRN 1949: 5 Februarie – bylaag E) (kyk eindnota 43 op bladsy 253), het die Fakulteitsraad besluit om in ’n later stadium te oorweeg of die benoeming van raadslede op Keurkommissies nie ook verbied moes word nie (FRN 1949: 5 Februarie). F.C.L. Bosman, byvoorbeeld, was in 1944 en 1948 Akademie- en Fakulteitsraadslid, asook ’n lid van die Letterkundige Kommissie (kyk voetnota 402 op bladsy 230).⁵⁰⁰ Volgens punt 12(a) van die prosedure was lede van die Fakulteitsraad nie op die Breë Kommissie benoembaar nie⁵⁰¹.

J. du P. Scholtz het in *Die Burger* van 24 November 1952 sy mening uitgespreek oor die 1952-toekenning:

Nou wil ek dadelik sê dat ek as lid van die Fakulteitsraad van die Akademie my plig só opvat dat ek in die Raad en daarbuite probeer bevorder wat my as goed voorkom, maar dat ek my nie gebind voel om in geval van nood besluite van die Akademie te verdedig waarteen ek sterk gekant was nie, en ook nie om blaam te dra waar ek nie medeskuldig is nie – dit na aanleiding van dr. F.C.L. Bosman se opmerking (in sy antwoord aan prof. W.E.G. Louw in *Die Huisgenoot* [Bosman 1952:50]) dat die Raad alle lof kry en alle blaam dra vir bekronings.

Daar was na my mening nie die minste grond vir bekroning van die dramatiese werk van Beukes nie, en die lofuiting daarvoor in die Kommissieverslag was niks anders nie as ’n duidelike bewys van die algehele gebrek aan begrip van die eintlike hoedanighede van ’n literêre kunswerk by die opsteller(s) van die verslag. Oor die vraag of die toneelwerk van De Klerk die peil bereik dat ’n mens dit tot die literatuur moet reken, kan daar redelikerwyse verskil van mening bestaan, maar dit is sekerlik nie van so ’n gehalte dat dit bekroning deur ’n Akademie waardig is nie. Die mate waarin die

500 Ander Fakulteitsraadslid wat tot in daardie stadium gelyktydig lid was van die Letterkundige Kommissie en die Fakulteitsraad, was D.F. Malherbe en W.J. du P. Erlank (1947) (FRN 1947: 7 Junie).

501 **In 1939 is besluit dat Akademierraadslede nie op die Breë Kommissie benoembaar is nie** (kyk bladsy 189 en voetnota 323 op dieselfde bladsy). Die posisie van Fakulteitsraadslid is nie gespesifiseer nie, aangesien daar nog nie in 1939 verskillende Fakulteite was nie. F.C.L. Bosman interpreteer in hierdie inligtingstuk oor toekenningsprosedure dat die besluit ook van toepassing is op Fakulteitsraadslid. Vir die 1944-toekenning was daar wel twee lede van die Fakulteitsraad op die Breë Kommissie (kyk voetnota 388 op bladsy 226). Die 1939-bepaling is dus in 1944 doelbewus of onwetend verontagsaam, of nie geïnterpreteer as van toepassing op Fakulteitsraadslid nie. Interessant dat Bosman, opsteller van die inligtingstuk, die besluit interpreteer as ook geldig vir Fakulteitsraadslid, terwyl hy self teenwoordig was tydens die 8 April 1944-Fakulteitsraadsvergadering waartydens die name van die Breë Kommissie voorgelê is – onder andere dié van twee Fakulteitsraadslid.

Keurkommissie vir sy taak onbevoeg was, word veral aangegee deur sy onvergeeflike mistasting wat die waarde van Beukes se werk betref. Ek het my by herhaling sterk teen die toekenning van die prys aan Beukes en De Klerk verset. Hoe het dit gekom dat die Fakulteitsraad verder sonder slag of stoot die aanbevelings van die Keurkommissie aanvaar het? Daarop moet ander liever antwoord gee.

Die Akademie is 'n liggaam met groot gesag in ons land en doen op verskeie fronte uitstekende werk. Dit is vir die Afrikaanse saak van belang dat hy sterk en suiwer gehou word, dat hy nie 'n voorwerp van spot word met betrekking tot so 'n lewensbelangrike saak as ons letterkunde nie. Die rusie wat oor die Hertzogprys ontstaan het (en dit is nie die eerste in die Akademie se geskiedenis nie!), het sy onaangename kante gehad, maar dis goed dat dit gekom het. Die Akademie sal homself moet ondersoek, die Fakulteitsraad vir Lettere en Kuns en die Akademieraad self sal ernstige aandag aan probleme moet gee wat deur die storm oor die Hertzogprys aktueel geword het. In die verlede het dit ongelukkig te veel gebeur dat van ons vernaamste letterkundiges, skrywers en kritici, buite die Akademie gebly het. Alleen as die Akademie hom van hulle medewerking kan verseker, sal hy sy werk op letterkundige gebied behoorlik kan doen.

Tydens 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee van die Akademieraad, gehou op Maandag 1 Desember 1952, het Bosman verslag gelewer oor die stryd wat in die pers ontstaan het, asook sy rol in die verdediging van homself en die Akademietoekenning. Deur 'n misverstand en te goeder trou het F.E.J. Malherbe die kommissieverslag aan Rob Antonissen verstrek.⁵⁰² Bosman meen die Raad sou moes oorweeg om weer alle raadslede (Akademie en Fakulteite) te wys op die noodsaaklikheid van vertroulikheid in verband met raadsverslae. (ARA 1953: 4 April – bylaag A.) Hierdie saak is ook tydens die polemiekie deur D.J. Opperman⁵⁰³ aangeroen. Hy verwoord sekere vrae wat ontstaan het (*Die Burger*, 26 November 1952):

- 1) **As daar enige stukke van die Akademie is wat hoegenaamd nie vertroulik behoort te wees nie, is dit dan nie juis die verslae van die keurkomitees en hul motiverings van die bekronings nie?** (Ek benadruk.)
- 2) 'n Mens vra jou verder af of die tyd nie aangebreek het dat die Akademie duidelik die taak en die magte van die Sekretaris moet vasstel en omskryf nie? Moet hy bv. die magte van 'n vakbondsektaris besit, of moet hy bloot skriba van die Akademie wees?

502 Malherbe was teenwoordig tydens die 26 Junie 1952-Fakulteitraadsvergadering waartydens Bosman die aanbeveling van die Letterkundige Keurkommissie bekend gemaak het. Volgens 'n handgeskrewe nota (LK 1/5) het Bosman op 15 Junie 1952 aan Malherbe geskryf en vir hom 'n voorlopige verslag gestuur, en op 18 Junie het Malherbe telegrafies sy goedkeuring daaraan geheg.

503 Opperman was self Akademielid. Die voorstel dat hy lid word, is op 29 Maart 1952 deur die Akademieraad bekragtig (ARN 1952: 29 Maart). Op 27 April 1983 is hy skriftelik meegedeel dat die Akademie hom erelidmaatskap aanbied, en dit is op 13 Oktober 1983 aan hom oorhandig (D.J. Opperman-versameling: 118.K.Su.3[17] en [19]).

- 3) Is dit nie ook miskien wenslik ter beskerming van die Akademie, maar ook van die Sekretaris (sowel teen kritiek van buite, as teen homself), dat daar besluit word dat 'n Sekretaris nóóit in 'n keurkommissie mag dien nie?⁵⁰⁴

Na aanleiding van die gebeure rondom die 1952-Hertzogprystoekenning, is die regte en pligte van die Sekretaris, verantwoordelikheid van raadslede, ensovoorts, alles hersien en saamgevat in die verslag van 'n ad hoc-kommissie wat bestaan het uit drr. T.J.W. Jorden (Voorsitter), F.C.L. Bosman (Sekretaris), A.J.A. Roux, F.J. de Villiers en prof. T.H. le Roux. Die Voorsitter van die Akademie, dr. T.E.W. Schumann, het ook die meeste sittings van die Kommissie bygewoon. (ARA 1953: 4 April). In die verslag van hierdie ad hoc-kommissie oor die finansiering, administrasie en organisasie van die Akademie (ARA 1953: 4 April – bylaag N) beveel die Kommissie aan

... dat dit aan alle Raadslede duidelik gestel word dat hulle alle Raadsbesluite, mededelings in agendas en in bylaes van agendas, informasie en besluite vervat in notule, en enige ander inligting in hul besit as streng vertroulik sal behandel en onder geen omstandighede Akademierverslae en ander stukke in hulle besit laat rondlê nie, of aan enige ander persoon beskikbaar sal stel nie sonder die uitdruklike verloop van die Akademierraad. In die geval van navrae deur die publiek of die pers aangaande feitlike inligting, moet Akademiëlede ten sterkste aangeraai word om sodanige navrae na die Akademiesekretariaat te verwys vir behandeling.

In verband met die aanstelling en optrede van Keurkommissies, en die hantering van hulle verslae, het die Kommissie die volgende aanbeveel:

- (a) Vir sover dit enigsins moontlik is, sal alleen Akademiëlede aangestel word om op keurkommissies te dien;
- (b) Keurkommissieëde moet hul taak as uiters vertroulik beskou en moet nie persone wat nie lede van sodanige keurkommissies is nie raadpleeg nie. Indien advies van bepaalde persone wenslik of noodsaaklik blyk te wees moet keurkommissies die mag hê om sodanige persone as lid of lede van die keurkommissie te koöpteer, waar moontlik na raadpleging van die Uitvoerende Komitee;
- (c) Keurkommissieverslae moet as streng vertroulik beskou en behandel word ten einde kommissieëde die volste vryheid van 'n openhartige mening te waarborg. Die verslae moet ook almal as streng vertroulik gemerk word en aan die Akademiesekretaris persoonlik oorhandig word of per geregistreerde pos aangestuur word. Openbaarmaking van verslae of besluite deur keurkommissieëde of deur enige ander persoon sonder uitdruklike goedkeuring of magtiging deur die Akademierraad moet ten strengste verbied word. Mededelings aan publiek of pers moet slegs deur middel van die Akademiesekretariaat geskied in opdrag van die Akademierraad.

504 Raadpleeg in verband met die besluit wat later geneem is, bladsy 300 en die gepaardgaande voetnota 532.

Ook met betrekking tot die verdeling van pryse is herbesin – reeds in 1952. Tydens die Fakulteitsjaarvergadering van 27 Junie 1952 het lede kennis geneem dat die Akademieprys vir Geesteswetenskappe tussen twee persone verdeel is, en na aanleiding daarvan wou L.W. Hiemstra weet waarom pryse so dikwels verdeel word. Hy het dit as ongewens beskou aangesien dit veroorsaak het dat daar te veel bekroondes is. Volgens hom moes prysverdeling slegs by wyse van hoë uitsondering geskied. F.E.J. Malherbe, die toe uittredende Fakulteitsraadvoorsitter, het geantwoord dat die Raad inderdaad liefs nie pryse verdeel nie, maar dat daar gevalle voorkom waar spesiale redes bestaan en dit onvermydelik is. F.C.L. Bosman wys daarop dat verdeelde pryse die uitsondering is soos te sien is in die gepubliseerde lys van bekroondes in die eerste nommer van die *Hertzog-Annale* (kyk Nienaber 1952:91-94). Volgens M.S.B. Kritzinger moes die ideaal van die Akademie wees om net één prys per keer uit te loof. W.J. du P. Erlank beveel aan dat wanneer 'n Keurkommissie 'n prysverdeling voorstel, die saak eers na die Breë Kommissie verwys moet word soos kan gebeur by verdeelde aanbevelings van Keurkommissies. Volgens D.F. Malherbe was daar twee gevalle waar die Keurkommissie een prys aanbeveel het, en die Raad die prys verdeel het.⁵⁰⁵ I.M. Lombard wys daarop dat **volgens die Hertzog-skenkingsakte die Raad niemand hoef te raadpleeg nie. Sy besluit is finaal.** P.C. Schoonees merk op dat daar soms sterk kritiek in die pers uitgeoefen is wanneer geen prys toegeken is nie, en dat die Raad om dié rede versigtig moes wees. **Op voorstel van Hiemstra, gesekondeer deur Erlank, het die vergadering besluit dat by verdeelde en dubbele aanbevelings deur Keurkommissies, die Breë Kommissie geraadpleeg moes word.** (FJV 1952: 27 Junie.)

F.C.L. Bosman merk in latere agendas op dat hierdie bepaling reeds bestaan (sedert 30 September 1944 – kyk eindnota 40 op bladsy 530), maar dat **die Raad sedert 30 Junie 1949 besluit het dat sy toepassing daarvan fakultatief is**⁵¹, en wil by raadslede weet (FRA 1952: 22 September; ARA 1952: 23 September):

Hou die Raad hom aan hierdie fakultatiewe vertolking of aanvaar hy die besluit as bindend? Uit die ervaring het geblyk dat die prosedure van raadpleging van breë keurkommissies tydrowend is en selde tot duidelike uitsprake lei.

Die Fakulteitsraad het besluit om die ou prosedure te handhaaf en besluite oor toekennings by verdeelde en dubbele aanbevelings aan die diskresie van die Akademiesraad oor te laat met soveel moontlik inagneming van die wense van die Jaarvergadering. Hierdie besluit sou aan die Jaarvergadering op sy volgende byeenkoms meegedeel word. (FRN 1952: 22 September.)
Die Akademiesraad het hierdie besluit bekragtig (ARN 1952: 23 September).

505 Die Raad het die 1934-Hertzogprys vir Poësie verdeel tussen Totius, Leipoldt en W.E.G. Louw, ongeag die Letterkundige Kommissie se aanbeveling dat W.E.G. Louw bekroon word (kyk voetnota 253 op bladsy 154). Drie jaar daarna is die 1937-Poësieprys weer verdeel – dié keer tussen I.D. du Plessis en Van Wyk Louw, ondanks die Letterkundige Kommissie en Breë Kommissie se keuse van Du Plessis as beste kandidaat (kyk bladsy 168).

Die volgende werke, wat volgens publikasiedatum ook in aanmerking kon kom vir die 1952-Hertzogprys, is nié in die verslag genoem nie:

1948-dramas:

- De Klerk, W.A. *Die reën van jou liefde* (opgeneem in Gerhard J. Beukes se *Uitgesoekte eenbedrywe* [kyk voetnota 464 op bladsy 260])
- De Villiers, Bosman. *Die dikker bloed* (opgeneem in Gerhard J. Beukes se *Uitgesoekte eenbedrywe*)
- Louw, Anna M. *Goud* (opgeneem in Gerhard J. Beukes se *Uitgesoekte eenbedrywe*)⁵⁰⁶
- Roubaix, Paul. *Storm: 'n eenbedryf* (opgeneem in Gerhard J. Beukes se *Uitgesoekte eenbedrywe*)⁵⁰⁷.

1949-dramas:

- Antonius. (ps.) *Koning Saul* (Nasionale Pers)
- Coetzee, S. & Van Schoor, M.C.E. *Huldiging van ons heldinne* (FAK)
- De Klerk, W.A. *Waaï westewind* (opgeneem in F.C.L. Bosman se *Vier uitgesoekte eenbedrywe*)⁵⁰⁸
- Leipoldt, C. Louis. *Die byl* (opgeneem in F.C.L. Bosman se *Vier uitgesoekte eenbedrywe*)
- Van der Walt, H.R. *Die prinsipaal van Kromvlei: 'n klugspel in ses tonele* (Nasionale Pers).

1950-dramas:

- Couzyn, Paul. *Die eerste skat: 'n drama in drie bedrywe* (J.L. van Schaik)
- De Wet, J.P.T. *Twee klugspele* (Nasionale Boekhandel)
- Pedro. (ps.) *Simson en Delila* (Nasionale Boekhandel).

506 Ook opgeneem in Charles Fryer se *Kollig* (1982).

507 Ook opgeneem in Roubaix se *Storm en ander eenbedrywe* (1951), P.J. Nienaber en J.L. Boshoff se *Wolraad Woltemade en ander eenbedrywe* (1965) en *Die storm en ander eenbedrywe* (1972) deur P.G. Nel.

508 *Vier uitgesoekte eenbedrywe*, saamgestel deur F.C.L. Bosman, bevat die volgende vier eenbedrywe: *Bo die kranse* (1947) deur H.A. Fagan (kyk eindnota 43 op bladsy 532) en drie 1949-eenbedrywe, naamlik *Alle paaie lei na Rome* deur Uys Krige, *Waaï westewind* deur W.A. de Klerk en *Die byl* deur C. Louis Leipoldt (APB).

1951-dramas:

- Roubaix, Paul. *Storm en ander eenbedrywe* (dit bevat die volgende vier werke deur Paul Roubaix: *Storm* [1948], *Spaanse vlamme* [vertaal uit Engels], *Vervlakste lewe* en *Al wat ons het*) (APB)
- Steytler, H. du P. *Vyf dogters: 'n drama in vier bedrywe* (Nasionale Boekhandel)
- Theron, Miemie-Louw. *Die verlore dogter* (N.G. Kerk-Uitgewers).⁵⁰⁹

Die Letterkundige Kommissie was veronderstel om slegs werke in aanmerking te neem wat letterlik voor 31 Desember 1951 gepubliseer is, maar met die Van Riebeeckfeestoneelwedstryd in gedagte is 'n afsnydatum van 30 April 1952 bepaal vir dramas wat vir die 1952-Hertzogprys in aanmerking kon kom (kyk bladsy 256). Dit is dus moeilik om te sê of werke wat in 1952 gepubliseer is, maar nie in die 1952-Hertzogprysverslag genoem is nie, uitgelaat is omdat uitgewers dit nie as bekroningswaardig beskou het en nie gestuur het nie, omdat daar nie andersins van die werke kennis geneem is nie, of omdat dit ná die afsnydatum van April 1952 gepubliseer is. Net dit wat vir die fees geskryf is, kon onder die spesiale toeweging in aanmerking kom

Twee versamelbundels wat in 1952 die lig gesien het, maar nie in die 1952- óf 1956-verslag gemeld word nie, is Gerhard J. Beukes se *Nuwe eenbedrywe* en *Die lewe is 'n speeltoneel* deur Fritz Steyn en andere. Dramas wat **vir die eerste keer** in hierdie twee 1952-bundels gepubliseer is, word gelys by dramas wat in aanmerking kon kom vir die 1956-Hertzogprys (kyk bladsy 308). 'n Ander 1952-uitgawe, naamlik *Die blanke stilte* deur Johannes Meintjes, is ook nie vir die 1952- óf 1956-Hertzogprys in berekening gebring nie, alhoewel dit in die 1956-verslag ressorteer onder groep een as 'n drama wat vir 1952 beoordeel is (kyk bladsy 301-302). Die 1952-verslag maak egter geen melding daarvan nie. Hierdie drama word gelys by die dramas wat veronderstel was om vir die 1956-Hertzogprys in aanmerking te kom (kyk bladsy 301). Ook N.P. van Wyk Louw se hoorspel *Dias* het in 1952 verskyn. Dit is wel vir die 1956-Dramaprys oorweeg (kyk bladsy 301).

509 Van die genoemde dramas wat in die tersaaklike tydperk verskyn het, en deur Nasionale Boekhandel gepubliseer is, maar nie aan die Akademie gestuur is nie (kyk bladsy 258), kan as voorbeeld dien van **die seleksierol wat uitgewers gespeel het**: *Koning Saul* (1949) deur Antonius, *Die prinsipaal van Kromvlei* (1949) deur H.R. van der Walt, *Twee klugspele* (1950) deur J.P.T. de Wet, *Simson en Delila* (1950) deur Pedro en *Vyf dogters* (1951) deur Herman Steytler.

Afrikaanse Pers Boekhandel het die volgende werke nie ingestuur vir oorweging nie (kyk eindnota 46 op bladsy 533): *Vier uitgesoekte eenbedrywe* (1949) saamgestel deur F.C.L. Bosman, *Die eerste skat* (1950) deur Paul Couzyn en *Storm en ander eenbedrywe* (1951) deur Paul Roubaix.



Gerhard J. Beukes, medewenner van die 1952-Hertzogprys vir Drama

Foto deur Christo, Bloemfontein



W.A. de Klerk, medewenner van die 1952-Hertzogprys vir Drama

Inligting oor fotograaf onbekend

5.2.4 DIE 1956-HERTZOGPRYS VIR DRAMA

5.2.4.1 Vooraf

Prof. G.S. Nienaber het in 1954 voorgestel dat die volgende bepaling waarop in 1942/1943 besluit is (kyk bladsy 221), hersien word (FRA 1954: 3 Mei; ARA 1954: 4 Mei):

Die onverdeelde prys word nie meer as een maal aan dieselfde persoon in dieselfde afdeling toegeken nie.

Dit was artikel 9 van die Hertzogprystoekenningsprosedure volgens die 1948/1949-inligtingstuk wat F.C.L. Bosman as Akademiesekretaris opgestel het vir gebruik deur Keurkommissies en raadslede (kyk bladsy 253 en eindnota 43). Volgens Nienaber was dit nie reg om 'n skrywer van alle verdere bekronings in 'n bepaalde afdeling uit te sluit nie. Hy het dit as basies onjuis beskou dat 'n skrywer bekroon kon word vir 'n werk van mindere gehalte in vergelyking met latere werk wat beter mag wees, maar waarvoor hy dan geen erkenning kon kry nie. (FRN 1954: 3 Mei.)

Tydens die 3 Mei 1954-Fakulteitsraadbespreking van die hersieningsvoorstel, het F.C.L. Bosman laat blyk dat 'n sterk oorweging by die aanvaarding van hierdie reël die feit was dat bekroning 'n skrywer in 'n bepaalde "uitgesogte" kategorie plaas waarvoor verdere bekronings nie nodig was nie, maar waarby verdere bekroning van werke van dieselfde skrywer wel die uitwerking kon hê om ander verdienstelike skrywers uit te sluit van die kategorie. Hy het van geen erkende nasionale of internasionale pryse geweet wat meer as een keer aan dieselfde skrywer toegewys word nie.

Die vraag is gestel in watter mate slegs "werke" en nie "skrywers" nie geld in terme van die skenkingsakte. Prof. H. v.d.M. Scholtz (sr.) het voorgestel dat die saak oorstaan vir oorweging tydens die volgende raadsvergadering. Daar is besluit dat Bosman en Nienaber memoranda moes opstel ter inligting aan die Fakulteitsraad. (FRN 1954: 3 Mei; ARN 1954: 4 Mei.)

Vir die doeleindes van sy memorandum het G.S. Nienaber die Akademie gevra vir 'n afskrif van die oorspronklike skenkingsbrief⁵¹⁰ (LK 1/5: 15 Mei 1954 – brief van F.J.H. Barnard⁵¹¹ aan P.J. Nienaber⁵¹²). In sy bedankingsbrief daarvoor herhaal hy ook 'n vroeëre versoek (LK 1/5: 20 Mei 1954):

510 Die kopie wat aan G.S. Nienaber gestuur is, was in elk geval nie gemaak van die oorspronklike kopie nie, maar van die Akademie se afskrif daarvan (kyk bladsy 22-23).

511 Barnard het C.J. de Coning opgevolg as Assistent-sekretaris en was in diens van die Akademie tot Desember 1957.

512 Barnard se brief het wel vir G.S. Nienaber via sy broer, P.J. Nienaber, bereik.

Daar is egter 'n tweede stuk wat ek moet hê en wat aan my belof is. Dit geld naamlik die motivering van die besluit om die prys nie meer as eenkeer aan dieselfde persoon toe te ken nie. Ek het van dr. Bosman verstaan dat 'n klein ad-hoc-komitee die saak ondersoek het en dat dr. Bosman lid van die komitee was en prof. F.E.J. Malherbe 'n ander lid. Dr. Bosman het op die vergadering meegedeel dat die verslag nog bestaan en dat ek ook 'n afskrif kan kry.

U begryp wel hoe belangrik dit is dat ek hierdie Verslag moet insien, want ek wil graag die feite voorlê so volledig en ewewigtig as moontlik. Dit is ook duidelik dat die tydjie kort word, en die Universiteitswerk word dringend met die eksamens reeds in sig; daarom wil ek dit so spoedig moontlik ontvang om dit vir my moontlik te maak om die motivering van my voorstel betyds in u besit te hê. Mag ek dus daarop staatmaak dat ek die bedoelde Komiteeverslag eersdaags sal hê. En sal u asb. toesien dat dit direk aan my, adres soos hierbo [Pietermaritzburg], gepos word? Baie dankie vir u hulp tot dusver.

Soos Barnard het ook F.C.L. Bosman vir G.S. Nienaber 'n afskrif van die Hertzogfondsskenkingsbrief gestuur en verder opgemerk (LK 1/5: 21 Mei 1954):

Wat betref die kommissieverslag wat jy wil hê (die van 28 Augustus 1946, geteken deur myself as saamroeper, met E.C. Pienaar en F.E.J. Malherbe), bevat dit geen verwysing na die bepaling waaroor jy begaan is nie. Hier het ek my vergis. In werklikheid is die bepaling aanvaar op die Jaarvergadering van 4 Desember 1942 op voordrag van 'n kommissie bestaande uit myself, L.W. Hiemstra en G. Dekker, wat op hulle beurt aanbevelings moes doen na aanleiding van Aanhangsel A by die Jaarvergaderingverslag waarin o.m. daardie bepaling vervat is. Motivering vir die besluite word egter nie gegee nie, behalwe dat Aanhangsel A begin met die woorde "ten einde 'n wyer nuttigheidsveld te skep vir die aanmoediging wat prystoekennings in die Afrikaanse kultuurontwikkeling kan meebring." [Kyk bladsy 221.]

Hierdie Aanhangsel A gaan weer terug na 'n bespreking en besluite op die Jaarvergadering van 14 Desember 1940 wat as volg genotuleer is

Dan haal Bosman die notule aan (kyk bladsy 293-294). Bosman wou ook afskrifte van al die ander stukke laat maak en stuur, maar kon nie weens verskeie beperkings met betrekking tot tyd en beskikbare tiksters.

G.S. Nienaber bedank vir Bosman (LK 1/5: 29 Mei 1954):

Baie dankie vir die afskrif van die Schenkingsbrief en vir die uittreksel uit die Notule van Des. 1940 en die verdere berigte aangaande die Hertzogprys-toekenning. My Memorandum stuur ek saam; jy sal merk tot hoe 'n mate ek van die feite gebruik gemaak het wat jy vertrek het.

Kyk, dit is werklik die enigste eksemplaar. Daarom stuur ek dit aangetekend via Petrus [P.J. Nienaber, sy broer]. Ek sal nie die moed hê om dit oor te skryf nie. Maar nou, Freddie, kan jy daarvan wasvelafdrukke laat maak vir die Raadsvergadering? Hulle wou mos 'n Memorandum gehad het! Dit was baie werk vir my, vier dae se werk; dit was heelwat werk vir jou, en vir hulle wat dit skaars gaan lees, of glad nie, is dit die

minste werk. So bereik ons die klimaks, die hoogtepunt, die besluit! As hulle dit maar in die hande van jou, Petrus en my gelaat het dan doen ons dadelik soos ek gevra het en alles is in die haak en ons op die goeie pad. Jy gaan mos nie meer 'n Memo. opstel nie, aangesien jy jou ook oortuig is as 'n goeie student van feite en 'n soeker na die welsyn van die Akademie? Pragtig, soos Petrus sê, pragtig. Ek het geweet ek kan uiteindelik op jou steun en staatmaak.

G.S. Nienaber noem ook dat die inhoud van sy memorandum deur A.P. Grové en C.J.M. Nienaber goedgekeur is. Die volgende ongedateerde Akademieargiefdokument in die handskrif van prof. A.P. Grové, gee sý mening weer:

Ons moet helderheid kry omtrent die basis waarop die prys toegeken word. Is dit 'n troosprys, 'n aanmoedigingsprys of 'n prys vir die beste werk? As die akademie [sic] hieroor in die duister verkeer, kan dit slegs die prestige van die prys ondermyn, want dit kan meebring dat die prys die een jaar suiwer op meriete toegeken word, die volgende jaar nie.

As ek dit reg het, is die prys aanvanklik bedoel vir die beste werk (vgl. P.J.N.: Op Brandwag vir Ons Taal bl. 44: "Die orige deel van die bedrag ... is later aan die Akademie gegee om die beste letterkundige werk in Afrikaans met 'n geldprys van £50 jaarliks, bekend as die H-prys, te bekroon."

As ons van hierdie prinsipe afwyk, moet ons dit duidelik stel sodat die publiek en die kunstenaars dit weet. Maar dan moet ons nie verbaas wees as die prys in die toekoms meermale van die hand gewys word nie.

Deur bekroonde kunstenaars vir mededinging uit te skakel is ons besig om twee here te dien. Ons wil verdienstelike werk van beginners aanmoedig en ons wil terselfdertyd die prestige v/d prys handhaaf met die gewaande veronderstelling dat ons dit alleen vir die beste werk toeken. Die toestand is onhoudbaar en wel om die volgende redes:

- (1) Dit sou nie noodwendig langer 'n prys vir die beste werk wees nie, en kunstenaars van betekenis sal weier om in aanmerking te kom.
- (2) 'n Verdienstelike jonger kunstenaar wat die prys kry, sou ten onregte voordeel trek uit die tradisionele status v/d prys, aangesien dit vroeër slegs op meriete toegeken is.
- (3) Watter vreugde kan 'n jong kunstenaar aan die prys hê, as hy weet sy kragtigste mededingers kon nie meeding nie!
- (4) As ons voortgaan om reeds bekroondes buite oorweging te laat, sal ons naderhand sonder kunstenaars sit om te bekroon en elke skrywertjie of digtertjie sal kan spog met die prys. Hoe ouer kunstenaars, wat vroeër die prys op meriete gekry het, oor hierdie toedrag van sake sal voel, kan ons maklik raai. Met die nuwe reëling is ons besig om die waarde van die prys te vernietig.
- (5) Dit kan nou gebeur dat verdienstelike werk van 'n beginner bekroon word, terwyl latere ryper werk onbekroon gelaat word.
- (6) Dis geen beswaar dat dieselfde kunstenaar meermale die prys ontvang nie. In die verlede het dit dikwels gebeur (Totius: 1 alleen en 1 verdeel;⁵¹³ Van Bruggen 3

513 In 1915/1916 vir *Trekkerswee* (kyk bladsy 52), en in 1934 vir *Passieblomme* saam met Leipoldt en W.E.G. Louw (kyk voetnota 253 op bladsy 154).

alleen en 1 verdeel⁵¹⁴). As daar iemand onder ons opstaan wat tien of twaalf jaar 'n hoë peil handhaaf, kan ons alleen dankbaar wees. Maar dan moet ons ook waak daarteen dat 'n prys bloot op reputasie toegeken word. Dit kan ons doen, nie deur bekroondes buite rekening te laat nie, maar deur bv. beoordelaars te verwissel van tyd tot tyd en slegs persone te benoem op die keurkommissies as hulle bewys het dat hulle nie deur reputasies op loop gejaag word nie.

Ter aanvulling van sy brief van 21 Mei het Bosman vir G.S. Nienaber op 5 Junie 1954 ook die volgende gestuur (LK 1/5), maar toe was Nienaber se verslag, gedateer 29 Mei 1954, reeds voltooi:

- (1) Aanhangsel A soos goedgekeur op die Jaarvergadering van 4 Desember 1942.
- (2) Die verslag van die Kommissie van 28 Augustus 1946 wat die pryse vir geesteswetenskappe losgemaak het van die Hertzogpryse en ingestel het as 'n aparte groep Akademiepryse. [Kyk bladsy 238.]
- (3) Die prosedure i.v.m. die genoemde Akademieprys soos dit vorm geneem het in die loop van die volgende jare.

Uiteindelik het tóg twee memoranda die lig gesien – Nienaber s'n én dié van Bosman. Dit is as bylae aangeheg by die agenda van die Fakulteitsraad- en Akademierraadsvergaderings van 30 Junie en 1 Julie 1954.

G.S. Nienaber se memorandum, waarin ook A.P. Grové se menings deurskemer, lyk só (LK 1/5: 29 Mei 1954; ook beskikbaar as FRA 1954: 30 Junie – bylaag C; ARA 1954: 1 Julie – bylaag D):

MEMORANDUM OOR HERTZOG-PRYS.

1. VOORSTEL: Daar word voorgestel dat die volgende reël van prosedure i.v.m. die toekenning van die Hertzogprys in hersiening geneem word: “Die onverdeelde prys word nie meer as een maal aan dieselfde persoon in dieselfde afdeling toegeken nie.” Die voorsteller [G.S. Nienaber] is van oordeel dat dit herroep moet word.
2. AANLEIDING TOT VOORSTEL: Ons weet dat sommige persone voor 1940 meer as een keer bekroon is. Die rede hoekom 1940 genoem word, is omdat die aangeleentheid bespreek is op die Algemene vergadering wat daardie jaar op 14

514 In 1917/1918 vir *Teleurgestel* (kyk bladsy 61), in 1924/1925 vir *Ampie: die natuurkind* (kyk bladsy 98) en in 1933 vir *Die sprinkaanbeampte van Sluis*, asook die verdeelde prys in 1926/1927 vir *Ampie: die meisiekind*, saam met C.J. Langenhoven en Sangiro (kyk bladsy 116).

Desember gehou is. Die eerste toekenning is in 1914 gemaak⁵¹⁵; vier keer was daar geen toekenning nie (nl. in 1929, 1931, 1932 en 1938) en vir die volgende jare besit ons geen besonderhede nie: 1917, 1918, 1920, 1921, 1922, 1923 en 1924.⁵¹⁶ As ons ons net by die 16 gevalle bepaal waarvoor die nodige inligting beskikbaar is, dan blyk dit dat Jochem van Bruggen die prys vier keer ontvang het, drie keer onverdeeld; D.F. Malherbe drie keer, een maal onverdeeld; Totius, C.M. van den Heever en Van Wyk Louw elk twee keer, telkens een maal onverdeeld, en A.G. Visser het dit twee keer gekry saam met ander. ⁵²

'n Mens kan goed verstaan dat dié toestand vir sommige as minder gewens voorgekom het. Daar is op die bewuste Jaarvergadering besluit dat die Raad op die saak moet ingaan. Hulle het 'n Verslag uitgebring wat met hierdie woorde begin: “Ten einde 'n wyer nuttigheidsveld te skep vir die aanmoediging wat prystoekennings in die Afrikaanse kultuurontwikkeling kan meebring ...” [kyk bladsy 221]. Dit is al motivering wat vir die oplegging van die beperking gegee word, soos dit aangeneem is op die Jaarvergadering van 4 Desember 1942. Die sleutelwoorde hier is: “vir die aanmoediging...”

Die reëling om 'n persoon te bekroon en nie 'n bepaalde werk nie, is nou al twaalf jaar lank van toepassing. Dit is goed om ons af te vra hoe dit gewerk het. Laat ons kyk na die toekennings op die gebied van die poësie, wat sedert 1942 al om die vier jaar gemaak word. In 1943 is Elisabeth Eybers daarmee vereer vir haar twee bundels Die stil avontuur [1939] en Belydenis in die skemering [1936]; in 1947 Opperman vir Heilige beeste [1945] en in 1951 Toon van den Heever vir al sy digwerk.

Opperman se onrypste pogings is bekroningswaardig geag, maar sy allerbeste werk wat selfs besondere hoogtepunte in ons hele letterkunde vorm, bv. Joernaal van Jorik [1949], kan nie in aanmerking kom nie. Om dieselfde rede is Gestaltes en diere [1942 – N.P. van Wyk Louw] of Raka [1941 – N.P. van Wyk Louw] uitgesluit. Dit maak nie saak hoe 'n mens daarna kyk nie, dit bly 'n feit dat hierin iets ongerymds skuil, iets strydigs met die opvatting wat 'n mens van die Hertzogprys het.

Sulke oorwegings het aanleiding gegee om die saak met ander belangstellendes te bespreek, van wie sommige, soos dr. A.P. Grové, met dieselfde soort twyfel geslaan is as die voorsteller. Daarom word die vraag gestel of ons werklik op die goeie weg is. Handel ons nog ooreenkomstig die oorspronklike wens van die skenker?⁵¹⁷

3. Die skenkingsbrief:⁵¹⁸ Die dokument wat in hierdie verband as die pleganker beskou moet word, is die Schenkingsbrief waarin genl. Hertzog notarieel laat vaslê het wat hy met die stigting van 'n Hertzog-Taalfonds beoog het. Daarin

515 Die eerste Hertzogprys is in 1916 toegeken vir werk wat vir beoordeling ingestuur is gedurende die tydperk Januarie tot Desember 1915 (kyk bladsy 52 en voetnota 61 op dieselfde bladsy).

516 Die 1917/1918-Hertzogprys is toegeken aan J. van Bruggen vir *Teleurgestel* (kyk bladsy 61). Leon Maré het die 1919/1920-prys ontvang vir sy versameling sketse gepubliseer onder die titel *Ou Malkop* (kyk bladsy 73).

517 Op die oorspronklike weergawe is met die hand aangedui dat die woord “skenker” met 'n hoofletter gespел moet word. Dit is onbekend of hierdie, en ander handgeskrewe veranderinge, Nienaber self s'n is, of dié van Bosman vir oortikdoeleindes.

518 Met die hand is bygeskryf dat dit hoofletters moet wees.

word twee maal regstreeks en een maal onregstreeks gesê wat sy wense is. Ek haal daaruit aan: (Die dokument word geteken onder die voorwaardes:)⁵¹⁹

“2. Dat de Kuratoren ... het recht en de macht zullen hebben om ... (c) ... voornamelijk de renten, die door gemeld fonds gewonnen mochten worden jaarliks, na aftrek van enige kosten van administratie daaraan verbonden bij wijze van een prijs of erebeloning te schenken aan de schrijver of schrijfster van het beste letterkundige werk van belletristiese aard in de Afrikaanse Taal, onderworpen aan de hierinlater bevatte kondities; ...

Gemelde prijs of erebeloning zal geschonken en uitgelooft worden met het oog op⁵²⁰ en onder de volgende kondities, die stiptelik door de Kuratoren nagevolgd zullen moeten worden: ...

(b) Alleen werk van de eerste rang zal beloond worden ...”. [Kyk bladsy 19-20.]

Hier word verskillende bepalings neergelê, maar daar is veral⁵²¹ drie vasstellings wat met betrekking tot die voorstel van besondere belang is:

(a) Daar word gepraat – nie van ’n persoon nie, maar van ’n werk, ’n letterkundige kunsskepping, sonder inagneming van wie die kunstenaar is.

(b) Daar word telkens op die hoë gehalte nadruk gelê; dit moet werk “van de eerste rang” wees. As “het beste letterkundige werk ... in de Afrikaanse Taal” nie op peil is nie, moet die prys weerhou word, tot selfs gedurende⁵²² vyf agtereenvolgende jare. Die skenker⁵²³ het in gedagte slegs⁵²⁴ die beste wat die Afrikaanse letterkunde voortbring het.

(c) Die Skenker gee tot twee keer toe ’n naam aan die geldbedrag. Dit is ’n “prijs of erebeloning,” en nie ’n aanmoedigings- of troosprys nie, ook nie ’n vergoeding nie.

4. DIE UITWERKING VAN DIE BESLUIT VAN 1942: Die besluit van 1940 lui: “Die Jaarvergadering dra die Raad op om die hele wyse van toekenning van die Hertzogprys, sowel as die bestemming van die fonds, in hersiening te neem, met volmag om in oorleg met die skenker enige wysigings aan te bring wat, in die lig van die hier uitgesproke wenke, veral met die oog op jonger skrywers, wenslik gegag mag word.” [Kyk bladsy 218.] Ons moet aanneem dat die besluit van 1942

519 Die gedeelte “onder die voorwaardes” is met die hand bygevoeg.

520 Die “op” is met die hand ingevoeg.

521 Die woord “veral” is met die hand bygeskryf.

522 Die woord “gedurende” is met die hand bygeskryf.

523 Die “s” van “skenker” is per hand in ’n hoofletter verander.

524 Die woord “slegs” is in handskrif bygevoeg.

die goedkeuring van genl. Hertzog weggedra het, wat nodig was om 'n wysiging aan te bring, ooreenkomstig punt (e) van die Voorwaardes.⁵²⁵

Dit is nogtans duidelik dat die hele karakter van die oorspronklike “erebeloning” aangetas is deur hierdie wysiging. Ons wil aan die een kant die beste werk in 'n afdeling signaleer en die betrokke kunstenaar met die prys vereer, maar ons wil aan die ander kant ook onbekroonde en jonger skrywers aanmoedig. Ons maak hier voorsiening vir die moontlikheid van 'n dubbele maatstaf, omdat die twee oorwegings nie altyd tot dieselfde slotsom hoef te lei nie. Dit besit 'n inherente tweeslagtigheid. Die een keer geskied die toewysing volgens meriete, soos dit inderdaad behoort te wees, maar die volgende keer word die beste werk verbygegaan omdat die bepaalde kunstenaar al die prys ontvang het.

'n Flagrante voorbeeld daarvan is reeds genoem. Bedink dat Gestaltes en diere en Raka van Van Wyk Louw of Negester oor Nineve en Joernaal van Jorik van Opperman nie bekroon is nie of nooit kan word nie. Stel dit naas die bedoelinge vervat in (b) en (c) van ons konklusies hierbo! Die digter Opperman is bekroon, so word gesê, maar let op die motivering – dit het geskied na aanleiding van sy mins verdienstelike bundel. Het die verering in hierdie geval, gelet op sy ontwikkeling, dan nie te gou gekom nie? En waar 'n jeugwerk en eersteling later moontlik weer die aanleiding kan wees, watter waarborg het die Akademie dat so 'n bundel nie 'n kragtoer verteenwoordig en dat die digter (want dit is, volgens die nuwe besluit, die kunstenaar of persoon wat in tel is) nie daarna gaan afsak of geïnverteerd gaan ontwikkel nie?

Die eintlike beswaar is dat ons tegelykertyd twee here wil dien. Ons wil beloon maar ook aanmoedig. Ter wille van die beloning soek ons die beste, ter wille van die aanmoediging kies ons soms die tweede beste. Wanneer die beloning volgens meriete geskied, is die basis suiwer. Wanneer ons egter die beste werk van 'n tydvak buite rekening laat deurdat ons die persoon uitsluit, en dan noodgedwonge ons keuse beperk tot swakker werk van mindere kunstenaars, dan maak ons die prys verdag en verlaag die prestige daarvan, nie net in die huidige geval nie, maar ook die vorige toekennings ly daaronder. Ons ondergrawe die waarde en die betekenis van die prys. Ons verminder die eer wat die geringe geldelike toevoeging vergesel en inderdaad meer is as die tasbare porsie.

Deur die bestes eenkant toe te skuif omdat hulle reeds vereer is, handel ons asof daar gemeen word dat hulle nie meer “aanmoediging” verdien nie, en straf ons hulle omdat hulle 'n sekere peil bereik het. Aan die orde kom nou die bestes onder die middelmatiges. Met 'n bietjie oordrywing kan 'n mens selfs beweer dat 'n persoon met 'n redelike mate van talent sy beurt moet afwag totdat sy meerderes almal uitgevang is. So berei ons die weg voor dat kunstenaars op die prys kan begin neersien, en dit moet ons glad nie verbaas nie as latere sterk kragte verkies om dit van die hand te wys, omdat die prys hulle nie meer eer nie, maar hulle die prys. Op die gebied van die poësie is ons vinnig besig om so 'n toestand van verlaagde prestige vir die prys te skep en⁵²⁶ om daardeur die Skenker se bedoeling te verydel en hom in 'n minder gunstige lig te stel.

Ons het nou gedurende 'n dosyn jare gesien dat die praktyk die besluit van 1942 ten minste op die gebied van die poësie as gevaarlik uitgewys het. Ek meen dat ons dit moet herroep en moet vervang deur 'n suiwerder basis: die beste werk

525 Uit Akademiebronne kan nie vasgestel word of Hertzog tot hierdie verandering ingestem het voor sy dood nie (kyk bladsy 220). Die skenkingsakte bepaal dat, ná Hertzog se afsterwe, die Akademieraad as kuratore van die Hertzogfonds, die reg het om aan die akte te verander op voorwaarde dat die betrokke besluite eenparig is (kyk bladsy 21).

526 'n Punt ná “skep” en 'n hoofletter "E" is met die hand verander na 'n komma en 'n kleinlettertjie “e”.

moet bekroon word, en alleen die beste werk, in die bepaalde afdeling wat aan die beurt is. Dit is ook genl. Hertzog se woorde, “het beste letterkundige werk.” Dan sal die prys ’n “erebeloning” bly. En as daar ’n kunstenaar is wat ’n reeks werke kan voortbring so hoogstaande dat hy meer as eens die prys verwerf, laat ons die Here liewers daarvoor dankbaar wees! Dit sal, soos die bou van wolkekrabberkerke, m.i. ’n ontwikkeling in die regte rigting wees.

Die verslag is op 29 Mei 1954 in Pietermaritzburg onderteken.

Bosman gee die volgende uiteensetting in sy memorandum (FRA 1954: 30 Junie – bylaag D; ARA 1954: 1 Julie – bylaag J):⁵²⁷

PROSEDURE I.V.M. TOEKENNING VAN HERTZOGPRYS.

Memorandum van Sekretaris i.v.m. voorstel prof. G.S. Nienaber tot wysiging van Art. 9: Die onverdeelde prys word nie meer as een maal aan dieselfde persoon in dieselfde afdeling toegeken nie.

Hierdie bepaling is ingestel op die Jaarvergadering van 4 Desember 1942 en gaan terug na ’n bespreking en besluite van die Jaarvergadering van 14 Desember 1940 was as volg genotuleer is [kyk bladsy 218-218]:

“(v) Toekenning van die Hertzogprys

Prof. D.B. Bosman stel voor dat jong skrywers die voorkeur moet kry aangesien dit moontlik kan wees dat ’n meester sy verskyning maak en dan elke jaar met die prys heengaan.

Dr. van Hoepen stel die vraag of die prys aan die werk of aan die persoon toegeken word. Ander akademies [sic] gee dit aan die persoon, en omdat ’n persoon net eenmaal gehuldig word, word die prys net eenmaal aan dieselfde man toegeken.

Mnr. L.W. Hiemstra vereenselwig hom met die vorige gedagte en gee aan die hand dat die prys in dieselfde afdeling (prosa, poësie, ens.) nie meer as eenmaal aan dieselfde persoon toegeken word nie.

Die Voorsitter [S.H. Pellissier] wys daarop dat die tyd aangebreek het dat die hele stelsel van toekenning in hersiening geneem moet word.

Mnr. Booyen sê dat dit moeilik is om ’n bundel kort verhale met ’n roman te vergelyk.

Die volgende voorstel van mnr. Hiemstra word aangeneem:

Besluit: Die Jaarvergadering dra die Raad op om die hele wyse van toekenning van die Hertzogprys, sowel as die bestemming van die fonds, in hersiening te neem, met volmag om in oorleg met die

527 Die woord "bellettrie" is twee keer met een "t", en twee keer met twee "t"s gespel in die oorgetikte verslae soos dit in die bylae verskyn. Aangesien die oorspronklike memorandum nie opgespoor kon word vir kontroledoeleindes nie, word die woord in Bosman se memorandum telkens gespel as "bellettrie".

skenker enige wysigings aan te bring wat, in die lig van die hier uitgesproke wenke, veral met die oog op jonger skrywers, wenslik mag geag word.”

Die gevolg van hierdie besluit was sekere Aanhangsel A wat deur die Raad gelê is voor die Jaarvergadering van 4 Desember 1942. Op die Jaarvergadering is dit vir onmiddellike rapport verwys na ’n komitee bestaande uit mnr. L.W. Hiemstra, prof. G. Dekker en dr. F.C.L. Bosman. Hierdie komitee het die voorstelle byna in sy geheel aanbeveel, waarna ook die Jaarvergadering dit goedgekeur het. Die belangrikste kenmerke van die verslag [kyk bladsy 221-223] was:

- (1) Die Aanhef: “Ten einde ’n wyer nuttigheidsveld te skep vir die aanmoediging wat prystoekeninge in die Afrikaanse kultuurontwikkeling kan meebring ...”.
- (2) Die instelling van nog ’n groep bekroonbare werke. Dit was ’n groep Wetenskaplike Prosa of Letterkundige Wetenskap naas die oorspronklike groep Bellettrie. Albei groepe is ook verdeel in vier afdelings, elk waarvan roteer om die vier jaar.
- (3) Beperking van bekronings. Die instelling van die bepaling: Die onverdeelde prys word nie meer as een maal aan dieselfde persoon in dieselfde afdeling toegeken nie.
- (4) Verkryging van instemming van skenker vir veranderinge.

Wat (1) die aanhef betref, kan ek [F.C.L. Bosman] dadelik opmerk dat by die gebruik van die woorde veral gedink is aan die uitbreiding van die pryse na “wetenskaplike prosa” en die aanmoediging van die tipe werk. By toekennings van die Hertzogprys vir Bellettrie het dit selde of nooit gegeld nie, sekerlik nie sedert 1946 nie toe die “Wetenskaplike Prosa” weer losgemaak is van die Hertzogprys en ’n eie bekroningsgroep geword het, nl. die Akademieprys vir Geesteswetenskappe. Sover my herinnering gaan het gehalte van werk en gehalte alleen nog altyd getel by toekennings van die Hertzogprys vir letterkunde. Wat meer is, ek kan my verskeie gevalle herinner waar keurkommissies die “aanmoedigingsmotief” wou byvoeg by hulle aanbevelings en dit verwerp is deur die Raad.⁵²⁸ Sedert ek Sekretaris geword het [Januarie 1948], het ek wat hierdie punt betref, die saak ook baie duidelik gestel aan mnr. Lombard, die vorige sekretaris. Mnr. Lombard was altyd baie beslis daarvoor dat die Hertzogprys vir Bellettrie enkel “beloning” of “erkenning” is, en nie “aanmoediging” nie.⁵²⁹ Prof. Nienaber se veronderstelling dus dat die Hertzogprys toegeken word vir aanmoediging sowel as beloning hou geen steek nie en daarmee verval ’n groot deel van sy betoog.

Bosman self was intens betrokke by die 1942-voorstelle. Wat hy nié in sy memorandum noem nie, is punt 8 waarmee die 1942-prosedureveranderingdokument afsluit (kyk bladsy 223), en wat, net soos die inleidingsparagraaf daarvan, die aanmoedigingsgedagte voorop stel:

528 Raadpleeg die opmerkings wat gemaak is tydens die bespreking van die 1932-Dramatoekening (kyk bladsy 139-140). Bosman was egter toe nog nie lid van die Letterkundige Kommissie nie. Hy verwys hier moontlik na prosa- en poësieverslae.

529 Raadpleeg i.v.m. die aanmoedigingsgedagte bladsy 217-218.

Waar die Akademie reeds erepenninge toeken op die gebied van die beeldende kunste en musiek, sal die aanmoediging van Afrikaanse werk op die gebied van die eksakte en natuurwetenskappe langs 'n ander weg as uit die Hertzogfonds moet gesoek word.

Die Bosman-memorandum vervolg:

Wat (2) betref Hertzogprys vir Wetenskaplike Prosa, het die Raad baie gou teruggekom van die verwydingsveldidee van die Hertzogprys. Soos reeds vermeld is die toestand in 1946 beëindig en het die Akademie teruggekeer tot 'n Hertzogprys bloot vir belletrie.

Bosman verwys dan na die September 1946-verslag van 'n ad hoc-kommissie bestaande uit homself, proff. E.C. Pienaar en F.E.J. Malherbe en haal paragraaf 1 aan (kyk bladsy 238). Hy sê voorts:

'n Verdere oorweging was dat vir hierdie soort werk wetenskaplike gehalte as eerste vereiste moes geld en nie taal en styl nie. Derhalwe kon sulke werke nie inpas onder die Hertzogprys nie waarby letterkundige gehalte die vereiste is.

Die instelling van die Akademieprys vir Geesteswetenskappe word genoem en verwys na die opmerkings onder punt 4 (kyk bladsy 239).

Wat punt (3) betref, naamlik die beperking van bekroning tot een kategorie per persoon, het Bosman opgemerk:

- (a) Dis 'n onjuiste voorstelling om te sê dat tans die persoon bekroon word en nie die werk nie. Die werk word nog altyd voorop gestel en die persoon kom alleen in aanmerking vir sover geskrif en skrywer onverbreeklik aan mekaar verbind is. By besprekings i.v.m. die beperking is o.a. gevoel dat die verkryging van 'n Hertzogprys 'n skrywer met sy werk in 'n bepaalde kategorie plaas waarby verdere bekronings van die tipe werk slegs 'n reeds uitgemaakte waarde andermaal kan beklemtoon ("accentuating the obvious") en ander verdienstelike persone van die prys onthou.

Prof. Nienaber se afleiding hiervan dat so 'n grondslag noodwendig die peil van die toekenning moet verlaag omdat nie altyd die "absoluut" beste werk in die kategorie sou bekroon word nie, hou geen steek nie. Dit bewys die aantal kere wat reeds geen toekenning gemaak is nie en die feit dat bekroonbare werke deur keurkommissies en raad slegs aan die hoogste peil getoets word. Moontlik sou dit egter beter wees om die volgorde van idees in die bepaling anders te stel, nl. die onverdeelde prys word nie meer as een maal in dieselfde afdeling aan dieselfde persoon toegeken nie (i.p.v. aan dieselfde persoon in dieselfde afdeling, soos tans nie).

Die drie laaste paragrawe van prof. Nienaber wil die huidige toestand tot 'n "reductio ad absurdum" bring, maar dit gaan nie op nie omdat (a) die Hertzogprys vir letterkunde nog altyd was en bly, 'n prys of "beloning" en nie 'n "aanmoediging" nie; (b) nog steeds die hoogste vereistes gestel is vir bekroning.

As 'n nuwe werk nie gelykstaan aan die bestes nie word hy eenvoudig nie bekroon nie.

Bosman merk op dat, wat punt 4 betref, hy nog altyd van mnr. Lombard begryp het, en dat dit sover hy die notules kon nagaan, bevestig is dat prinsipiële veranderings in die Hertzogprys-skenkingsvoorwaardes nog steeds gebeur het met instemming van die skenker.⁵³⁰

Ten slotte sê Bosman in sy verslag, gedateer 17 Junie 1954:

- (1) Die Hertzogprys moet gesien word in die kader van ander nasionale en internasionale pryse en erkenings vgl. Nobelprys, Van der Hoogtprys, ens. Sulke pryse word net een maal toegeken. Bereiking daarvan beteken 'n erkenning waaraan dit niks toedoen of die werk van 'n skrywer daarna iets beter of iets slegter is nie. Die skrywer het 'n sekere standaard bereik en daarmee is die kwaliteit van sy werk afdoende gesignaleer. Of bv. Die Joernaal van Jorik beter of slegter is (en vele mense reken dit is slegter) as Heilige Beeste verander niks aan die fundamentele erkenning nie: Opperman is 'n eersterangse digter en het die Hertzogprys as erkenning daarvoor ontvang.
- (2) As werk van 'n skrywer soms te gou bekroon word, lê die redmiddel by die Raad self: strenger vereistes stel. Maar ophoping van bekronings by een skrywer en troostelose uitskakeling van ander binne dieselfde bekroningsgebied kan nóg die wesenlike doel dien van die Hertzogskenkingsakte nóg die doel van die Akademie.

Op 30 Junie 1954 het die volgende Fakulteitraadsvergadering plaasgevind. Die Voorsitter, prof. T.H. le Roux, wou weet of G.S. Nienaber nog iets by sy memorandum wou voeg. Nienaber het gemeen dat sommige opmerkings van Bosman ongeregverdig was en dat Bosman nie die kern van die saak voldoende raak nie. Nie die skrywer nie maar sy wêrke moet bekroon word – ook meer as een keer waar hy dit verdien. Volgens Nienaber was dit ook beter as om soms heeltemal geen bekronings te hê nie.

F.C.L. Bosman het beklemtoon dat Hertzogprystoekennings gewoonlik eerder te laat as te vroeg kom en dat meer bekronings as een onnodig is om die kaliber van die werk van 'n skrywer te bestempel. Parallel aan die Hertzogprys was die Havengapry in die Fakulteit vir Natuurwetenskap en Tegniek en daar was dubbele bekronings ondenkbaar.

Sterk verdeeldheid het oor die saak geheers. D.F. Malherbe wou die toestand behou soos dit was. Volgens hom was dit onwenslik om 'n skrywer herhaaldelik te bekroon vir dieselfde soort werk. G.S. Nienaber is egter deur J. du P. Scholtz gesteun. Ook Scholtz het gemeen dat die latere werk

530 Dit is onseker of Hertzog tot die 1942-veranderinge ingestem het (kyk bladsy 220).

van 'n skrywer soms beter kan wees as sy vroeëre en dat so 'n skrywer weer in aanmerking behoort te kan kom vir latere werk.

Volgens prof. Thom was daar drie hoofpunte in die argument:

- gevaar van ophoping van bekronings by sekere skrywers;
- gevaar van geen bekroning in 'n sekere jaar waar tog verdienstelike werke bestaan, maar sulke werke buite bekroning gelaat word omdat die betrokke skrywer reeds bekroon is;
- aanvaarding dat bekronings erkennings is van bereikte standaard en nie ter aanmoediging van skrywers nie. Alles in ag genome wou Thom Nienaber se voorstel steun.

Raadslede het vervolgens gestem: drie was ten gunste daarvan dat die beperkende reëling verval, een was daarteen en een het buite stemming gebly.⁵³¹ Die voorstel is amptelik aangeneem en voor die Akademiesraad gelê vir goedkeuring. **G.S. Nienaber het daarop gewys dat die Akademiesraad as kuratore volgens die skenkingsakte, eenparig sou moes wees in hulle aanvaarding van sy voorstel om die verandering van prosedure geldig te maak.** Bosman was van mening dat, aangesien die oorspronklike bepaling 'n besluit van die Jaarvergadering was, die Raad ook die instemming van die Jaarvergadering moes verkry voor die wysiging uiteindelik aangebring kon word. (FRN 1954: 30 Junie; ARN 1954: 1 Julie; 1954/1955-Akademiejaarverslag; ARA 1955: 30 Junie; FJV 1955: 1 Julie.)

Ook in die Akademie se 1954/1955-jaarverslag staan dat artikel 9 oorspronklik ingevoeg is as gevolg van 'n jaarvergaderingsbesluit geneem in 1940 en goedgekeur in 1942, en dat herroeping daarvan derhalwe ook weer deur die Jaarvergadering moes gaan. **Hierdie voorstelling van sake was egter nie korrek nie, want die finale gesag het by die Akademiesraad as kuratore berus.** Die besluite het wel uitgegaan vanuit die Jaarvergaderingsgeleedere, maar daarna is dit na die Fakulteits- en Akademiesraad. Die Akademiesraad moes dit uiteindelik goedkeur. Dit was nie vir die Akademiesraad verpligtend om weer die Jaarvergadering van die Fakulteit te raadpleeg indien hulle sou wou verander aan die bepalinge nie – hulle sou dit hoogstens kon doen uit ordentlikheid

531 Van die 7 Fakulteitsraadslede was 5 teenwoordig: prof. T.H. le Roux (Voorsitter), D.F. Malherbe (Ondervoorsitter), J. du P. Scholtz, H.B. Thom en G.S. Nienaber self, opsteller van die een memorandum. 'n Sesde persoon, prof. J. de W. Keyter het as sekondus ingestaan vir prof. H. v.d.M. Scholtz (sr.). Geen sekondus het opgetree namens dr. P.J. Nienaber wat met kennisgewing afwesig was nie. (FRN 1954: 30 Junie).

Le Roux, die Voorsitter, het nie gestem nie. Op 'n vraag het hy geantwoord dat hy aanvanklik die opvatting van Bosman onderskryf het, maar later besluit het om Nienaber se voorstel te steun – 'n standpunt wat hy uitgespreek het tydens die Akademie se algemene huishoudelike jaarvergadering (kyk bladsy 299).

Van die oorblywende 5 aanwesiges het 4 wel gestem: drie was ten gunste daarvan dat die beperkende reëling verval, een was daarteen. Waarskynlik het G.S. Nienaber, self 'n Fakulteitsraadslid, nie gestem nie omdat hy self die een memorandum opgestel het. Ten gunste van die skrapping was waarskynlik J. du P. Scholtz, H.B. Thom en Keyter (namens H. v.d.M. Scholtz), en vir die behoud van die beperkende reëling D.F. Malherbe.

of erkentlikheid, maar het nie werklik die Fakulteitsjaarvergadering se toestemming nodig gehad nie. (Raadpleeg bladsy 223.)

Die Akademiesraad het besluit om enige wysigings in verband met die Hertzogprys te laat oorstaan vir oorweging totdat besluit is oor ánder sake met betrekking tot bekronings.⁵³ Die voorstel om artikel 9 te herroep, het telkemale oorgestaan (FRA en FRN 1955: 1 April; ARA en ARN 1955: 2 April). Tydens die 2 April 1955-Akademiesraadsvergadering het J. du P. Scholtz kennis gegee van 'n mosie by die volgende raadsvergadering dat die Raad oor hierdie voorstel moes besluit ónafhanklik van die ander voorwaardes en bepalinge wat deur die Raad oorweeg word in verband met erepenninge, Hertzog- en Havengapryse.

'n Eenparige Akademiesraadsbeslissing was nodig om artikel 9 te laat verval. Volgens 'n Akademiesraadagenda was prof. D.F. Malherbe nog altyd teen die voorstel gekant en sou hy nie by die vergadering teenwoordig kon wees nie (ARA 1955: 30 Junie).

Tydens die 29 Junie 1955-Fakulteitsraadsvergadering is op voorstel van G.S. Nienaber besluit dat die Akademiesraad gevra sou word om níe oor hierdie saak te besluit voordat die Fakulteitsjaarvergadering sy sienswyse hieroor uitgespreek het nie. Die Akademiesraad het daarmee akkoord gegaan en besluit om daarna ook die mening van die Akademiejaarvergadering in te win (ARN 1955: 30 Junie).

Tydens die Fakulteit se 1955-jaarvergadering het G.S. Nienaber die situasie rondom die herroepingsvoorstel geskets en die belangrikheid en noodsaaklikheid daarvan beklemtoon. Vir hom was selfs die goeie naam van die Akademie op die spel. (FJVN 1955: 1 Julie.)

F.C.L. Bosman het ook sý memorandum, die ander kant van die saak, verdedig en gesê dat hy dit gedoen het, deels as Sekretaris om die Raad behoorlik op hoogte te stel van alle betrokke feite, en deels as sameroeper van die Kommissie van 1946 (kyk bladsy 238) wat die nuwe bepaling voorgestel het – die bepaling wat Nienaber herroep wou sien. Wat volgens Bosman wel sou kon pleit vir Nienaber se standpunt, was die feit dat meermale geen bekroning plaasgevind het nie, terwyl daar wel werk beskikbaar was indien reeds bekroonde skrywers weer in aanmerking kon kom. Volgens Bosman kon sekere wysigings op hierdie grond en in hierdie rigting miskien oorweeg word.

S.P.E. Boshoff het saamgestem met die (oorspronklike) bedoeling van die Hertzogprys en Nienaber se voorstel gesekondeer. **Die Fakulteitsraad het die herroepingsvoorstel met 14 stemme teen 7 aanvaar.** (FJVN 1955: 1 Julie.)

Tydens die algemene huishoudelike jaarvergadering van die Akademie dieselfde dag het die Fakulteitsraad verdere leiding gesoek deur die mening van ander Akademielede in te win. Ten gunste van herroeping het gepraat dr. A.P. Grové en prof. T.H. le Roux. Dr. R.J. Ortlepp, dr. M.M. Loubser en prof. D.B. Bosman het teen herroeping standpunt ingeneem. Vir herroeping is die volgende argumente gebruik:

- 1) Die skenkingsakte bepaal bekroning van die werk en nie die skrywer nie.
- 2) Bekroonde werk was soms van minder gehalte as daaropvolgende werk van 'n skrywer, maar bekroning van sulke werk was in daardie stadium uitgesluit.
- 3) Tensy alle werke kon geld by 'n bekroning, was die maatstaf vals en het die bekroning die gevaar geloop van verlaging van peil.
- 4) Soms het daar geen bekronings plaasgevind nie terwyl daar inderdaad werke beskikbaar was.

Teen herroeping is gestel:

- 1) Die werk word bekroon maar indien die werk losgemaak word van die skrywer kon een besondere kunstenaar keer op keer vir dieselfde soort werk bekroon word (soos indertyd gebeur het) en daarmee ander van erkenning weerhou.
- 2) Die Hertzogprys plaas 'n skrywer in 'n bepaalde kategorie en dit was nie gebruikelik om die status van sulke skrywers te herbevestig met verdere bekronings vir dieselfde tipe werk nie.
- 3) Die Havengaprys van die Fakulteit vir Natuurwetenskap en Tegniek word slegs een maal toegeken en parallelisme tussen Havengaprys en Hertzogprys was wenslik.
- 4) Daar was geen bewyse dat die bestaande stelsel tot peilverlaging gelei het nie.

Die saak is tot stemming gebring en die Akademiejaarvergadering het met 'n meerderheid van 24 teen 10 stemme téén die voorstel tot herroeping besluit (AJVN 1955: 1 Julie).

In die agenda van die 7 Oktober 1955-Fakulteittraadsvergadering skets Bosman as Akademie-sekretaris die verloop van sake tot op daardie tydstip en merk op dat dit skyn asof die voorstel tot herroeping van artikel 9 as “vervalle” beskou moes word aangesien, volgens hóm, die “hoogste gesag in die Akademie, die Akademiejaarvergadering, die voorstel verwerp het”, maar dat dit die volgende jaar weer voor die vergadering gelê kon word.

Tydens hulle vergadering het die Fakulteitsraad inderdaad die toestand aanvaar en die voorstel as vervalte beskou. P.J. Nienaber het egter kennis gegee dat die voorstel op die volgende raadsvergadering weer voorgelê sou word met die oog op hernieuwe voorlegging aan die Jaarvergadering. (FRN 1955: 7 Oktober; FRA 1956: 3 April; ARA 1956: 4 April.) Die Akademieraad het die volgende dag vergader en ook die voorstel as vervalte beskou (ARN 1955: 8 Oktober).

P.J. Nienaber het tydens die volgende Fakultetraadsvergadering, gehou 3 April 1956, aangekondig dat hy intussen besluit het om nie met die saak voort te gaan nie. Die voorstel is derhalwe teruggetrek. Hy het raadslede egter meegedeel dat G.S. Nienaber die wens uitgespreek het om by die volgende Fakulteitsjaarvergadering 'n referaat te lewer oor die geskiedenis en agtergrond van die Akademie se Hertzogprystoekennings. Die Raad het met belangstelling hiervan kennis geneem en gesê die saak van so 'n referaat kon weer tydig dien voor die volgende Jaarvergadering (FRN 1956: 3 April; ARN 1956: 4 April.) Dit het nie plaasgevind op die Fakulteitsjaarvergadering van Vrydag 27 Julie 1956 in Stellenbosch nie, want G.S. Nienaber het tydens die Fakultetraadsvergadering in Oktober daardie jaar weer aangebied om 'n lesing oor die Hertzogprys te hou voor die volgende Akademiejaarvergadering (wat sou plaasvind op Vrydag 28 Junie 1957 in Bloemfontein). Die voorstel is na die Akademieraad verwys vir oorweging. (FRN 1956: 19 Oktober; ARN 1956: 20 Oktober.)

5.2.4.2 1956-Hertzogprys vir Drama

Toe in 1955 kennis gegee is dat onder andere die Letterkundige Kommissie vir die 1956-Hertzogprys vir Drama benoem moes word, ⁵⁴ is ook opgemerk dat, as amptenaar van die Raad, F.C.L. Bosman nie meer beskikbaar was nie (FRA 1955: 7 Oktober).⁵³² Tot keurkommissielede vir die 1956-Dramaprys is benoem proff. G. Dekker (sameroeper) en Tj. Buning, asook dr. H. v.d.M. Scholtz (jr.)⁵³³ en M.P.O. Burgers (reserwe) (FRN 1955: 7 Oktober).⁵³⁴ Geen keurkommissielid wat betrokke was by die 1952-Hertzogprys vir Drama, is herkies nie.

Dramas gepubliseer gedurende die tydperk Januarie 1952 tot Desember 1955 kon in aanmerking kom vir die 1956-Hertzogprys. Die volledige verslag lyk só (LK 1/6: 2 Junie 1956; FRA 1956: 25 Julie – bylaag C):⁵³⁵

-
- 532 In 'n memorandum insake die keuring van vertaalde werk (FRA 1953: 6 November – bylaag B), het F.C.L. Bosman sy betoog afgesluit met die opmerking dat daar reeds besluit is dat die Sekretaris nie meer deel kon wees van die Keurkommissies nie. Die besluit kom ooreen met 'n voorstel van D.J. Opperman tydens die 1952-onmin (kyk bladsy 279).
- 533 Dit is die seun van H. v.d.M. Scholtz senior (kyk bladsy 136 en voetnota 213). Scholtz jr. is gebore op 8 Julie 1924 in Utrecht, Nederland, waar sy pa toe student was. Hy het sy D.Litt. et Phil. in Mei 1950 aan die Universiteit van Amsterdam gekry, in 1959 vir Van Wyk Louw opgevolg in Amsterdam, in 1963 teruggekeer na die Universiteit van Pretoria as professor, en vanaf 1 Januarie 1966 die hoofskap beklee van die departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Kaapstad. (SAAWEK: Ledelêers; Steyn 1998:566.)
- 534 Bylaag F behels 'n grafiese voorstelling van die Letterkundige Kommissie se samestelling (1956-1969).
- 535 Die bylaag verskil plek-plek in geringe en onbeduidende mate van die oorspronklike verslag. Aangesien op die oorspronklike verslag in die handskrifte van verskillende persone aantekeninge gemaak is wat effense verwarring veroorsaak, word die bewoording in die bylaag, soos voorgelê aan die Fakulteitsraad, verskaf.

HERTZOGPRYS VIR DRAMA: OORSPRONKLIKE WERK, 1956

VERSLAG VAN KEURKOMMISSIE.

In die tydperk 1952-1955 het die volgende werke verskyn:

<u>Groep I:</u>	De Klerk:	<u>Die Jaar van die Vuur-Os.</u> [1952 – Nasionale Boekhandel]
	Beukes:	<u>As ons twee eers getroud is.</u> [1952 – J.L. van Schaik] <u>Langs die Steiltes.</u> [1952 – Nasionale Boekhandel]
	Krige:	<u>Die ryk weduwee.</u> [1953 – APB]
	Meintjies: ⁵³⁶	<u>Die Blanke Stilte.</u> [1952 – Holloway Boekhandel]
<u>Groep II:</u>	De Klerk:	<u>Die twisappel.</u> [1955 – Nasionale Boekhandel] <u>Adam en Eva.</u> ⁵³⁷ [1953 – Nasionale Boekhandel]
	Beukes:	<u>Jesus van Nasaret.</u> ⁵³⁸ [1954 – J.L. van Schaik]
	Van Wyk Louw:	<u>Dias.</u> [1952 – Nasionale Boekhandel]
	Malherbe:	<u>Hulle het 'n boom Afgekap.</u> ⁵³⁹ [1953 – Nasionale Boekhandel] <u>Spel van blank en swart.</u> [1955 – Sacum]
	Helène en Andries de Klerk:	<u>Die Ongebore Dag.</u> [1953 – Nasionale Boekhandel]
	Richards:	<u>Die laaste skakel.</u> ⁵⁴⁰ [1955 – Dagbreek-Boekhandel]

536 Die korrekte spelling is Meintjes.

537 Dit bevat die volgende drie werke deur W.A. de Klerk: *'n Blommetjie vir Ans*, *Die end van die reënboog* en *Die spieël*.

538 Hierdie dramasiklus oor die lewe en sterwe van Christus bevat die volgende veertien radiodramas deur Gerhard J. Beukes: *'n Kind is vir ons gebore!*, *Die vlug*, *Afskeid van Nasaret*, *Die voorbereiding*, *Die uitdaging*, *Julle moet mekaar liefhê!*, *Die verlore dogter*, *Kroon of kruis*, *Honger het ek na julle gekom*, *Tot my gedagtenis*, *Getsemane*, *Aanskou die mens!*, *Die Man van smarte* en *Kyk na bo!*

539 *Hulle het 'n boom afgekap* is een van die twee dramas in *Hulle het 'n boom afgekap* en *Goue appels* deur D.F. Malherbe (1953).

540 Dit bevat die volgende vier eenbedrywe deur Dirk Richard: *Die laaste skakel*, *Perske vir 'n pond* (kyk ook *Perske vir 'n rand* [1964] op bladsy 426), *Gebed in Clarendon* en *Taal van die hart*. *Gebed in Clarendon* is ook opgeneem in A.J. Coetzee se *Rooibruin blare en ander eenakters* (1969) en in Charles Fryer se *Kollig* (1982).

Dagbreek-Boekhandel het op 20 Januarie 1956 gereageer op 'n brief van die Akademiesekretaris gedateer 18 Januarie, deur twee publikasies van Dirk Richard voor te lê vir keuring, naamlik *Voor die nag kom*, 'n roman, en *Die laaste skakel e.a. eenbedrywe*. Drie eksemplare van elke uitgawe is aan die Akademie voorsien. (LK 1/6: 20 Januarie 1956.) *Voor die nag kom* sou eers vir die 1957-Hertzogprys vir Verhalende Prosa in aanmerking kom.

Opperman: Periandros van Korinthe. [1954 – Nasionale Boekhandel]

Die werke onder groep I is reeds oorweeg by die toekenning van die Hertzogprys vir Drama oor die periode 1948 tot 1951.⁵⁴¹ Die Kommissie is in elk geval van mening dat die groeipunt in ons dramatiese kuns verteenwoordig word deur die versdramas Dias en Periandros van Korinthe. Daar was egter verskil van mening oor watter van die twee dramas bekroon behoort te word. Die keuse was naamlik buitengewoon moeilik omdat hierdie belangrike werke in meer as een opsig onvergelykbaar is. Die hoorspel Dias is enkelvoudig van opset maar besonder suiwer gekonsipieer en verwerklik; Periandros van Korinthe is 'n voldrama, veel ryker maar minder suiwer van konstruksie. Enersyds is daar gevoel dat die Dias vanweë die strak bou daarvan bekroon moes word; andersyds is die mening gehuldig dat 'n mens in 'n drama met die grootse omvang van Periandros onsuiverhede op die koop toe mag neem.

Omdat die Kommissie hieroor nie eenstemmigheid kon bereik nie, lê hy die twee werke aan die Akademieraad voor vir verdere oorweging. Die Kommissie is wel eenparig in hulle aanbeveling dat daar 'n prys toegeken moet word, en dat slegs die twee genoemde werke daarvoor in aanmerking kom. Die Kommissie sou ook nie graag sien dat die oplossing gesoek word in die kompromis van 'n gesamentlike bekroning nie.⁵⁴²

Die verslag, gedateer 2 Junie 1956, is onderteken deur G. Dekker (sameroeper), H. v.d.M. Scholtz (jr.) en Tj. Buning. Vir Fakulteitraadsvergaderingdoeleindes is dit in Pretoria oorgetik op 12 Julie 1956 en aangeheg as bylaag C by die agenda van die 25 Julie-vergadering. In die agenda word 'n kort opsomming van die situasie gegee, en bygevoeg dat met betrekking tot die twee werke wat die Letterkundige Kommissie aan die Raad voorlê “vir verdere oorweging”, H. v.d.M. Scholtz aangedui het dat die Kommissie verwys na paragraaf 12 van die “Prosedure by Toekenning van die Hertzogprys” (kyk bladsy 255 en 645), wat behels dat 'n Breë Kommissie in hierdie geval ook moes stem. F.C.L. Bosman het as Akademiese sekretaris die volgende name ter oorweging voorgelê: proff. S.P.E. Boshoff, Abel Coetzee, Meyer de Villiers, W.J. du P. Erlank, M.S.B. Kritzinger, D.F. Malherbe, C.M. van den Heever, dr. I.D. du Plessis, A.P. Grové en F.V. Lategan, met die volgende persone as reserwes: proff. H.L. Gonin en P. de V. Pienaar, dr. H. Venter, mnre. P. du P. Grobler en J.J. Kruger.

541 Dit is nie korrek nie (kyk die 1952-verslag op bladsy 260-267). *Die ryk weduwee* (1953) deur Uys Krige en *Die blanke stilte* (1952) is nie in aanmerking geneem by die beoordeling van die 1952-Hertzogprys vir Drama nie. Alhoewel F.C.L. Bosman nie op die Letterkundige Kommissie was vir hierdie 1956-Dramatoekenning nie, was hy wél vir die 1952-Hertzogprys, en ten tyde van hierdie 1956-toekenning die Akademiese sekretaris wat hierdie fout moes raakgesien het.

542 Onderaan die oorspronklike verslag het F.C.L. Bosman skriftelik effens kriptiese opmerkings gemaak, maar met die opdrag dat dit weggelaat moes word uit die verslag. Daar staan dat dit is “Vir verdere oorweging” en ontvang op 4 Junie 1956. Daarvolgens het H. v.d.M. Scholtz (jr.) te kenne gegee dat die Letterkundige Keurkommissie baie sterk daarop aandring dat daar 'n voorlegging aan 'n Breë Keurkommissie moes wees. Indien dit nie gebeur nie, moes die saak liewers terugverwys word na die Letterkundige Kommissie.

Die Fakulteitsraad het besluit om tot hierdie stap oor te gaan en benoem as lede van die Breë Kommissie die volgende tien persone:⁵⁴³ proff. Meyer de Villiers, W.J. du P. Erlank, H.L. Gonin, M.S.B. Kritzinger, drr. I.D. du Plessis, A.P. Grové, F.V. Lategan, C.J.M. Nienaber, H. Venter en mnr. P. du P. Grobler. As reserwes is, in orde van voorkeur, aangewys: dr. Ernst van Heerden, dr. F.J. Snyman, prof. D.B. Bosman en mnr. J.J. Kruger. Uit die latere stemming blyk dit dat slegs prof. H.L. Gonin nie lid was van die Breë Kommissie nie en vervang is deur dr. Ernst van Heerden.⁵⁴⁴ (FRN 1956: 25 Julie; ARN 1956: 26 Julie.)

Die Breë Kommissie van tien is gevra om hulle mening, “liefs met motivering”, uit te spreek, en ’n stemvorm soos dié is aan elkeen gestuur:

Naam van Skrywer	Werk	Voor	Geen Toekenning	Buite Stemming.
Louw, N.P. van Wyk	<i>Dias</i> , ’n Hoorspel			
Opperman, D.	<i>Periandros van Korinthe</i> , Drama in Verse			

Lede is versoek om slegs **een stem** uit te bring. Die resultate van die stemming sou op die Fakulteittraadsvergadering meegedeel word. (FRA 1956: 19 Oktober; ARA 1956: 20 Oktober.)

Die uitslag van die Breë Kommissie se stemming, gedateer 18 Oktober 1956, lyk só (LK 1/6):

- A. Louw, N.P. van Wyk: “Dias”, ’n Hoorspel.
Hiervoor het drie stemme binnegekom, al drie met motivering, as volg:
1. Dr. F.V. Lategan. Hoewel kleiner in opset, beskou ek Dias as hoorspel in sy idee-uitbeelding, karaktervoorstelling, digterlike ekspressie en verhewe toon, ’n suiwerder werk as Periandros van Korinthe as versdrama gesien, hoofsaaklik omdat in laasgenoemde, die hooffiguur nie tot tragiese figuur uitstyg nie en die verhewe toon wat die ernstige versdrama veronderstel, te dikwels ontsier word deur plathede, veral in die taal van die hooffiguur, en soms ook deur die soek na ’n rymwoord. Daar ’n al te on-menslike, feitlik sleuragtige en dikwels plat-banale voorstelling van Periandros, wek hy nie die meegevoel van die leser (toeskouer) vir hom as mens wat die goeie

543 Nege uit die vyftien lede wat Bosman voorgestel het, is benoem, naamlik ses uit sy hooflys en drie uit sy reserwelys.

544 Vir die 1948- en 1952-Hertzogprys vir Drama is nie Breë Kommissies aangewys nie. Slegs twee lede van hierdie 1956-Breë Kommissie het voorheen in die Breë Kommissie vir Drama gedien, naamlik W.J. du P. Erlank in 1941 en M.S.B. Kritzinger in 1935, 1938, 1941 en 1944. Van al die persone wat vanaf die 1935-tot en met die 1956-Hertzogprys vir Drama betrokke was by die Breë Kommissie, was dit net Kritzinger wat al vyf keer op die Kommissie gedien het (kyk bylaag J op bladsy 618-709).

(hoë) nastreef maar die kwade doen, soos dit in die tragedie behoort te wees, nie.

2. Mnr. P. du P. Grobler. “Dias” is m.i., beide wat die dramatiese en die vertegniese [sic] betref, die bevredigendste. Die vers is in wese dramaties, besit groot buigsamenheid, kan span en ontspan waar situasie en emosie dit vereis. As drama vorm dit hegte artistieke eenheid. Hoewel Periandros potensieel groter is, bly dit potensie wat nie verweselik is nie. Bevat te veel passasies wat handeling vertraag, pas wel in die ideëpatroon maar nie volledig in handelingspatroon, bv. bedryf I, toneel 3; III, 1; IV, 2; V, 2. Die vers is te slap, span selde tot dramatiese intensiteit, bevat te veel stoplappe. Sterkste en boeiendste passasies is eerder lirie en epies as werklik dramaties.
3. Dr. H. Venter. Dit sou ’n skade wees as, met twee sulke groot dramas geen toekenning gedoen word nie. Ek ag Dias beter om die volgende redes: (1) Ten spyte van die fragmentariese uiterlik is dit ook om ’n grootse idee gekonsipieer en met groot noodwendigheid daarom gekonsipieer. Alle onderdele is noodwendig toegespits op die heerlike versoening van die slot. (2) Die verskuns is noodwendiger en suiwerder; gestroop van die oortollige. Vrye vers toon ’n suiwerder insig in die moontlikhede van die vorm.

B. Opperman, D. “Periandros van Korinthe”, Drama in Verse
Hiervoor het sewe stemme binnegekom, as volg:

1. Dr. W.J. du P. Erlank. “Dias” is goeie werk, met enkele sterk momente en enkele sterk stukke dialoog, maar die verloop, veral na die end toe, is slap en spanningsloos [sic]. Afgesien van die feit dat dit ’n nuwe kunsoort is, bring dit konsepsioneel niks nuuts in die werk van Van Wyk Louw of in die Afrikaanse letterkunde nie. Daarteenoor is “Periandros” groots van konsepsie, groots in sy probleemstelling wat heenreik tot in die hart van ons eie volkslewe, en sterk dramaties in sy ontwikkeling na sy onafwendbare en aangrypende slot. Die enkele foute in konstruksie en oordadige rymgebruik word oorskadu deur die talryke deugde in hierdie eerste Afrikaanse treurspel.
2. Prof. M. de Villiers. “Periandros van Korinthe” is die belangrikste drama in Afrikaans en dit bevat passasies van groot poëtiese waarde. As aktuele voorstelling van die ondergang van ’n diktator versoen dit historiese en poëtiese waarheid op merkwaardige wyse. Menslik verstaanbaar, is dit tog moreel gekonsipieer. Dit is as herskepping van die Griekse wêreld ’n unieke werk in Afrikaans en op die peil van die wêrelddrama.
3. Dr. Ernst van Heerden. “Periandros van Korinthe” is ’n drama in die groot klassieke tradisie, met ’n tragiese hoofkarakter, oortuigende byfigure en ’n aangrypende stuk menslike handeling teen ’n magtige historiese vlak geprojekteer. Dit is histories en aktuele drama met indringende lesse ook vir ons beskawing en tyd. By my bestaan nie die minste twyfel dat dit ’n groter werk as “Dias” is nie. Ek reken dié hoogtepunt in die Afrikaanse toneelliteratuur is bekroning met die Hertzogprys allesins waardig.
4. Dr. A.P. Grové. Soos ek dit sien, is die twee werke nouliks te vergelyk. Hulle is tog uiteraard so uiteenlopend. Om mee te begin is een ’n hoorspel, die ander ’n verhoogstuk. Ten spyte van al die verdienstes wat Dias besit, is Periandros vir my gevoel tog grootser, grootser van opset, grootser van verbeelding, van ’n groter draagwydte. Dias is ’n enkellynige stuk; Periandros laat hom op 3-4 verskillende vlakke geld.

5. Dr. C.J.M. Nienaber. Periandros van Korinthe is grootser gekonsipieer as Dias. Periandros van Korinthe roep bowendien nie alleen 'n groter en grootser wêreld op nie – maar vorm vel [sic] meer 'n geslote eenheid ná 'n besliste ontwikkeling; danksy die hoofkarakter se eie toedoen. Dias is dus eerder lirie; Periandros van Korinthe is veel meer drama – en dis 'n dramaprys waarom dit gaan.
6. Dr. I.D. du Plessis. Hoewel Periandros van Korinthe nie van sekere ernstige gebreke vry te spreek is nie (daar is 'n gemis aan dramatiese spanning, en Periandros is nie werklik tragiese held nie) staan hierdie versdrama struktureel soveel sterker as sy voorgangers dat ek die prys aan die werk sou toeken.
7. Prof. M.S.B. Kritzinger. Weens die siening, mensbeelding verse en samegesteldheid staan Periandros van Korinthe m.i. baie hoër as die middelmatige Dias.

Die resultate van die stemming is tydens die Fakultetraadvergadering van 19 Oktober 1956 aan die Raad voorgelê. Vyf lede was aanwesig, naamlik proff. F.E.J. Malherbe (Voorsitter), T.H. le Roux en G.S. Nienaber, dr. P.J. Nienaber, adv. A.H. Broeksma (nuwe lid van die Raad), dr. F.C.L. Bosman (Sekretaris) en mnr. F.J.H. Barnard (Assistent-sekretaris). Twee van die sewe Fakultetraadslede was afwesig, naamlik proff. H. v.d.M. Scholtz en B. Kok.

Die saak is uitvoerig bespreek. G.S. Nienaber het daarop klem gelê dat die oorspronklike Letterkundige Keurkommissie albei stukke bekroningswaardig gevind het, maar net nie kon besluit watter een nie. Die meeste lede van die Breë Kommissie was ook sterk ten gunste van *Periandros*. Hy stel voor dat *Periandros* bekroon word en P.J. Nienaber sekondeer.

T.H. le Roux het die oorspronklike verslag voorgelees en meen dat die motivering vaag en onoortuigend is. Hy het die stuk self gelees en sien opvoer en wys op die verdeling van menings oor *Periandros*. Sy voorstel was dat geen bekroning plaasvind nie.

Ook adv. A.H. Broeksma het getwyfel oor *Periandros* en het verkies om buite stemming te bly aangesien hy *Dias* tot op daardie tydstip nog nie gelees het nie.

Volgens die Voorsitter, prof. F.E.J. Malherbe, het *Periandros* groot swakhede gehad. Tog het hy dit, relatief gesproke in vergelyking met 'n ander stuk, aanbeveel vir 'n toe onlangse bekroning deur die Drie-Eeue-Stigting, wat volgens die notule inderdaad gerealiseer het.⁵⁵ Toe hy die stuk oorspronklik gelees het was sy reaksie dat dit nog nie goed genoeg was vir die Hertzogprys nie. Daarteenoor staan die mening van die oorspronklike Letterkundige Keurkommissie dat dit wel van bekroningspeil is en hy sou nie graag so 'n mening wou verbygaan nie. Hou wou hê dat die Raad besluit sonder dat sy stem nodig was.

Die Sekretaris, F.C.L. Bosman, het opgemerk dat by verdeeldheid van aanbevelings deur Keurkommissies die gewone praktyk van die Raad was om geen toekenning te doen nie.⁵⁶ Hy stel ook die vraag of, in die lig van kritiek op die Hertzogprys tydens die vorige jaarvergadering, dit nie vir die Raad wenslik was om te wag tot verdere, en moontlik rypere, werk van die skrywers verskyn het voor 'n bekroning plaasvind nie. Soos met Krige in die 1941-toekenningsjaar, betwyfel Bosman dit dus of Opperman met *Periandros* die nodige “rypheid ... bereik het wat mens graag met die Hertzogprys wil assosieer” (kyk bladsy 194).

As Voorsitter het F.E.J. Malherbe die voorstelle vervolgens ter tafel gelê. Niemand het prof. Le Roux se voorstel van nietoekenning gesekondeer nie, en die voorstel het verval. Twee persone was ten gunste van G.S. Nienaber se voorstel van 'n *Periandros*-bekroning, naamlik die twee Nienaber-broers. T.H. le Roux stem daarteen, A.H. Broeksma bly buite stemming en albei vra dat dit genotuleer word. Daar was 'n meerderheid van twee teen een vir die bekroning van *Periandros* en derhalwe het 'n aanbeveling tot bekroning deurgegaan na die Akademieraad. (FRN 1956: 19 Oktober; ARN 1956: 20 Oktober.)

Die keurkommissiebevinding en Fakulteitsraadbesluit is aan die Akademieraad voorgelê en uitvoerig bespreek (ARN 1956: 20 Oktober). Teenwoordig was twee verteenwoordigers van die Fakulteit Taal, Lettere en Kuns, naamlik proff. F.E.J. Malherbe (Voorsitter) en T.H. le Roux. Die derde verteenwoordiger, prof. H. v.d.M. Scholtz, asook sy sekundus, prof. B. Kok, was afwesig met verskoning. Die drie Akademieraadsvertegenwoordigers van die Fakulteit Natuurwetenskap en Tegniek was dr. T.E.W. Schumann (Ondervoorsitter), prof. R.L. Straszacker en dr. F.J. de Villiers. Soos tydens die Fakulteittraadsvergadering het T.H. le Roux, dié keer ondersteun deur T.E.W. Schumann, die gehalte van *Periandros* nie as bekroningswaardig geag nie. Le Roux het verder gewys op die onbevredigende motivering van die oorspronklike keurkommissieverslag en die skerp verdeeldheid van mening wat allerweë oor die stuk bestaan. Volgens Schumann was daar die verdere saak van prosedure. Kon die Raad 'n beslissing neem op 'n aanbeveling wat gebaseer is op 'n minderheid in die Fakulteitsraad? Dit het wenslik gelyk dat die Fakulteitsraad hom veel duideliker oor die saak uitspreek voor die Akademieraad 'n besluit neem. Moes die saak nie eers weer terugverwys word na die Fakulteitsraad nie? F.J. de Villiers het hierdie standpunt van prosedure gesteun dat die Fakulteitsraad hom duideliker moes uitspreek. Die Akademieraad het besluit om die saak terug te verwys na die Fakulteitsraad vir 'n duideliker aanbeveling. Hulle wou nie besluit oor 'n meerderheidsaanbeveling waarby die totaal van die uitgebragte stemme nog steeds 'n minderheid van die Fakulteitsraad uitmaak nie.⁵⁴⁵ (ARN 1956: 20 Oktober; FRA 1957: 29 Maart.)

545 In Bosman se inligtingstuk gefinaliseer in 1956 en geldig vanaf 1957, is die volgende **bygevoeg** (kyk bladsy 311 en die 1957/1958- en 1958/1959-Fakulteitsjaarverslag):

13. **Alle besluite tot toekenning van die pryse deur die Raad [Fakulteitsraad] moet geskied met 'n meerderheid waarby nie meer as twee lede in die minderheid stem nie.**

Tydens die 29 Maart 1957-Fakulteitraadsvergadering het T.H. le Roux, wat tot in daardie stadium gekant was teen die bekroning van *Periandros van Korinthe*, bekend gemaak dat hy die drama weer deeglik bestudeer het, van mening verander het en die bekroning van die stuk wou ondersteun. Hy motiveer sy besluit en stel dit duidelik dat die deugde van die stuk sins insiens soveel groter is as die swakhede, dat dit bekroning verdien. Broeksma, wat tydens die vorige Fakulteitraadsvergadering buite stemming gebly het, het Le Roux se opvatting gesteun en akkoord gegaan met die bekroning van die werk. Volgens B. Kok, afwesig tydens die vorige vergadering, het die verdienste van die werk meer gelê in die versifikasie as in die dramatiese, maar het dit tog bekroning verdien. Benewens die aanvanklike twee stemme ten gunste van *Periandros*, was 'n bykomende drie persone nou ten gunste daarvan. F.E.J. Malherbe, wat voorheen buite stemming gebly het, en H. v.d.M. Scholtz wat tydens die vorige Fakulteitraadsvergadering afwesig was, moes, alhoewel nie spesifiek genotuleer nie, ook hulle gewig agter *Periandros* ingegooi het, want **die Raad het eenparig besluit om by die Akademieraad aan te beveel dat *Periandros van Korinthe* deur D.J. Opperman bekroon word.** (FRN 1957: 29 Maart.)

Tydens hierdie 29 Maart 1957-Fakulteitraadsvergadering het Bosman as Sekretaris wêér opgemerk dat hy ampshalwe verplig voel om die Raad daarop te wys dat, waar die menings van Keurkommissies verdeeld was, dit vir die Raad gebruiklik was om geen toekenning te doen nie. Niks verder is in verband met hierdie deels foutiewe veralgemening genotuleer nie (kyk eindnota 56 op bladsy 538).

Die Akademieraad het die aanbeveling om Opperman te bekroon, bekragtig (ARN 1957: 30 Maart). Met betrekking tot die toekenning vir *Periandros van Korinthe* is in die 1956/1957-Fakulteitsjaarverslag opgemerk:

Die Raad huldig die opvatting dat *Periandros* 'n belangrike groeipunt in die ontwikkeling van die Afrikaanse drama beteken. Dit is groot van konsepsie en ryk aan digterlike en dramatiese vondse waaraan sekere onsuiverhede van taal en bou weinig afbreuk van wesenlike betekenis doen.

Die prysgeld het £75 beloop (ARN 1956: 26 Julie – bylaag B; ARA 1957: 30 Maart – bylaag K; die Akademie se balansstaat soos op 31 Maart 1957).⁵⁷ Opperman was op reis in Europa en het op 9 April 1957 by die ambassade in Bern verneem dat hy die Hertzogprys vir *Periandros* gekry het (D.J. Opperman-versameling: 118.Pe.D.4 [42]). Hy het die prys aanvaar, maar omdat hy nie voor 12 Julie sou terugkeer het, kon hy dit nie tydens die jaarvergadering in ontvangs neem nie, en moes die prysoorhandiging oorstaan tot 'n byeenkoms van die Kaaplandse Werkgemeenskap in Stellenbosch op 24 Augustus 1957. Prof. W.J. du P. Erlank het die huldigingswoord uitgespreek.⁵⁸ (FRA en FRN 1957: 26 Junie; ARA en ARN 1957: 27 Junie; FRA en FRN 1957: 27 September; ARA en ARN 1957: 28 September).

Periandros van Korinthe was 'n waardige pryswennerteks en 'n weerhouding van 'n drama-oeuvrebekroning aan Krige is in die lig daarvan te verstane.

Twee versamelbundels wat in 1952 gepubliseer is, maar nie in die 1952- óf 1956-verslag genoem is nie, is Gerhard J. Beukes se *Nuwe eenbedrywe* en *Die lewe is 'n speeltoneel* deur Fritz Steyn en ander. Dramas wat vir die eerste keer in hierdie twee 1952-bundels gepubliseer is, en teoreties gesproke vir die 1956-Dramaprys in aanmerking kon kom, maar weens die beperkte omvang van 'n eenbedryf⁵⁴⁶ waarskynlik nie sou kwalifiseer nie, is die volgende:

Opgeneem in *Nuwe eenbedrywe*:⁵⁴⁷

Beukes, Gerhard J.	<i>Kwartet</i>
Fagan, H.A.	<i>Die kroon op sy hoof</i> (ook opgeneem in <i>Kom ons speel toneel!</i> [1959] en in Charles Fryer se <i>Kollig</i> [1982])
Mikro.	<i>Eerwaarde Penniklein</i> (ook opgeneem in F.W. Strydom se <i>Die rooi duiwel se as en ander eenbedrywe</i> [1966])
Pienaar-de Klerk, Helène.	<i>Dienie speel toneel</i> (ook opgeneem in Gerhard J. Beukes se <i>Woord en masker</i> [1964])
Roubaix, Paul.	<i>Die bittere pad.</i>

Opgeneem in *Die lewe is 'n speeltoneel*:⁵⁴⁸


Schumann, P.W.S.	<i>Om Lettie se ontwil</i> (ook opgeneem in P.J. Nienaber en J.L. Boshoff se <i>Wolraad Woltemade en ander eenbedrywe</i> [1965] en in A.J. Coetzee se <i>Rooibruin blare en ander eenakters</i> [1969])
------------------	----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

D.F. Malherbe se 1953-drama *Goue appels* (een van die twee dramas in Malherbe se *Hulle het 'n boom afgekap* en *Goue appels*) moes ook vir die 1956-Dramaprys in aanmerking gekom het, maar is nie gelys nie.

546 In die 1941-verslag word die woorde “te klein van opset”gebruik (kyk bladsy 193). Selfs *Die dieper reg* is nie in 1938 vir bekroning aanbeveel nie omdat dit “noulks as 'n volledige drama” beskou is (kyk bladsy 182).

547 Hierdie Van Schaik-publikasie bevat ses eenbedrywe waarvan een reeds voorheen gepubliseer is, naamlik *Jannie* (1920) deur C. Louis Leipoldt.

548 Hierdie publikasie deur Afrikaanse Pers Boekhandel, met 'n inleiding deur Jaco van der Merwe, bevat drie gekeurde spele waarvan twee reeds vantevore gepubliseer is, naamlik *Die wildsboudjie* deur Fritz Steyn (1941) en *Rooibruin blare* (1934) deur H.A. Fagan.



Hertzogpryssertifikaat uitgereik aan D.J. Opperman vir *Periandros van Korinthe*

D.J. Opperman-versameling, Universiteit van Stellenbosch



D.J. Opperman, wenner van die 1956-Hertzogprys vir Drama

Foto: *Die Burger*

5.2.5 DIE 1960-HERTZOGPRYS VIR DRAMA

5.2.5.1 Vooraf

Die prosedure geldig vir die 1960-Hertzogprys vir Drama, was dié gefinaliseer in 1956 en geldig vanaf 1957 (1957/1958- en 1958/1959-Fakulteitsjaarverslag). Dit het grootliks ooreengekom met die Hertzogprystoekenningsprosedure soos bepaal in 1946/1948, maar met die byvoeging van die volgende drie bepalings (kyk bylaag R op bladsy 646):

13. Alle besluite tot toekenning van die pryse deur die Raad moet geskied met 'n meerderheid waarby nie meer as twee lede in die minderheid stem nie.
14. Waar dusver gepraat is van “die Raad” word bedoel die Raad van die Fakulteit vir Taal, Lettere en Kuns.
15. Alle besluite van die Fakulteitsraad is onderworpe aan bekragtiging deur die Akademieraad van wie die werklike toekenning uitgaan.

Die Fakulteitsraad het in hierdie stadium bestaan uit sewe lede wat gekies is vir 'n tydperk van drie jaar (kyk paragraaf 6a in die Fakulteitstatute op bladsy 639). Met bepaling 13 is 'n vetoreg gegee aan drie lede van die Fakulteitsraad wat 'n minderheidstem sou uitbring.

Punt 5 van die 1942/1943-Hertzogprysprosedureveranderinge (kyk bladsy 222) het die volgende bepaal:

Waar in die skenkingsakte sprake is van prystoekenning deur die Uitvoerende Raad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns, sal dit beteken dat die toekenning geskied deur die Raad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, op voordrag van die Raad van die Fakulteit vir Taal, Lettere en Kuns.

In die Hertzogprystoekenningsprosedure wat in Mei 1946 beskikbaar gestel is (kyk eindnota 40 op bladsy 530) en wat opgestel is na aanleiding van besluite geneem op 20 September 1946 (kyk eindnota 42 op bladsy 532) is punt 5 uitgelaat. Bepaling 14 en 15 het die onduidelikheid wat ontstaan het met die weglating, opgeklaar in verband met die rade wat betrokke is. Die finale beslissing oor die Hertzogprys het nog steeds by die Akademieraad berus. Wat egter later probleme geskep het, is

- die onnoukeurige taalgebruik wat gelei het tot die weerspreking in bepaling 13 (dat “toekenning van die pryse” deur die Fakulteitsraad geskied), en bepaling 15 (dat “die werklike toekenning uitgaan” vanuit die Akademieraad), en

- dat die vetoreg wat deur bepaling 13 geskep is, 'n besluit deur die Fakulteitsraad kon laat sloer, en sodoende ook 'n bekragting deur die Akademiesraad, of 'n weiering om dit te bekragtig, kon ophou.

5.2.5.2 1960-Hertzogprys vir Drama

Die Fakulteitsraad het die volgende Letterkundige Kommissie benoem vir die 1960-Dramaprys: drr. F.C.L. Bosman (sameroeper), H. Venter en mev. A.B. Blignault (FRN 1959: 24 Julie), met prof. F.E.J. Malherbe as sekonduslid (FRN 1959: 9 Oktober). Daar is ná die debakel oor die 1952-Dramaprys besluit dat 'n Sekretaris nie meer kon deel wees van 'n Keurkommissie nie (kyk voetnota 532 op bladsy 300). F.C.L. Bosman het in Maart 1958 uitgetree as Akademiesekretaris en kon vir die 1960-Dramaprys dus weer in die Letterkundige Kommissie dien (kyk voetnota 550 op bladsy 312).

Lede is skriftelik van hulle benoeming verwittig. Sonder teenberig van hulle voor of op 7 Oktober 1959 sou die Akademie aanvaar dat die benoeming hulle welgeval.⁵⁴⁹ (LK 1/6: 25 September 1959 – brief van die nuwe Akademiesekretaris, dr. M.S. du Buisson,⁵⁵⁰ aan Bosman; FRN 1959: 9 Oktober.) Geen lid wat op die 1956-Dramaprys se Letterkundige Kommissie gedien het, naamlik G. Dekker, H. v.d.M. Scholtz (jr.) en Tj. Bunning, is herkies nie. Mededelings en lidmaatskap van alle Keurkommissies, ook hierdie een, is as streng vertroulik beskou en slegs bedoel ter inligting aan lede. Mededeling buite die kring van die Akademie kon slegs geskied met die instemming van die Raad (1959/1960-Fakulteitsjaarverslag).

Reeds in die 25 September 1959-brief wat Bosman ontvang het in verband met sy benoeming, asook in 'n brief gedateer 3 Februarie 1960, wys Du Buisson daarop dat die Raad graag die finale aanbeveling van die Kommissie wou ontvang voor 29 Februarie 1960 ten einde dit op die Maartvergadering in oorweging te kon neem. (Du Buisson bedoel waarskynlik die Fakulteitsraad, maar slegs die Dagbestuur van die Akademiesraad het in Maart 1960 vergader – die Fakulteitsraad en volledige Akademiesraad eers in April). Op 26 Februarie 1960 is Bosman bedank vir die afskrif van die 1960-Dramaprysverslag en Du Buisson noem dat hy per geleentheid graag die ondertekende verslag ontvang (LK 1/7).

549 Venter se skriftelike aanvaarding van sy benoeming is gedateer 29 September 1959 (LK 1/6).

550 F.C.L. Bosman was Akademiesekretaris vanaf Januarie 1948 tot einde Maart **1958**. Op 1 April 1958 volg dr. M.S. du Buisson vir Bosman op as Akademiesekretaris. Ter wille van kontinuïteit was Bosman ook April in die Akademie se diens en het opgetree as adjunksekretaris (ARUKN 1958: 10 Maart). In Junie het die Akademiesraad besluit om Bosman se diens vir 'n verdere tydperk van vier maande te behou. Hy sou met bepaalde take, waaronder die opstel van 'n brosjure, belas wees. (AJVN 1958: 27 Junie.)

Intussen het Audrey Blignault, in reaksie op Du Buisson se September 1959-brief, op 17 Februarie 1960 haar finale aanbeveling in verband met die Hertzogprystoekening aan hom gestuur. Sy meld dat sy ook 'n afskrif aan F.C.L. Bosman, die sameroeper, stuur. (LK 1/7.) Du Buisson het Blignault bedank vir die verslag, maar opgemerk dat die saak amptelik slegs deur die sameroeper werk. Hy het gewag op die stuk wat Bosman sou stuur, onderteken deur die drie kommissielede. Du Buisson het Blignault gelukkigwens met die indringende motivering en die vertroue uitgespreek dat dit grootliks in die Kommissie se stuk geïnkorporeer sou word. (LK 1/7: 1 Maart 1960).

Blignault se verslag lui só (LK 1/7: 17 Februarie 1960):

Keuse van Audrey Blignault: N.P. van Wyk Louw: Germanicus.

Na my mening is hierdie drama onteenseglik die beste toneelstuk wat in die tydperk aangewys vir bekroning: 1956-1959 verskyn het.

Nie alleen is dit die beste drama wat gedurende hierdie tydperk in Afrikaans verskyn het nie, maar dit vergelyk ook baie gunstig met kontemporêre dramas wat in Europa geskryf is. Germanicus staan, myns insiens, veel hoër, dramaties én letterkundig, as, byvoorbeeld, die latere dramas van T.S. Eliot. Gemeet aan 'n objektiewe wêreldstandaard, glo ek dat dit 'n kunswerk van betekenis is. Op die gebied van die Afrikaanse letterkunde verteenwoordig dit 'n hoogtepunt wat al wél in die digkuns bereik is, maar nog nie in die roman en die drama nie.

As psigologiese idee-drama het Germanicus 'n onontkombare trefkrag wat deels bereik word deur die werklike grootsheid en universeel-menslike geldigheid van die sentrale gedagte waarom die drama gebou is, deels deur die wesentlik dramatiese aard van die konflik wat uitgebeeld word en deels deur die sterk openbarende gang van die sobere, volwasse vers waarin die drama geskryf is.

Met Germanicus het N.P. van Wyk Louw na my mening daarin geslaag om 'n groot tragiese figuur in die Afrikaanse drama te skep. Germanicus verteenwoordig die denkende, voelende menslike mens in opstand teen 'n onpersoonlike, ongevoelige, verbeeldinglose wêreld waar die strewe na politieke mag die enigste geldige strewe is. Germanicus verteenwoordig die individuele mens in 'n eeu van massa-oorheersing. Hy is die mens wat nog die gawe van die verbeelding het, wat nog behoefte aan skoonheid het, wat in verdraagsaamheid en vrede met ander mense wil leef en wat nie sy visie van 'n ander, beter soort lewe kán prysgee in ruil vir persoonlike mag en die bevordering van 'n politieke ideologie nie:

Ek voel-voel na iets nuuts in die gemors...
ek sien iets nuuts, iets mensliks êrens skemer...
dalk is "Romein" ook nie die laaste woord.

Die tragiese lê dáárin dat dit juis Germanicus se geestelike meerderwaardigheid in 'n eeu van verwronge waardes is wat tot sy ondergang lei.

Die dramatiese spanning in die stuk, wat in die eerste en laaste instansie 'n verinnerlikte spanning is, toon deurgaans 'n onverbreekbare samehang met die sentrale gedagte, word sterk gedra deur die massiewe, saamgedronge gang van die vers en is besonder goed verweef met die karakterbeelding.

Die historiese omlysting van die verbrokkelde Romeinse ryk, die korrupte Caesar-regering, die sinisme en verbittering onder die gewone mense word baie subtiel en skynbaar moeiteloos deur die raak-beeldende dialoog opgebou. Besonder effektief is ook die portret-skildering van een karakter deur die woorde wat 'n ander karakter oor hom sê: byvoorbeeld, die onvergeetlike beeld wat Agrippina van Tiberius gee, die raak siening van Piso deur Caius se oë, van Germanicus deur Piso se oë. Elke karakter in die drama is 'n oortuigende, lewende mens, al verteenwoordig hy ook 'n besondere lewenshouding soos Piso of 'n besondere aspek van die menslike psige soos Livia of Tiberius.

Die vers waarin die drama geskryf is, is onmiskenbaar poësie met 'n volgehoue gloed en 'n skoonheid van struktuur wat nog nie in 'n Afrikaanse drama ge-ewenaar is nie. Die vers lééf met die sprankelende idioom en ongedwonge ritme van die gesproke taal:

... En die vet praetoriane sit
in Rome met skoon swaardjies, blinkboud
van die niksdoen.

Die digter toon deurgaans 'n meesterlike beheer oor die beeldende woord en die hantering van die taal. Deur sy onbetwisbare digterlike vermoë het hy 'n versdrama in Afrikaans geskep wat seker so lank sal leef soos Afrikaans gelees en gepraat word.

Na my mening sal dit vir die Afrikaanse Akademie vir Taal, Wetenskap en Kuns 'n eer en 'n voorreg wees om hierdie drama met die Hertzogprys te bekroon.

Die ondertekende verslag van die Kommissie is op 12 Maart 1960 aan Du Buisson gestuur met die verduideliking dat die saak ongelukkig vertraag is deur die afwesigheid van Blignault uit Kaapstad, en met die eenparige aanbeveling dat Van Wyk Louw vir *Germanicus* (1956) bekroon word (LK 1/7). Bosman sê verder:

U sal opmerk dat op een puntjie in die motivering die kommissielede nie heeltemal eenparig is nie, nl. die vraag of daar “wesentlike” botsing in en om Germanicus bestaan het. Die menings van dr. Venter en mev. Blignault maak die saak vir bekroning egter slegs sterker, dus ek laat die saak daar, liewers as 'n soort neutrale formulering te vind wat al die lede se opvattinge dek en verdere oonthoud kan veroorsaak.

Die brief en verslag is op 16 Maart 1960 met dank erken (LK 1/7).

Die verslag is vir oorweging voorgelê aan die Fakulteitraadsvergadering van 8 April (FRA 1960: 8 April – bylaag J; ARA 1960: 9 April – bylaag H):

DIE FAKULTEIT VIR TAAL, LETTERE EN KUNS

HERTZOGPRYS VIR DRAMA, 1960

VERSLAG VAN KEURKOMMISSIE

Die tydperk vir bekroning strek van 1956 - 1959⁵⁵¹ en die volgende stukke het hierin verskyn:—

1. BEUKES, G.J. [samesteller]: Skerm en Masker.⁵⁵² 'n Keur uit Afrikaanse Eenbedrywe ens. V.S. Pta. 1958.
2. BEUKES, G.J.: Judas van Keriot.⁵⁵³ 'n Drama in vyf tonele. N.G. Kerk-Uitgewers, Kps. 1959.
3. BEUKES, G.J.: Spele vir die Jongspan. Toneelstukkies deur P.W.S. Schumann e.a. V.S. Pta. 1959.
4. BRINK, A.P.: Die Band om ons Harte. Drama in drie Bedrywe. A.P.B., Jo'burg. 1959.
5. ERLANK, W.J. du P. [Eitemal]: So Praat die ou Rivier. Versdrama in drie Bedrywe. V.S., Kps. 1959.⁵⁵⁴
6. FRANZ, G.H.: Modjadji. Drama in vier bedrywe. A.P.B. Jo'burg. 1957.
7. GROVÉ, Henriette: Die Goeie Jaar. Drama in Twee Bedrywe. Geskryf in opdrag as Hoorspel van die S.A.U.K. N.B., Kps. 1958.
8. GROVÉ, Henriette: Die Glasdeur. Drama in Twee Tonele. Geskryf in Opdrag as Hoorspel van die S.A.U.K. N.B., Kps. 1958.⁵⁵⁵
9. KRIGE, Uys: Die Goue Kring. 'n Legende in Vier Bedrywe. Tekeninge deur Francois Krige. A.A. Balkema, Kps. 1956.
10. LOUW, N.P. van Wyk: Germanicus. Versdrama (in taferle). N.B. Kps. 1956.

551 In Du Buisson se aanvanklike brief aan Bosman is die tydperk verkeerdelik aangedui as 1955-1959 (LK 1/6: 25 September 1959).

Die vierjaarsiklus, met Kritiese prosa en essay as die vierde afdeling, het nog steeds gegeld. Hierdie was die laaste Hertzogprystoekenning vir Drama waarvoor vier jaar se publikasies in berekening gebring is. Werke uit die tydperk Januarie 1956 tot Desember 1959 is beoordeel.

552 Dit bevat die volgende vyf eenbedrywe: *Oorlog is oorlog* deur J.F.W. Grosskopf (1941), *Ruwe erts* deur H.A. Fagan (1934), *Die arrestasie* deur Uys Krige (1940), *Die jammer hart* deur W.A. de Klerk (1945) en *Laat die kerse brand!* deur Gerhard J. Beukes (1945) – dus geen nuwe eenbedryf wat in die tersaaklike periode verskyn het om vir die 1960-Hertzogprys vir Drama in aanmerking te kom nie.

553 'n Verwerking hiervan het in 1976 verskyn as *Man van Keriot*.

554 Dit is in 1956 uitgegee deur Nasionale Boekhandel. Beide datums val binne die bekroningstydperk.

555 Dit is in 1959 gepubliseer.

11. MALHERBE, D.F.: Silo is Krank; Van Mense en Gode; In die Namib. Drie Eenbedrywe in Verse.⁵⁵⁶ A.P.B. Jo'burg. 1956.
12. MALHERBE, D.F.: Sisera. Versdrama in vyf Bedrywe. N.B., Kps. 1958.
13. MALHERBE, D.F.: Boeta van Skeurfontein. Versdrama in agt Tonele. A.P.B., Jo'burg. 1958.⁵⁵⁷
14. MEINTJIES,⁵⁵⁸ Johannes: Die Soekendes. Treurspel in Twee Bedrywe. A.P.B., Jo'burg. 1958.
15. MURRAY, M.I.: Binnehof. Drama in Drie Bedrywe. N.B., Kps. 1959.
16. OPPERMAN, D.J.: Vergelegen. Versdrama in Vyf Bedrywe. N.B., Kps. 1956.
17. SITA (De Kock):⁵⁵⁹ Finkel en Koljander; Die Pettie-krie-Koei; Oppie Trein; Die Bordin-Huis.⁵⁶⁰ Vier Klugspelletjies. V.S., Pta. 1957.
18. SMIT, Bartho J.: Moeder Hanna. Treurspel in Twee Bedrywe. A.P.B. Jo'burg. 1959.
19. WEBER, Tom: Bitter Einde. Drama in Drie Bedrywe. A.P.B. Jo'burg. 1958.

(V.S. = Van Schaik; A.P.B. = Afrikaanse Pers Bpk.; N.B. = Nasionale Boekhandel, Bpk.)

Die keurkomitee is van oordeel dat Germanicus van Van Wyk Louw opvallend uitstaan bo die ander stukke en sodanige verdienstes besit dat hulle dit eenparig aanbeveel vir bekroning.

Die lys genoemde dramas bevat stukke van allerlei kaliber. Verskillende stukke hieronder is egter van persone afkomstig wat reeds bekroon is met die Hertzogprys vir drama. Vanself kom hulle dus nie weer in aanmerking vir die prys nie.⁵⁶¹ Hierdie skrywers is Beukes en Opperman.⁵⁶² Ons mag egter byvoeg dat geen werk van hulle hier genoem in dieselfde klas met Germanicus geplaas kan word nie en dus ook om die rede nie in aanmerking sou kon kom vir bekroning nie. Ook die eenbedrywe van ander skrywers bevat in die versamelbundels van Beukes is van ander bekroonde dramaturge

556 Die werke verskyn onder die oorkoepelende titel *Silo is krank*.

557 Die korrekte publikasiedatum is 1959.

558 In die Akademie se 1958-lys van gekeurde Afrikaanse boeke (FRN 1959: 24 Julie – bylaag G) word die outeur se van reg gespel as Meintjes.

559 Sita is die pseudoniem van S.S. de Kock.

560 Die werke verskyn onder die oorkoepelende titel *Finkel en Koljander: vier komediespele in een bedryf*.

561 Hier word verwys na bepaling 2 op bladsy 221, naamlik dat die onverdeelde prys nie meer as eenmaal aan dieselfde persoon in dieselfde afdeling toegeken mag word nie.

562 Beukes is in 1952 bekroon (kyk bladsy 267, 270, 273) en Opperman in 1956 (kyk bladsy 307).

(Fagan en de Klerk)⁵⁶³ of “kleinwerk” wat op hulself nog nie bekroning verdien nie, afgesien van die feit of hulle voldoende “kleinkuns” is. Sulke “kleinwerk” is ook die kluggies van Sita.

Onder die ander werk is die verdienstelikes die die [sic] van Henriette Grové en Bartho Smit, min of meer gelykop van waarde, en albei van besondere belofte (Grové is veral sterk in strakke bou, Smit in strakke karaktertekening); Tom Weber, Maxie Murray en Johannes Meintjies [sic] min of meer in hierdie volgorde. Laasgenoemdes skryf “treffende” dramas, maar skiet kort in sielkundige diepgang.

D.F. Malherbe se werk is op sy ou patroon: “romantiese” versdrama uit die Bybel (Silo, Sisera), boerelewe (Boeta van Skeurfontein), of ander bronne (In die Namib) wat meestal baie kunsmatig, serebraal, digterlik hol en sielkundig onoortuigend aandoen.⁵⁶⁴

Ook Uys Krige, Die Goue Kring, is benede die middelmaat, dikwels blote rymelary en gekunstelde simboliek. Onsuier en plek-plek onmagtig, hoewel soms met enige belofte, is Die Band om ons Harte deur A.P. Brink.

Modjadji van G.H. Franz bring die bekende toordokteres en reënkoningin van Noord-Transvaal op die planke. Die stuk is eerder beskrywend as dramaties, leersaam as aangrypend: ’n interessante, enigsins bekoorlike, maar nooit spannende weergawe van naturellesielkunde nie.

Erlank se stuk is nie oorspronklik nie. Dis ’n verwerking van ’n stuk van Hebbel.

Bo al hierdie werk troon Germanicus uit. Digterlik en filosofies is dit een van die vernaamste stukke in Afrikaans, miskien die vernaamste.

Die gespierde rymlose verse, die pragtige beelde, die gelaaide woorde, gee die stuk sy digterlike waarde.

Filosofies gee die stuk ’n ontleding van die hoogste orde van die kragte wat die Romeinse ryk beweeg en in stand gehou het; ook van die persoonlike probleme van Germanicus. Hier sien ons hoe Germanicus, die edele, mensliewende, wankelmoedige figuur te gronde gaan onder die druk van die groot, genadelose, gewetenlose, politieke magte en figure van sy tyd. Van Wyk Louw lewer hier bewyse van ’n indringingsvermoë, maatskaplik en persoonlik, wat hom hoog plaas in die ry van denkende digters, ook buite Suid-Afrika. Merkwaardig is verder hoe die gestaltegewing van een figuur soms bereik word deur die woorde van ’n ander, bv. Agrippina deur Tiberius, Piso deur Caius e.s.m.

Germanicus, die denkende mens, die twyfelmoedige, is geen man van aksie nie en die stuk geen stuk van dramatiese handeling, van opvolgende pakkende gebeurtenisse nie. Dramaties sondig die stuk selfs teen daardie onmisbare eis van die drama: die voer tot ’n klimaks as gevolg van ’n botsing. Daar is geen wesentlike botsing in of om Germanicus nie. Hy sien die onvermydelike nader kom en aanvaar dit gelate. Tog boei die stuk en kan dit bly boei tot die einde juis as uitbeelding van ’n sterk verinnerlikte bestaan: Germanicus se bewussyn van dinge en sy redes en gedrag in onderwerping daaraan.

563 In die versamelbundel *Skerm en masker* is dit nie net Fagan (met *Ruwe erts* – deel van 1935-bekroning) en De Klerk (met *Die jammer hart* – deel van die 1952-bekroning) wie se werk al bekroon is nie, maar ook Grosskopf. Hy het die 1925/1926-Hertzogprys gedeel met ’n digter en prosaïst, maar sy toekenning is beskou as onverdeelde in die dramakategorie (kyk bladsy 242 en eindnota 33 op bladsy 528). *Oorlog is oorlog* (1941), wat ook in *Skerm en masker* verskyn, is foutiewelik in 1941 al beoordeel (kyk voetnota 335 op bladsy 192) en daarom in 1944 buite rekening gelaat (kyk bladsy 232).

564 Kyk die kommentaar op Malherbe se werk in 1948 (bladsy 251).

As die stuk so gespeel word, kan dit ook ware speelbare drama word: 'n stuk van boeiende en heldere karakterisering, van innerlike belewenis en ontwikkeling, van die hoogste woordkuns. Germanicus is 'n groot mens in 'n grootse verband gesien en op grootse wyse deur Van Wyk Louw vertolk. Daarvoor verdien hy die Hertzogprys vir Drama.

Die verslag is op 24 Februarie 1960 onderteken deur F.C.L. Bosman. Beide Venter en Blignault het hulle instemming met die verslag betuig, maar met reg 'n probleem gehad met die volgende bewoording daarin:

Dramaties sondig die stuk selfs teen daardie onmisbare eis van die drama: die voer tot 'n klimaks as gevolg van 'n botsing. Daar is geen wesentlike botsing in of om Germanicus nie. Hy sien die onvermydelike nader kom en aanvaar dit gelate.⁵⁶⁵

Venter teken op 27 Februarie 1960 die verslag en verwoord sy siening só:

Germanicus sien wel uiteindelik dat die onvermydelike nader en aanvaar dit ook gelate, maar hy verset hom tog aanvanklik teen die planne van Tiberius enersyds en van sy soldate andersyds. Nog sterker is die konflik om hom: die konflik wat aan min of meer al Louw se werke ten grondslag lê: goed en kwaad, lig en donker, geregtigheid en sonde – wat 'n mens dit ook al wil noem. 'n Studie van die adjektiewe in Germanicus (soos in Raka) is al insiggewend in hierdie verband.

Verder ag ek dit 'n besonder mooi verslag van dr. Bosman.

Audrey Blignault het die verslag op 8 Maart 1960 onderteken, en haar standpunt soos volg gestel:

Vir my is daar 'n wesentlike botsing in en om Germanicus.

Vgl. Bladsy 33: Ek moet die mag gryp ... Daar is 'n gedurige stryd in hom tussen wat hy is en wat hy moet. Hy wat is, wil nie op gangbare wyse wees nie. Om hom is die botsing ook sterk teenwoordig: tussen die Romeinse legioene en die gevestigde regering in Rome, tussen individue onderling bv. tussen Germanicus en Piso, tussen Livia en Thusnelde, tussen Tiberius en Germanicus, en bowe al tussen teenoorgestelde beskawingswaardes in 'n tydperk van oorgang.

Ek sou dus graag wou voorstel dat genoemde twee sinne weggelaat of gewysig word.

Verder stem ek met die verslag saam.

Die Fakulteitsraad het, na oorweging van die verslag, tydens hulle vergadering van 8 April 1960 besluit om by die Akademiesraad aan te beveel dat die 1960-Hertzogprys vir Drama toegeken word

565 Blignault haal nie spesifiek laasgenoemde sin aan in haar beswaar nie.

aan N.P. van Wyk Louw (FRN 1960: 8 April).⁵⁹ Die volgende dag het prof. H. v.d. Merwe Scholtz (sr.) tydens die Akademiesraadsvergadering namens die Fakulteitsraad versoek dat Louw bekroon word. Die Akademiesraad het die besluit bekragtig. (ARN 1960: 9 April.)

Op 11 April 1960 skryf Du Buisson aan Van Wyk Louw:

Dit doen my besondere genoë om u mee te deel dat die Akademiesraad op sy jongste vergadering besluit het om die Hertzogprys vir Drama vir die periode 1956-1959 aan u toe te ken, hoofsaaklik op grond van u werk Germanicus.

Vergun my om u geluk te wens met hierdie onderskeiding wat u te beurt geval het, veral aangesien dit tans die derde genre van u werk is wat met die Hertzogprys bekroon word.⁵⁶⁶

Die oorhandiging van die prys sal geskied ten tye van die Jaarvergadering van die Akademie op Saterdag, 2 Julie 1960 in Pretoria.

Geliewe my so gou doenlik te verwittig of u die toekenning aanvaar, sodat ek vir die nodige persaankondiging kan sorg.

Die dramaturg het die toekenning met dank aanvaar⁵⁶⁷ (FRA, FRN, ARA en ARN 1960: 30 Junie).

Soos in die brief aan Louw, is daar in die persaankondiging, gedateer 14 April 1960⁵⁶⁸ én in die 1959/1960-Fakulteitsjaarverslag, te kenne gegee dat die Akademiesraad die Hertzogprys aan Louw toegeken het “hoofsaaklik” op grond van *Germanicus*. Die invoeg van die woord “hoofsaaklik” impliseer dat ook ander dramas van Louw bygedra het tot die 1960-bekroning. Gedurende die tersaaklike verskyningsperiode is net *Germanicus* van Louw gepubliseer. Dalk is verskuil en implisiet verwys na vorige dramas ten einde te vergoed vir die feit dat Louw nie die 1956-prys vir *Dias* gekry het nie, of omdat *Die dieper reg* in 1938 oor die hoof gesien is en geen toekenning gemaak is nie. Tóé is geredeneer dat die versdrama ’n “gedig” is (kyk bladsy 177), terwyl versdramas later wel deeglik oorweeg en bekroon is met die Hertzogprys vir Drama.

566 In die 14 April-persaankondiging is die verdere inligting verstrekkend dat “prof. N.P. van Wyk Louw, hoof van die Departement Nederlands-Afrikaans aan die Universiteit van die Witwatersrand”, twee keer die Hertzogprys vir Poësie ontvang het, een keer die Hertzogprys vir Kritiese Prosa en Essay, en dat dit ’n onderskeiding was wat nog slegs Louw te beurt geval het.

567 Louw het in 1937 die Hertzogprys geweier (kyk bladsy 169).

568 Die Akademiesraad het al op 1 Desember 1939 besluit dat die Hertzogprystoekenning voortaan ná die raadsvergadering waarop die besluit ten opsigte van bekroning geneem is, bekend gemaak sou word (kyk bladsy 189). Op 11 Desember 1941 het hulle besluit om in die toekomst onmiddellik nadat daar tot ’n finale beslissing gekom is met betrekking tot die toekenning van die Hertzogprys al dan nie, ’n offisiële verslag aan die pers te oorhandig (kyk bladsy 197). Die Akademiesraadsbesluit om Louw te bekroon is geneem op 9 April, Louw is op 11 April daarvan verwittig, en die persverklaring is eers uitgereik op 14 April 1960 ten einde seker te maak dat Louw die prys sou aanvaar. (Kyk ook eindnota 62 op bladsy 541.)

Louw is op 11 Mei skriftelik laat weet in verband met die reëlings vir die oorhandiging wat tydens die 1960-jaarvergadering sou plaasvind op Saterdag 2 Julie 1960 om 9-uur vm. in die Nuwe Lesingsaal (agter die Ou Letteregebou), Universiteit van Pretoria. Louw se aandag is ook daarop gevestig dat daar van hom verwag word om 'n baie kort dankwoord "van ongeveer 1 minuut" tot die aanwesiges te rig nadat hy die prys in ontvangs geneem het. (1960/1961-Fakulteitsjaarverslag.)

Die huldigingswoord is gelewer deur dr. F.C.L. Bosman ⁶⁰ en gepubliseer in die *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, Oktober 1960 ⁶¹ (Bosman 1960:104-105; FRA, FRN, ARA, ARN 1960: 30 Junie; FRA 1960: 30 September; ARA en ARN 1960: 1 Oktober; 1960/1961-Fakulteitsjaarverslag).⁵⁶⁹ Die gedeelte waarteen die ander twee kommissielede beswaar gehad het, is uitgelaat, en vervang deur die volgende:

In engere dramatiese sin kan ons nog die volgende opmerk. Germanicus, die denkende mens, die twyfelmoedige, is geen man van aksie nie, en die stuk geen stuk van uiterlike handeling, van beweglike pakkende gebeurtenisse nie. Die uiterlike stryd in die stuk wou om Germanicus; die ware stryd word gevoer in die gemoed van Germanicus self. Selfs daar egter het ons weinig twyfel oor hoe die stryd gaan verloop. Germanicus is by uitstek die verpersoonliking van die Hamlet-probleem, van die tweespalt in gedagte en gewete wat geleidelik tot verlamming van die daad en uiteindelik tot die dood lei:

"Thus conscience doth make cowards of us all,
And thus the native hue of resolution
Is sicklied o'er with the pale cast of thought
And enterprises of great pitch and moment
With this regard their currents turn awry
And lose the name of action".

Van botsing in die stuk is daar dus weinig sprake, behalwe in die magte en persone om Germanicus; in Germanicus self is daar reeds spoedig fundamenteel, met enkele spasmodiese uitsondering, aanvaarding van die onvermydelike. Daar is selfs geen klimaks in die gewone sin van die woord in Germanicus nie. Na die hewigste selfstryd aan die begin van die stuk beweeg die stuk hom essensieel in dalende lyn verder.⁵⁷⁰

569 Dit begin soos volg:

Onder 'n behoorlike oes van Afrikaanse dramas gedurende die tydperk 1956-1959 het die Akademie geen twyfel gehad dat Germanicus, treurspel in ag tonele, opvallend uitstaan bo die ander stukke nie en sodanige verdienstes besit dat dit sonder voorbehoud bekroning verdien.

Dan gebruik Bosman die Hertzogprysverslag se bewoording in die drie paragrawe vanaf "Digterlik en filosofies ..." tot en met "...Piso deur Caius" (kyk bladsy 317).

570 Dan haal Bosman uit die tweedelaaste paragraaf van die verslag aan vanaf "Tog boei die stuk ..." (kyk bladsy 317), en voeg die volgende by:

Deur ag tonele ontvou hierdie aangrypende beeld en geestelike gang hul op so 'n wyse dat hul volkome ons logiese en morele gevoel bevredig, met slottonele wat ons juis bekoor deur die soete en roerende versterwing van 'n fyn en edele gees.

Die laaste paragraaf van die verslag word net so aangehaal, met die byvoeging van die volgende ná "'n stuk ... van die hoogste woordkuns":

van 'n slot in mineur wat net so kan boei as enige majeur van kragtige handeling.

Hierdie vervangingsgedeelte behels opnuut aanvegbare stellings, byvoorbeeld dat by Germanicus ’n “verlamming van die daad” ingetree het. ’n Kernaspek van die drama, naamlik wat as “daad” beskou kan word (doen, dink), is hiermee aangeraak. Dit, asook ander fasette, soos struktuur (epies/klassiek), tragiese/nie-tragiese elemente in die drama, Germanicus as tragiese figuur of nie, het deur die jare al ’n magdom opinies ontlok.⁵⁷¹ Tog bly die grootsheid van hierdie drama nie te betwyfel nie. Die Hertzogprys was welverdiend.

Tog is dit nodig om kennis te neem van vier skrywers wie se werke in die 1960-Hertzogprysverslag genoem word: Krige, vir wie die Hertzogprys, ongeag sy uitstekende dramas tot in daardie stadium, nog nie beskore was nie, en drie dramadebutante wat later die Hertzogprys ontvang het: Bartho Smit, Henriette Grové en André P. Brink.

Die goue kring (1956), deur Uys Krige, is in die 1960-verslag totaal deur Bosman onderskat en beskryf as “benede die middelmaat, dikwels blote rymelary en gekunstelde simboliek” (kyk bladsy 317).⁵⁷² Toe Krige in 1985 die Hertzogprys ontvang het as “een van die belangrikste vernuwende kragte in die geskiedenis van die Afrikaanse drama” (kyk eindnota 105 op bladsy 560), was *Die goue kring* juis dié vollengte drama van hom wat uitgesonder is, onder andere weens die uniekheid daarvan en Krige se gebruik van simbole (kyk bladsy 395).

Moeder Hanna (1959) van Bartho Smit, ’n oorgangstuk tot die sestigerjare se vernuwning in die Afrikaanse drama, is op Vrydag 24 en Saterdag 25 Julie 1959 tydens die Akademie se Halfeeufeesvieringe in Stellenbosch, opgevoer onder spelleiding van Smit self, met Athol Fugard as verhoogbestuurder (Notule). Die 1978-Hertzogprys is toegeken aan Bartho Smit vir al sy dramas, maar met spesifieke verwysing na onder andere *Moeder Hanna* (kyk bladsy 498, 503). In die 1960-Hertzogprysverslag word hierdie werk, sowel as dié van Henriette Grové, as verdienstelik en van besondere belofte beskou, met spesiale vermelding van die “strakke karaktertekening” in Smit se drama (kyk bladsy 317).

Die “strakke bou” van Henriette Grové se werk is in die verslag gemeld. Sy het die 1981-Hertzogprys ontvang vir *Ontmoeting by Dwaaldrif* en al haar ander dramatiese werk (kyk bladsy 504), wat hierdie 1958-dramadebute, *Die goeie jaar* en *Die glasdeur*, insluit. (Kyk ook eindnota 66 op bladsy 542.)

571 Kannemeyer (1984:414-416), asook Senekal en Van Aswegen (1980:54-55) gee uitgebreide inligting oor talle studies wat al in verband met *Germanicus* gedoen is.

572 Aangesien beide Venter en Blignault nie kritiek gelewer het op Bosman se beskouing van hierdie drama nie, was hulle dit per implikasie met Bosman eens. Dit kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat hulle fokus só gevestig was op die verantwoording van ’n bekroning vir *Germanicus*, dat hulle nié in detail kommentaar wou lewer oor die ander dramas nie.

Brink is in 2000 bekroon met die Hertzogprys vir *Die jogger*, met inagneming van sy drama-oeuvre. Sy 1959-debuutdrama, *Die band om ons harte*, is egter nié in die 2000-verslag genoem nie (kyk bladsy 572), en is in die 1960-verslag beskryf as “[o]nsuiwer en plek-plek onmagtig, hoewel soms met enige belofte” (kyk bladsy 317). (Kyk ook eindnota 66 op bladsy 542.)

Volgens die notule van die openbare afsluitingsbyeenkoms van die jaarvergadering, het mev. De Villiers, vrou van die Akademierraadsvoorsitter, dr. F.J. de Villiers, ’n akte en die prysgeld⁵⁷³ aan Louw oorhandig,⁵⁷⁴ en het hy sy waardering soos volg uitgespreek:⁵⁷⁵

Ten eerste bedank ek die Akademie vir die belangstelling in die werk van my wat hier vanmôre bekroon word;

en ten tweede bedank ek die vorige spreker vir sy voordrag van die Akademie se motivering wat in dié meer as vleierende woorde gestel moes word.

U sal my van verdere uitweiding verskoon: om oor eie werk iets te sê, is altyd lastig; en om goedkeurend oor goedkeuring van ’n mens se werk te praat, trap oor die rand van die beskeidenheid.

Maar, óu gewoonte én die hoflikheid eis glo van ’n mens by ’n geleentheid soos hierdie naas die formele dank teminste [sic] ’n kort woord.

Dit dan: daar is ’n bekende en miskien gegronde klagte dat die dramatiese literatuur by ons nog nie gelykstaande is aan die liriese of epiese poësie nie.

In hierdie kort woord van my vanmôre sou ek benede my plig bly indien ek as buitestaander⁶² nie vir U as lede van ’n Akademie ’n paar dinge voorhou nie wat, myns insiens, met die moontlikheid-self van ’n dramatiese letterkunde in ons taal verband hou.

Een: Laat ons nie van ons tragedie ’n kortsigtige aktualiteit éis nie. Die skrywer wat die aktualiteit as juiste vorm vir sy eie kuns voel – láát hom dié vorm gebruik. Hy wen iets; en hy sit iets op die spel. Mag dit nie later van hom gesê word dat hy “sy loon weg-het” nie.

Maar: op 100 groot dramas van die wêreldliteratuur sou ek skaars een aktuele van ’n bepaalde tyd kan noem. En ons kan vertrou: die ware tragedie in óns taal – al is sy tema wát – sal diep suig uit óns volk se tragiese aarde.

Ten tweede: laat ons blyspel met wát ook speel – met hemel, hel of vagevuur – en praat oor stad of platteland of buiteland of dorp; maar laat ons hom nié in ’n dorpse gees versmoor nie.

573 Kyk bladsy 330 in verband met die geldbedrag wat Louw ontvang het.

574 Die notule van die openbare afsluitingsbyeenkoms op Saterdag 2 Julie 1960, meld verkeerdelik dat die 1961-Hertzogprys vir Drama oorhandig is.

575 Die toespraak is ook opgeneem in *Standpunte*, jaargang XVII, nr. 2, Desember 1963, p. 61. Dit is ook beskikbaar in die Dokumentesentrum van die J.S. Gericke-biblioteek, Universiteit van Stellenbosch, se N.P. van Wyk Louw-versameling (dokument 2.To.35).

U weet, as die predikant op 'n klein dorp 'n keer 'n bietjie streng gepreek het, hoe die gemeente by die uitgaan fluister: “Ai, maar Dominee het darem vir Oum Koos die kop gewás!”, en hoe almal hulle verlustig oor die splinter in Oum Koos se oog.

Wat die drama betref: dit is alleen in 'n muf klein wêreldjie dat hierdie estetiese denkfout plaas kan vind.

Laat ons nie by voorbaat die blyspel as *karacterspel* by ons doodsmoor nie deurdat ons vir Oum Koos soek en oor sý splinters giggel; die ernstige blyspel het te doen met bálke ... in óns oë, U s'n en myne, ons s'n as volk.

Ten derde: alleen in 'n dampkring van vryheid kan groot drama – of enige groot letterkunde – groei. Laat ons die vryheid van die Afrikaanse boek jaloers bewaar; laat ons nie in 'n stryd teen “vuilskrywery” 'n hele literatuur dwing om onder die juk van 'n *preventiewe* sensuur deur te gaan nie. Dit sou wees asof 'n mens jou drinkwater met Lysol ontsmet.

Dink net: watter eerbare skrywer sal hom daartoe leen om in só 'n “publikasieraad”⁵⁷⁶ oor die verskyn of nie-verskyn van 'n hele volk se literatuur te besluit? Dus: alleen die ánder tipe skrywer, dié met die waan van meerderheid oor almal, óf met die koopbare gewete, sal hom vir hierdie werk laat vind.

Moet ons ons voorstel dat 'n Afrikaanse boek nog eenmaal gedruk sal moet word met voorin hierdie woorde:

“Gepubliseer – met 'n gevoel van skaamte – ná goedkeuring deur die Publikasieraad”?

Ek dank U vir u aandag.

Die volgende dramas kon op grond van publikasiedatum ook in aanmerking kom vir die 1960-Hertzogprys, maar is nié in die verslag genoem nie, en sou ook nie kon kers vashou by *Germanicus* nie:

1956-dramas

Beukes, Gerhard J. *Verkiesing sonder politiek!: 'n skertsstuk in drie bedrywe*
(Van Schaik)

Malherbe, D.F. *Fariseër* (Nasionale Boekhandel)

1957-dramas – almal opgeneem in Gerhard J. Beukes se *Vyf nuwe eenbedrywe* (1957) (Van Schaik):

Beukes, Gerhard J. *Ons het 'n ster gesien!* (ook opgeneem in Gerhard J. Beukes se *Roep van die naguiltjie en ander eenbedrywe* [1983])

576 'n Publikasiebeheerraad is in 1963 ingestel.

Brits, Jac. J.	<i>Vriend van die keiser</i>
Fagan, H.A.	<i>Geliefde vreemdeling</i>
Marais, C.L.	<i>'n Diender en 'n daggaboom</i>
Roubaix, Paul.	<i>O, uur van glorie</i>

1958-drama

Sita. (ps. van S.S. de Kock) *Ses vroue: 'n eenbedryf* (Voortrekkerpers)

D.F. Malherbe se *Boeta van Skeurfontein* moes nie in aanmerking gekom het nie, want dit is 'n verwerking van Malherbe se roman *Die skeur van Vaalspruit* (kyk by “Dramaverwerkings” in eindnota 3 op bladsy 513-514).

5.3 SAMEVATTING: DIE HERTZOGPRYS VIR DRAMA 1944-1960

Die Hertzogprystoekennings vir Drama vandat die veranderinge in 1942/1943 in werking getree het, tot en met die volgende ingrypende veranderinge in 1961/1962, lyk soos volg:

- slegs een van die vyf keer wat 'n drama bekroon kon word, is geen toekenning gemaak nie, naamlik in 1948;
- Leipoldt ontvang die 1944-toekenning vir twee vroeër gepubliseerde dramas, *Die heks* (1923) en *Die laaste aand* (1930);
- die 1952-Hertzogprystoekenning is verdeel tussen
 - ▶ Gerhard Beukes vir sy eenbedrywe asook *Salome dans, Langs die steiltes* en *As ons twee eers getroud is!*,⁵⁷⁷ en
 - ▶ W.A. de Klerk vir *Die jaar van die vuur-os, Drie vroue, Drie dramas* en *Vlamme oor La Roche*,⁵⁷⁸
- D.J. Opperman verower die 1956-Dramaprys vir *Periandros van Korinthe* (1954), 'n versdrama, en
- in 1960 ontvang N.P. van Wyk Louw die Hertzogprys vir sy versdrama *Germanicus* (1956).

Geen Breë Kommissie was betrokke by die 1948-, 1952- en 1960-Dramatoekenningsjare nie. Vir die 1944-toekenning is wel tien lede benoem van wie nege gestem het (kyk bladsy 227 en voetnota

577 Kyk bladsy 269-270 in verband met inkonsekwentheid.

578 Kyk bladsy 270 in verband met inkonsekwentheid.

390 op dieselfde bladsy), en al tien benoemdes het hulle stem uitgebring vir die 1956-toekenning (kyk bladsy 303).

Dit is opmerklik dat oor 'n **beoordelingsperiode** van dertig jaar (1929⁵⁷⁹-1959⁵⁸⁰) die naam van Uys Krige as wenner ontbreek – dít terwyl hy gedurende hierdie periode al die dramas geskryf het waarna spesifiek verwys is toe hy in 1985 die Hertzogprys vir sy hele drama-oeuvre ontvang het (kyk eindnota 104 op bladsy 558 en eindnota 105 op bladsy 559).

Gedurende die Akademie se 50-jarige feesjaar in 1959, het die redakteur van die *Transvaler* dit in 'n hoofartikel bepleit dat die Akademie dit ernstig oorweeg om sy ereskuld teenoor groot ontslape figure na te kom wat nie in hulle leeftyd bekroon is nie. Die Fakulteitsraad Taal, Lettere en Kuns het aanbeveel dat die saak ondersoek word. Die gedagte is deur die Akademiesraad onderskryf en 'n Kommissie is vir daardie doel saamgestel, bestaande uit dr. F.V. Lategan (sameroeper), prof. P.J. Nienaber en dr. A.P. Grové (ARA en ARN 1959: 24 Julie.) Grové het nie die benoeming aanvaar nie, en Lategan, Nienaber en mnr. J.J. Krüger het na aanleiding van hulle 6 Oktober 1959-vergadering, 'n verslag uitgebring (ARN 1959: 10 Oktober – Bylaag G).

Die Kommissie was onder andere van mening dat die 1959-feejaar die geskikte geleentheid gebied het om sulke bekronings te maak. Na aanleiding van opdrag (d) om die nodige aandag aan nog lewende kunstenaars te bestee wat gedurende hulle prestasietydperk om watter rede ook al nie die nodige erkenning ontvang het nie, het die Kommissie bevind dat daar wel sulke persone was wat in die Feejaar bekroon behoort te word, dat die Akademie 'n ereskuld gehad het én die goeie geleentheid om dit te vereffen, en dat so 'n daad sou bydra om die aansien van die Akademie te verhoog. Die Kommissie het hom beperk tot persone wat nié reeds op een of ander gebied deur die Akademie bekroon is nie, en die drie name wat genoem is om met die Hertzogprys bekroon te word, was dié van Boerneef (prosa),⁵⁸¹ Uys Krige (poësie en drama) en G.A. Watermeyer (poësie). Die Akademiesraad het egter na heelwat bespreking besluit om die verslag terug te verwys met onder andere die aanbeveling om nié lewende persone in aanmerking te neem nie. (ARN 1959: 10 Oktober – bylaag G.) Punt (d) van die oorspronklike opdrag het gevolglik verval (ARA 1959: 28 November – Bylaag F).

579 Dit was die eerste jaar sedert die instelling van die rotasiestelsel (kyk bladsy 125) dat slegs dramatekste aan die beurt gekom het.

580 Desember 1959 was die afsnydatum vir dramas wat vir die 1960-Hertzogprys in aanmerking kon kom (kyk voetnota 551 op bladsy 315).

581 Ook D.J. Opperman het in 1958 opgemerk dat Boerneef bekroningswaardig was (kyk eindnota 60 op bladsy 540).

5.4 SAMEVATTING: HERTZOGPRYSTOEKENINGSPROSEDURE 1944-1960

Onderstaande besluite het direk op die Hertzogprys betrekking gehad en is geneem ná die 1942/1943-veranderinge (kyk eindnota 29 op bladsy 526, bladsy 221-224 en eindnota 40 op bladsy 530) en vóór die 1960/1961-veranderinge (kyk bladsy 328):

- 26 Februarie 1943: Volgens ’n Fakulteitsraadsbesluit word die Breë Letterkundige Kommissie verklein van vyftien na tien lede (kyk eindnota 29 op bladsy 527).
- 16 Julie 1943: Die Fakulteitsraad besluit die volgende (kyk eindnota 31 op bladsy 527):
 - ▶ As ’n Keurkommissie ’n eenstemmige aanbeveling doen, moet die Breë Kommissie nogtans versoek word om oor die aanbeveling te stem.
 - ▶ As ’n Keurkommissie verdeeld is oor die aanbeveling, word die name en werke van die aanbevole skrywers aan die Breë Kommissie voorgelê.
 - ▶ Die Raad beskou ’n verdeling van die Hertzogprys as algemene beleid, onbevredigend.
- 30 September 1944: Die Fakulteitsraad besluit dat die Breë Kommissie net geraadpleeg word indien die Letterkundige Keurkommissie meer as een persoon aanbeveel (kyk eindnota 31 op bladsy 527).
- September 1946: Die aantal Fakulteitsraadslede verhoog van ses na sewe (kyk punt 6a van die Statute op bladsy 639).
- 20/21 September 1946: Die Fakulteitsraad besluit die volgende, aangeneem deur die Akademiesraad (kyk bladsy 238, eindnota 42 op bladsy 532 en eindnota 42 op bladsy 532):
 - ▶ Die afdeling “wetenskaplike prosa” verval as Groep B van die Hertzogprys.
 - ▶ Die indeling van Groep A word behou, maar reisbeskrywinge word verskuif vanaf onderafdeling IV na onderafdeling III. Onderafdeling IV heet vervolgens “Kritiese prosa en essay”.
 - ▶ Elke Keurkommissie behoort vir homself ’n lys op te stel van werke oor die betrokke vakke in die betrokke tydperk. As die lede vir hulself vasgestel het watter werke min of meer binne die kader van die bekroningstandaard val, kan hulle, indien nodig, uitgewers deur die Akademiesekretariaat nader vir eksemplare van die betrokke werke vir verdere toegespitste studie en oorweging.
- 25 September 1948: Die Akademiesraad keur die Fakulteitsraadaanbevelings goed dat die bewoording van die Hertzog-bemaking só vertolk moet word dat slegs oorspronklike Afrikaanse werk vir bekroning in aanmerking kom. ’n Spesiale Akademieprys word ingestel vir vertalings. (Kyk bladsy 249.) Sodoende kon daar in die toekoms geen twyfel wees dat vertalings nie binne die Hertzogprysdomein hoort nie.
- 1948: Oktober 1948-inligtingstuk van Bosman (kyk bladsy 253):
 - ▶ voorheen moes die aanstelling van die Letterkundige Kommissie twee of drie jaar vooruit geskied, maar nou word gesê dat die Raad jaarliks ’n Komitee aanwys;
 - ▶ die deskundiges is voorheen die “Letterkundige Kommissie” genoem, maar nou word verwys na ’n ad hoc-komitee genaamd “letterkundige keurkomitee”;

- ▶ die aantal deskundiges word spesifiek bepaal op drie;
- ▶ daar word gesê dat die Raad, en nie die Fakulteitsraad nie, die Komitee aanwys;
- ▶ van die Komitee word verwag om by voorkeur een skrywer aan te beveel.
- 27 Junie 1952: Die Fakulteitsjaarvergadering besluit (opnuut) dat by verdeelde en dubbele aanbevelings deur Keurkommissies, die Breë Kommissie geraadpleeg moet word (kyk bladsy 281). (Kyk ook die 30 September 1944-besluit vroeër genoem.)
- 23 Julie 1953: Die Akademieraad bekragtig die 10 Julie 1953-besluit van die Uitvoerende Komitee om *in absentia*-bekronings toe te laat met desnoods persone wat deur die bekroondes aangewys word om die toekenning in ontvangs te neem. Nadere reëlings is aan die Sekretaris oorgelaat. (ARA 1953: 23 Julie, bylaag A; ARN 1953: 23 Julie).
- 1953: Die Akademiesekretaris kon nie meer deel wees van die Keurkommissies nie (kyk voetnota 532 op bladsy 300).
- 3 Mei 1954: Die Akademieraad bekragtig die Fakulteitsraadbesluit dat die Keurkommissie vir die volgende toekenning van die Hertzogprys twee jaar vooraf benoem moet word, en keer sodoende terug na 'n besluit geneem op 27 Oktober 1939 waarvan daar intussen afgewyk is (kyk eindnota 54 op bladsy 538).
- 3 April 1956: Die Fakulteitsraad keur dit goed dat die Raad se beslissing per pos ingewin word wanneer eenstemmige aanbevelings ontvang word van die Keurkommissies. Verdeelde aanbevelings sou oorstaan vir 'n besluit deur die Raad in sitting. (FRN 1956: 3 April.)
- 1956: Die volgende drie bepalinge is in 1956, geldig vanaf 1957, bygevoeg by die Hertzogprystoekenningsprosedure (kyk bladsy 311 en bylaag R op bladsy 646):
 - ▶ Alle besluite tot toekenning van die pryse deur die Raad moet geskied met 'n meerderheid waarby nie meer as twee lede in die minderheid stem nie.
 - ▶ Met “die Raad” word bedoel die Raad van die Fakulteit vir Taal, Lettere en Kuns.
 - ▶ Alle besluite van die Fakulteitsraad is onderworpe aan bekragtiging deur die Akademieraad van wie die werklike toekenning uitgaan.
- 25 Junie 1958: Die Fakulteitsraad besluit om aan te beveel dat huldigingswoorde in die toekoms opgestel moes word deur die betrokke Keurkommissie self of 'n lid van die Keurkommissie en ook gelewer word deur een van die lede van die Keurkommissie, of, indien geeneen van hulle dit kon doen nie, deur 'n persoon wat hom moes hou by die motiverings soos geformuleer deur die Keurkommissie (kyk eindnota 60 op bladsy 540).

5.5 DIE 1960/1961-HERTZOGPRYSROSEDUREVERANDERINGE

5.5.1 ONDERSOEKE EN AANBEVELINGS WAT GELEI HET TOT HERTZOG-PRYSROSEDUREVERANDERINGE

Tydens die Halfeeufoesviering van die Akademie vanaf 24 Julie tot 1 Augustus 1959, het die Akademieraad op sy vergadering te Stellenbosch 'n Kommissie van Drie benoem om te antwoord op die vraag of 'n verteenwoordigende Ondersoekkommissie insake Akademiewerksaamhede met die oog op toekomsbeplanning nodig is, en, indien wel, wat die opdragte aan sodanige Kommissie sou behels (ARN 1959: 24 en 27 Julie). Na aanleiding van die Kommissie van Drie se verslag wat voor die Fakulteits- en Akademieraad gedien het op onderskeidelik 9 en 10 Oktober 1959, het die Akademieraad besluit om 'n Ondersoekkommissie insake Toekomsbeplanning te benoem met die opdrag om alle aspekte van die Akademie te ondersoek en om aanbevelings te maak met betrekking tot maniere waarop die Akademie sy toekomstaak die beste kon verwesenlik. (ARN 1959: 10 Oktober; ARA 1959: 28 November.)

Die Ondersoekkommissie het in 'n memorandum onder andere daarop klem gelê dat dit noodsaaklik was om die neergelegde beleid in verband met toekennings weer grondig te ondersoek (ARA 1959: 28 November – bylaag B). Studiekomitees is aangewys, onder andere een insake bekroning, pryse en erepenninge.

Laasgenoemde studiekomitee het op Saterdagoggend 4 Junie 1960 'n vergadering in die Engelenburghuis, Pretoria, gehou. Hulle het sekere aanbevelings aanvaar wat aan die Ondersoekkommissie voorgelê is (ARA 1960: 30 Junie: Studiestuk K8/D). Teenwoordig tydens die aanvaarding van die aanbevelings was proff. T.H. le Roux (sameroeper), P.J. Nienaber, P. de V. Pienaar en R.L. Straszacker, asook drr. T.J.W. Jorden en M.S. du Buisson (Sekretaris). Prof. G. Dekker was afwesig, maar het sy standpunt ten opsigte van kernsake telefonies gestel, en prof. P.F.D. Weiss was uitlandig.

Sommige van hierdie Studiekomitee aanbevelings is ook vervat in die verslag en aanbevelings wat die Ondersoekkommissie self gemaak het na aanleiding van hulle derde vergadering, gehou op 27 Junie 1960 in die Engelenburghuis (ARA 1960:30 Junie – bylaag A).

Die Fakulteitsraad kon vanweë tydsbeperking nie die verslag voor die Fakulteit- en Akademieraadsvergaderings van 30 Junie deurwerk nie, maar het aan enkele sake die nodige aandag gegee. Die Fakulteitsraad is tot die volgende raadsvergadering (1 Oktober 1960) die geleentheid gegee om die verslag te bestudeer. (ARN 1960: 30 Junie.)

Ongeveer 'n jaar na die instelling daarvan in 1959, en wel op 1 Oktober 1960, het die Akademiesraad besluit om die Ondersekkommissie te ontbind aangesien hulle werk feitlik afgehandel was. Die Dagbestuur van die Akademiesraad is benoem tot 'n Voortsettingskomitee van die Ondersekkommissie om onafgehandelde sake af te rond. Die Dagbestuur sou die reg hê om vir bepaalde sake persone te koöpteer. Tydens die vergadering is ook besluit om die volgende jaar 'n buitengewone ledevergadering in Pretoria te hou om lede onder andere in te lig oor al die besluite wat geneem is na aanleiding van die verslag en aanbevelings van die Ondersekkommissie. (ARN 1960: 1 Oktober.) Die ledevergadering moes statutewysigings ensovoorts bekragtig en die gewysigde bepalings sou reeds by die 1961-jaarvergadering in werking tree (FRN 1960:30 September). Die ledevergadering het plaasgevind op Vrydag 24 Maart 1961 in die Philadelphiasaal van die Universiteit van Suid-Afrika.

Een van die sake waaroor die Fakulteitsraad kommentaar gelewer het en waaroor die Dagbestuur in 1960 moes besluit, was of daar na die Hertzogprys verwys moes word as 'n prestige-, prestasie- of gehalteprys (ARN 1960: 1 Oktober, ARDBA 1960: 27 Oktober). Hulle het besluit op die woord "prestasieprys" (ARDBN 1960: 27 Oktober).

5.5.2 VIER PROSEDUREVERANDERINGE EN DIE AANLOOP TOT ELKEEN

Die hele proses van aanbevelings deur die Studiekomitee,⁵⁸² Ondersekkommissie⁵⁸³ en Fakulteitsrade wat uiteindelik deur die Akademiesraad of Dagbestuur bekragtig is,⁵⁸⁴ het daartoe gelei dat daar in 1961 'n hersiene Hertzogprystoekenningsprosedure gefinaliseer is wat vanaf 1962 geldig was (kyk bylaag S op bladsy 648).

Vier sake – sommige met 'n lang aanloop – wat in 1961/1962 neerslag gevind het in die veranderde prosedure, is die volgende:

- die geldwaarde van die Hertzogprys;
- die afdelings waarin die Hertzogprys tot in hierdie daardie stadium verdeel was;
- die beperking dat 'n skrywer nie meer as een keer met die Hertzogprys bekroon kon word in dieselfde literêre kategorie nie, en
- "Afrikaansheid".

582 Aanbevelings van die Studiekomitee (ARA 1960: 30 Junie – Studiestuk K8/D) word vervolgens aangedui as SK, en die nommer van die aanbeveling soos wat dit in die studiestuk verskyn, volg net daarna.

583 Die Ondersekkommissieverslag se aanbevelings (ARA 1960:30 Junie – bylaag A) word aangedui as OK, gevolg deur die tersaaklike nommer van die aanbeveling.

584 Na aanleiding van hierdie proses het M.S. du Buisson, die Akademiesekretaris in daardie stadium, 'n "Verslag insake voorstelle en besluite met betrekking tot die toekomsbeplanning van die Akademie" opgestel, gedateer 31 Januarie 1961 (onder andere te vind in FRA 1962: 26 April – bylaag P).

5.5.2.1 Die geldwaarde van die Hertzogprys

Die geldbedrag verbonde aan die Hertzogprys het soos volg verhoog gedurende die periode 1944 tot voor 1960:

- 8 April 1944: Die Hertzogprysbedrag word op £50 vasgestel (kyk eindnota 38 op bladsy 530). Hierdie bedrag is waarskynlik verdeel tussen Leipoldt en Beyers (kyk eindnota 38 op bladsy 530).
- 26 April 1946: Die prysgeld verhoog na £100 met dien verstande dat dit in twee verdeel word, t.w. £50 vir Belletterie en £50 vir Wetenskaplike Prosa (kyk bladsy 238 en eindnota 41 op bladsy 532).
- 21 September 1954: Die bedrag verhoog na £75 (kyk eindnota 57 op bladsy 539).

Op 19 Mei 1960 het P.J. Nienaber die Fakulteitsraad se aandag gevestig op die feit dat daar verskillende letterkundige pryse was wat in daardie stadium aan skrywers toegeken is, onder andere die W.A. Hofmeyrprys van Nasionale Boekhandel, en die A.L.V.-pryse, en dat hierdie pryse almal £100 en selfs meer beloop. Gevolglik was die Hertzogprys agter wat sy geldelike waarde betref. Nienaber verneem of die Raad dit nie kon oorweeg om die Hertzogprys ook na £100 te verhoog nie. (FRA en ARA 1960: 30 Junie.) Op 25 Mei 1960 het die Akademiesekretaris, Du Buisson, Nienaber ingelig dat sy versoek voor die eersvolgende Fakulteitraadsvergadering sou dien (LK 1/7).

Ook die Studiekomitee en die Ondersoekkommissie het 'n verhoging na £100 aanbeveel wat reeds vanaf die 1959/1960-toekenning van krag moes wees (SK 4 d / OK III w]). Op aanbeveling van die Fakulteitsraad het die Akademiesekretaris besluit om die geldwaarde van die Hertzogprys vanaf 1960 na £100 te verhoog (FRN en ARN 1960:30 Junie). Dit is soos volg verwoord in die 1961/1962-Hertzogprysprosedureveranderinge:

1. Die waarde van hierdie twee pryse [Hertzogprys en die Akademieprys vir vertaalde werke] beloop respektieflik R200 [£100] en R50 per jaar.

Dit was reeds vir die 1960-Dramatoekenning aan N.P. van Wyk Louw, vir *Germanicus*, geldig. (Kyk ook voetnota 280 op bladsy 171.)

5.5.2.2 Die verskillende afdelings van die Hertzogprys

In die 1919/1920-Hertzogprysverslag het dit al deurgeskemer dat beoordelaars dit moeilik gevind het om tekste uit verskillende literêre kategorieë met mekaar te vergelyk (kyk bladsy 72-72).

Hierdie probleem is opgelos deurdat in 1927 besluit is om die prys om die beurt jaarliks uit te loof vir prosa, poësie en toneelwerk (kyk bladsy 122-125). Met die 1942/1943-instelling van 'n vierde kategorie in Afdeling A, naamlik Ander Kunsprosa (kyk bladsy 222), later Kritiese Prosa genoem (kyk bladsy 238 en 249), én 'n Afdeling B, naamlik Wetenskaplike prosa (kyk bladsy 222), is die oplossing ongedaan gemaak en is die probleem van nuuts af geskep. Wetenskaplike prosa is wyslik later uit die domein van die Hertzogprys geskuif (kyk bladsy 238-241).

Vir Kritiese Prosa kon die Hertzogprys toegeken word in 1946, 1950, 1954 en 1958, met slegs een toekenning wat in 1958 gemaak is – aan N.P. van Wyk Louw vir sy hele kritiese oeuvre. Tog bepaal die skenkingsakte dat die Hertzogprys toegeken moet word aan die beste letterkundige werk van belletristiese aard in die Afrikaanse taal (kyk bladsy 20). Die Studiekomitee se sinvolle aanbeveling (SK 1 a) dat die vierde afdeling, naamlik Kritiese prosa en essay, nie langer onder die Hertzogprys ressorteer nie, maar oorskuif na die Stalsprys,⁵⁸⁵ bevestig deur die Onderzoekkommissie se aanbeveling (OK III r), het soos volg neerslag gevind in die 1960/1961-Hertzogprystoekenningsprosedureveranderinge:

5. Bekronings, indien die werk van voldoende gehalte geag word, geskied jaarliks en wel vir een van die volgende drie afdelings (in volgorde vanaf 1962):
 - (a) Poësie
 - (b) Drama
 - (c) Verhalende prosa (roman, novelle, kortverhaal, reisbeskrywing).
6. Slegs een van hierdie afdelings kom jaarliks in aanmerking en in die volgorde soos hierbo aangegee. Dieselfde afdeling kom dus elke drie jaar aan die beurt.
7. Bekronings vir iedere afdeling gaan oor tydperke van drie jaar en wel vir die drie kalenderjare onmiddellik voorafgaande aan die jaar waarin die bekroning plaasvind.

Met hierdie prosedureverandering is teruggekeer na die rotasiekategorieë soos op besluit en ingestel in 1927/1928 (kyk bladsy 123-125).

585 Dit is ingeskakel by die afdeling Letterkunde. Die Stalsprys vir Literatuurwetenskap is in 1968 vervang deur die Gustav Prellerprys vir Literatuurwetenskap en Letterkundige Kritiek (AJVN 1968: 28 Junie).

5.5.2.3 Die beperking dat 'n skrywer nie meer as een keer met die Hertzogprys bekroon kon word in dieselfde literêre kategorie nie

In 1954 het G.S. Nienaber voorgestel die volgende bepaling, waarop in 1942/1943 besluit is (kyk bladsy 221), en wat vervat is as artikel 9 van die Hertzogprystoekenningsprosedure volgens die 1948/1949-inligtingstuk wat F.C.L. Bosman as Akademiesekretaris opgestel het (kyk bladsy 253 en eindnota 43), hersien word (FRA 1954: 3 Mei; ARA 1954: 4 Mei):

Die onverdeelde prys word nie meer as een maal aan dieselfde persoon in dieselfde afdeling toegeken nie.

Gedurende 1954 tot 1958 kon geen finale uitsluitel hieroor verkry word nie (kyk bladsy 286-300). Reaksie teen hierdie bepaling is op die spits gedryf in die besluitneming rondom die 1959-Hertzogprys vir Poësie. Probleme wat ondervind is met die uitvoering van hierdie bepaling, blyk duidelik uit die 1959-verslag, onderteken deur A.P. Grové, C.J.M. Nienaber en H. Venter (FRA 1959: 20 Maart, bylaag A):

Hertzogprys vir poësie

Blom en baaierd van D.J. Opperman staan kop en skouers uit bo al die digbundels wat gedurende die afgelope drie jaar in Afrikaanse [sic] verskyn het. Daaroor is al drie die lede van die Komitee dit eens. Aangesien Opperman reeds vir Heilige beeste die prys ontvang het, kan hy egter nie weer vir bekroning ten opsigte van die poësie in aanmerking kom nie.

Hierdie toedrag van sake het die Keurkomitee se taak baie bemoeilik, aangesien daar gevoel is dat met 'n bekroning 'n norm gestel behoort te word.

In die diskussie is die volgende argumente na vore gebring:

- (1) In hierdie geval kan die beste werk nie vir bekroning in aanmerking kom nie.
- (2) Die beste aanbeveling wat onder omstandighede gemaak kan word, moet per slot van rekening 'n tweede-beste wees.
- (3) Opperman se Heilige beeste is bekroon, terwyl sy veel groter en ryper bundel nie vir bekroning in aanmerking kan kom nie. Nog ernstiger word die posisie as 'n mens daaraan dink dat dit nie net Opperman is wat so getref word nie. Ook Elis. Eybers se jongste bundel, Neerslag, moes buite rekening gelaat word.
- (4) Een van die komiteeledes het daarop gewys dat die drie groot Griekse tragici jare lank keer op keer die prys vir die beste trilogie verower het en dat dit as 'n groot vernedering beskou is as 'n jong kunstenaar (op meriete) die ouer een verdring.
- (5) Die Komitee is oortuig daarvan dat die huidige basis van toekenning noodwendig die peil moet verlaag. Bowendien word ons weggevoer van die beste werk en word die aandag toegespits op die skrywer – 'n ontwikkeling wat sekerlik teengegaan moet word.

Hierdie opmerkings mag ongevraag lyk maar is tog ter sake, daar hulle tot op sekere hoogte die Komitee se aanbeveling kwalifiseer.

Aangesien Opperman nie weer in aanmerking kon kom nie, het die Letterkundige Kommissie aanbeveel dat *Enklaves van die lig* van Peter Blum bekroon word, want, alhoewel nie “die beste bundel” van die voorafgaande vier jaar nie, was “dié werk die Hertzogprys waardig”.

Tydens die Fakultetraadsvergadering van 20 Maart 1959 is die verslag in behandeling geneem, en na ’n lang bespreking is die volgende standpunte gestel (FRN 1959: 20 Maart):

- (a) Die huidige beginsels waarop die prystoekening berus, naamlik dat so ’n prys nie vir meer as een keer aan een persoon toegeken mag word nie, mag lei tot bekroning van ’n skrywer in plaas van die produk, wat verkeerd is.
- (b) Die aanbevelings van die keurkommissie insake die toekening bevat sekere voorbehoude. Die Hertzogprys as volwaardige prys vir volwaardige prestasie moet sonder voorbehoud toegeken word.
- (c) Ondanks die aanbeveling van die Keurkommissie wat hulle opdrag met groot erns aangepak en uitgevoer het, word gevoel dat die prys nie aan die aanbevole persoon toegeken kan word nie.⁵⁸⁶

Gelet op die voorbehoud van die Keurkommissie, besluit die Fakulteitsraad om geen Hertzogprys vir 1959 toe te ken nie, en om die beginsels waaronder toekening van hierdie prys geskied, in hersiening te neem. Die Akademiese Raad gaan daarmee akkoord op hulle vergadering die volgende dag. (ARN 1959: 21 Maart, FRA 1959: 24 Julie, ARA en ARN 1959: 24 Julie.) Die Akademiesekretaris, Du Buisson, meld in sy bedankingsbrief aan die drie kommissielede onder andere dat die betrokke reglement in hersiening geneem sou word (LK 1/6: 29 April 1959).

In aansluiting by die Jaarvergadering en die Halfeeufesvieringe, was daar ’n Fakulteit- en Akademiese Raadsvergadering onderskeidelik die oggend en middag van 24 Julie 1959. Tydens die Fakultetraadsvergadering is lede meegedeel dat daar reeds twee jaar tevore⁵⁸⁷ gevoel is dat die beginsels van bekroning gewysig behoort te word en dat die beste bydrae bekroon moes word, en nie die persoon nie. Daar is besluit dat hierdie aangeleentheid sou oorstaan tot in 1960 en dat prof. G.S. Nienaber versoek word om weer ’n gemotiveerde memorandum in dié verband op te stel. (FRN 1959: 24 Julie). Die Akademiese Raad sou tydens hulle vergadering herbesin oor die bekroningsbeginsels, maar aangesien G.S. Nienaber afwesig was, moes die saak vir eers oorstaan (ARA en ARN 1959: 24 Julie). Die hele kwessie is geopper in die 1958/1959-Fakulteitsjaarverslag, en die “Prosedure by toekening van die Hertzogprys en die Akademieprys vir Vertaalde Werke, gefinaliseer in 1956 en geldig vanaf 1957” (kyk bladsy 648), is verskaf.

586 Tydens die bespreking van die 1962-Poësieprys, het Ernst Lindenberg ’n toekening aan Peter Blum vir albei sy bundels, *Steenbok tot Poolsee* (1955) en *Enklaves van die lig* (1958) aanbeveel, en A.P. Grové en F.I.J. van Rensburg het albei hulle jammerte uitgespreek dat Blum nie in 1959 bekroon is nie (FRA 1962: 7 September – bylaag A).

587 Dit is reeds vyf jaar tevore al voorgestel – in 1954 (kyk bladsy 286 en 289).

Tydens die Oktober 1959-raadsvergaderings het die Fakulteitsraad aanbeveel, en die Akademieraad dit ondersteun, dat A.P. Grové as sekundus benoem word vir G.S. Nienaber wat ongesteld was, om 'n gemotiveerde memorandum insake die beginsels waarop die Hertzogprystoekening moet geskied, op te stel en aan die Ondersoekkommissie voor te lê (FRN 1959: 9 Oktober, ARN 1959: 10 Oktober).

Du Buisson het aan Grové 'n afskrif van die Hertzogprysregulasies verskaf en hom versoek om, indien moontlik, die voorstelle reeds op skrif te stel betyds vir die Ondersoekkommissievergadering van 28 November 1959 (LK 1/6: 10 November 1959).

Die memorandum (FRA 1960: 8 April – bylaag H; ARA 1960: 9 April – bylaag F), met dieselfde strekking as G.S. Nienaber se 1954-verslag (kyk bladsy 286) en die 1959-Poësieverslag (kyk bladsy 332), was betyds gereed, en die Akademiesekretaris het 'n afskrif daarvan aan G.S. Nienaber gestuur (LK 1/6: 23 November 1959).

Tydens die raadsvergaderings van beide die Fakulteit en Akademie op onderskeidelik 8 en 9 April 1960, is kennis geneem van die memorandum self, asook die opdrag aan die Ondersoekkommissie om dit te bestudeer (FRN 1960: 8 April; ARN 1960: 9 April).

Die aanbeveling van sowel die Studiekomitee (SK 4 a) as Ondersoekkommissie (OK III u) was dat as maatstaf moet dien dat die **beste werk** in die bepaalde groep vir die voorgeskrewe tydperk bekroon moet word. 'n Verdere aanbeveling is ook aanvaar en aan die buitengewone ledevergadering op 24 Maart 1961 voorgelê (FRA en FRN 1961: 23 Maart). Hierdie aanbevelings het soos volg neerslag gevind in die veranderde Hertzogprystoekenningsprosedure:

9. Die onverdeelde prys kan meer as een maal aan dieselfde persoon in dieselfde afdeling toegeken word mits 'n duidelik stygende lyn in sy skeppingswerk waarneembaar is.

Dit het die ongelukkige bepaling, wat verhoed het dat die onverdeelde prys meer as een maal aan dieselfde persoon in dieselfde afdeling toegeken kon word, en wat gegeld het vanaf begin 1943 tot einde 1961, opgehef. Die vereiste dat daar “'n duidelik stygende lyn” moes wees, het egter weer ánder probleme geskep (kyk onder andere bladsy 347, 351, 352, 439 en 468-473).

5.5.2.4 “Afrikaansheid”

5.5.2.4.1 Die Erepenning en “Afrikaansheid”

In 1941 was daar in die Kunskommissie ’n bespreking oor wie vir die Erepenning ⁶³ in aanmerking kom en oor die hele kwessie rondom Afrikaner-wees, die Afrikaanse strewes, Afrikaanse en Suid-Afrikaanse kuns (kyk endnota 24 op bladsy 524). Hierdie bespreking het reperkussies in die Parlement gehad toe die Akademie in 1942 ’n wetsontwerp ingedien het ten einde die naam en doelstellings van die Akademie te verander. Tydens die bespreking van die wetsontwerp is die politieke neutraliteit van die Akademie bevraagteken, en bedenkinge uitgespreek oor die nietoekenning van die Hertzogprys vir Drama aan Uys Krige en die Akademie se beweerde vertolking van wie as “praktiese Afrikaners” beskou kon word (kyk bladsy 199-203).

By die toekenning van die Erepenning het die begrip “Afrikaans” – gekoppel aan die kunswerk self of aan die skepper daarvan, voor die sestigerjare al ’n rol gespeel. ⁶⁴

5.5.2.4.2 Die Akademie en “Afrikaansheid”

Nie net in die voorskrifte vir die toekenning van die Erepenning kon die noue verband tussen die Akademie en Afrikanersentimente gesien word nie, maar ook in, byvoorbeeld, die Akademiestatute en algemene uitsprake vanaf Akademiëkant.

Paragraaf 4(p) van die 1944-1958-Akademiestatute meld dat een van die doelstellings van die Akademie was om “belangstelling vir die wetenskap en die tegniek by die Afrikanernasie op te wek en aan te moedig en beroepsvoorligting te bevorder” (kyk bladsy 633).

S.P.E. Boshoff, destydse Akademiëvoorsitter, merk in die voorwoord tot *Op brandwag vir ons taal* (Nienaber 1950) op:

Daar is lank reeds gevoel dat die Akademie nie los van die Afrikanerdom, waarvan hy op wetenskaplike en kunsgebied die mondstuk is en wil wees, moet staan nie. ... Afrikaanssprekendes en die Akademie het mekaar wedersyds nodig.

Veral gedurende 1959 toe die Akademie sy vyftigjarige bestaan gevier het, was daar heelwat uitlatings met betrekking tot die verband tussen die Akademie en die Afrikaner. So het die Akademiesekretaris, dr. M.S. du Buisson (1959:5), byvoorbeeld tydens sy radiopraatjie op Dinsdag 24 Maart 1959 opgemerk:

Vir vyftig jaar was die Akademie begenadig om as instrument te dien om die Afrikaner tot geestelike rypheid te help ontwikkel. Vir vyftig jaar het hy gestaan in diens van hierdie volk, het hy op brandwag gestaan vir ons taal in die eerste plek, en vir ons ganse kultuurbesit in die tweede plek.

Hy vervolg (1959:7):

Vir die uitbouing van hierdie spreektaal [Afrikaans] tot volwaardige oordragsmedium in boek en geskrif, vir sy aanpassing aan die eeu van wetenskap en tegniek, en daarmee, vir die volle geestelike groei van die Afrikaner self – daarvoor het die Akademie homself verantwoordelik gestel. Gedurende die afgelope vyftig jaar was dit sy besondere taak, en in alle beskeidenheid kan daarop aanspraak gemaak word dat hy in hierdie taak nie gefaal het nie.

Tydens die 50-jarige feesvieringe in 1959 het dr. F.J. de Villiers in sy voorsittersrede die volgende gesê (FJV 1960: 30 Junie – memorandum van die Ondersekkommissie insake doelstellings van die Fakulteit Taal, Lettere en Kuns):

Hoewel die Akademie aanvanklik die Afrikanerdom op 'n afgebakende terrein gedien het, het die stroom algaande breër en omvattender geword, sodat ons tans met reg kan beweer dat die Akademie op alle terreine van die kultuurlewe die Afrikanervolk wil dien om tot geestelike wasdom te lei.

Nog later staan:

In hierdie verband, gesien die omstandighede in ons volksgeskiedenis waarin die Akademie ontstaan het en die agterstand wat by die Afrikaner in soveel kringe bestaan het, is dit vanselfsprekend dat dit steeds die taak van die Akademie moet wees om in die eerste instansie homself toe te spits op die Afrikaner en sy prestasies, maar dat hy aan die ander kant nie eksklusief teenoor die prestasies van die ander bevolkingsgroepe en andertaliges staan vir sover sodanige prestasies tot heil, voordeel en verheffing van ons vaderland strek nie.

Ná die Halfeeufeesviering en die 1960-jaarvergadering, is daar in die 1960/1961-Jaarverslag (129) gesê:

Op geesteswetenskaplike terrein is daar veel wat die Akademie in die toekoms kan verrig om sy doelstellings te bevorder en om hom diensbaar te maak aan die Afrikanervolk se geestelike ontplooiing.

Die Kommissie van Onderzoek insake Toekomsbeplanning van die Akademie het in hulle memorandum (punt 3f) opgemerk dat die aksentuering van die Afrikaanse in plaas van 'n Suid-

Afrikaanse benadering binne die Akademie, openhartig ontleed moes word. Daar is gewys op die toekenning van pryse en erepenninge slegs aan Afrikaanssprekendes, en gevra:

Wat van die Hobsons, Peter Blum, Walter Battis e.a.? Indien dit wel t.o.v. oorspronklike letterkundige skeppinge aan andertaliges vir werk in Afrikaans toegeken kan word, wat van andertalige Suid-Afrikaanse kunstenaars (beeldhouers, skilders, musici, ens.)?

Hierdie vroeë aksentueer onder andere die probleme wat ontstaan wanneer, met betrekking tot letterkunde, die klem verskuif word van die kunswerk na die kunstenaar. Tog het die golf van Afrikanersentiment daartoe gelei dat in die Studiekomiteevergadering van 4 Junie 1960 se agenda die vraag gestel is of “Afrikaansheid” ’n voorwaarde moes wees by alle bekronings. Aanbevelings van die Studiekomitee (SK 2) en Ondersoekkommissie (OK III t), het neerslag gevind het in volgende byvoeging tot die 1961/1962-Hertzogprystoekennings-prosedureveranderinge:

13. Hierdie pryse word slegs toegeken aan Suid-Afrikaanse burgers wat beslis simpatiek staan teenoor die aspirasies van die Afrikaanse volk.

Met hierdie bepaling is die klem deels weer terug verskuif na die skrywer, in plaas van die werk self, soos bepaal in die skenkingsakte. Die sinvolle besluit dat die onverdeelde Hertzogprys wel meer as een maal aan dieselfde persoon in dieselfde afdeling toegeken kon word (kyk bladsy 334, 510), met die gevolglike klem op die werk, en nie die skrywer nie, is ondermyn deur hierdie nuwe, kontroversiële bepaling.

In sy Junie 1985-artikel “Die Hertzogprys anders as alle ander pryse heilig” (26) sê Julian F. Schmidt:

Beide bekroning en veroordeling is inherent preskriptief. Implisiet word met hierdie vorme van ideologiese supervisie eise aan die kunstenaar gestel. En die sentrale eis is voortdurend dat die Afrikanersaak gedien moet word, of ten minste nie geskaad behoort te word nie.

Hy verwys dan spesifiek na die “preskriptiewe kousule 13” van die 1961/1962-Hertzogprystoekenningsprosedure as ’n “opvallende voorbeeld hiervan” en merk op:

Oorspronklik was, gesien die omstandighede en doel van die stigting van die Hertzogprysfonds, Afrikanernasionalisme en -patriotisme so voor-die-hand-liggend dat geen behoefte aan ’n formele voorskrif in dié verband gevoel is nie. Dat die behoefte wel in die vroeë sestigerjare gevoel is, lyk betekenisvol te wees. Dit wil voorkom asof dit nie

toevallig is dat die “rebellierende” Sestigters in dié jare ’n storm veroorsaak het wat teen die grein van die establishment ingegaan het nie, én dat Verwoerd⁵⁸⁸ entoesiasties Afrikanermeerderwaardigheid gepredik en Afrikanerdissidensie rigied beveg het nie. Die invoeging van klousule 13 bevestig dus die ideologiese rol wat die Hertzogprys (moet) speel.

Vir die Afrikaner was die taalstryd ook ’n politieke stryd en omgekeerd. Taalhandhawing en -erkenning was dus sinoniem met volkshandhawing en -erkenning. Die Afrikaanse taal moes die volksaak dien en die volk die taal. Aanmoediging, bekroning, was dus onmisbaar – ’n leemte gevul deur die Hertzogprys.

In sy terugblik op die toekenning van die Hertzogprys in *Boekewêreld* van Augustus 1993 (bylaag by *Nasionale koerante*), het prof. A.P. Grové ook hierdie kwessie van Afrikaner-sentimente aangeraak:

Veranderende tye bring ook veranderings wat die prys betref en mettertyd is daar, ook deur Akademielede, gevoel dat die Afrikaner ‘veilig’ is, dat die taalstryd verby is en dat daar ‘uitwaarts’ beweeg kan word. Daarmee saam het die minder-vriendelike verwyd al sterker geword dat die Akademie twee here probeer dien: dat hy voorgee om suiwer literêr te oordeel, terwyl hy in werklikheid ideologies deur Afrikaner-sentimente beweeg word. Van Akademie-kant is dié aantying konsekwent verwerp deur daarop te wys dat geen voorskrif in dié rigting aan keurkomitees gegee word nie. Sedert die instelling van die Letterkundige Kommissie is so ’n dubbelslagtige ‘beleid’ in elk geval ondenkbaar.

Hierdie “dubbelslagtige beleid” dat die toekenning net kon geskied aan persone wat “beslis simpatiek staan teenoor die aspirasies van die Afrikaanse volk”, was daadwerklik deel van die 1961/1962-Hertzogprysprosedures. Dié voorskrif is egter gou verwyder (kyk bladsy 358 en die 1963/1964-toekenningsprosedure in bylaag T op bladsy 651) en was met die 1968-instelling van die Kommissie vir Letterkunde⁵⁸⁹ weliswaar nie meer amptelik deel van die voorskrifte nie.

5.6 AANMOEDIGINGSASPEK UIT HERTZOGPRYSDOMEIN VERWYDER

Die siening dat die Hertzogprys beskou moet word as ’n aanmoedigingsprys, is deur die jare gereeld geopper (kyk bladsy 74, 139, 170, 217, 221, 223, 275, 287-296). Dit was ook die geval in die vroeg sestigerjare. Tydens die Openbare Gesamentlike Vergadering van die twee fakulteite op Vrydag 1 Julie 1960, het prof. A.J. (Abel) Coetzee van die Universiteit van die Witwatersrand ’n referaat gelewer oor “Die Toekomstak van die Akademie met betrekking tot die Bevordering van die Afrikaanse Taal en Letterkunde” (Coetzee 1960:41-56). In sy bedanking van Coetzee het prof. F.E.J. Malherbe onder andere opgemerk:

588 Dr. H.F. Verwoerd het in 1959 erelidmaatskap van die Akademie ontvang.

589 Benaming wat afwisselend gebruik is saam met “Letterkundige Kommissie” (kyk bladsy 458).

Bekronings van debutantewerk, dit lyk vir my baie belangrik. Dis die gees van Hertzog se skenking om jong debutante aan te moedig. Soos die Natuurwetenskaplikes doen om 'n man vir sy werk te bekroon. Nie oor en oor dieselfde man nie – hier geld die aanmoediging, gee dit vir 'n debutant, maar moenie dat hierdie debutant wedywer met 'n gevestigde persoon nie.

Die aanmoedigingsgedagte was ook 'n faktor in die meerderheidsverslag oor die 1961-Hertzogprys vir Prosa (FRA 1961: 28 Junie – bylae I). Daarin is aanbeveel dat *Geknelde land* (1960) deur F.A. Venter bekroon word, en in die slotsom van die verslag is gesê:

Daarby kom die feit dat die Hertzogprys as aanmoediging vir verdienstelike werk bedoel is, wat ons van die maklike weg van geen bekroning vir 1961 laat afsien.

Die Studiekomitee en Ondersekkommissie het in Junie 1960 egter al aanbeveel dat die Hertzogprys nie as 'n aanmoedigingsprys beskou moet word nie, “maar inderdaad as 'n prestigeprys” (SK 1 a/ OK III r). Die Studiekomitee het voorgestel dat 'n nuwe prys ingestel behoort te word vir dieselfde terrein as die Hertzogprys, met dien verstande dat dit nadruklik as 'n aanmoedigingsprys geld (SK 1b en 3b).

In November 1960 het die Akademie die Shell-maatskappy se aanbod aanvaar om onder andere 'n aanmoedigingsprys vir Afrikaanse belletterie in te stel waarvoor hulle jaarliks die bedrag van £25 (R50.00) sou bewillig, en wat deur die Akademieraad beheer sou word (ARDB Aanvullende agenda en ARDBN 1960: 24 November). Daar is aanbeveel, en later besluit, dat dit die Eugène Maraisprys moes heet (ARDBN 1960: 24 November; FRA en FRN 1961: 23 Maart). Die ooreenkoms tussen die Akademie en die Shell-maatskappy is aanvaar (FRA en FRN 1961: 23 Maart; ARA en ARN 1961: 24 Maart) en in 'n persverklaring aangekondig op 5 Mei 1961. Die Keurkommissie is benoem (FRN 1961: 23 Maart) en die eerste Eugène Maraisprys is toegeken aan Audrey Blignault (FRN en ARN 1961: 28 Junie). Soos die Hertzogprys is dit aanvanklik ook op 'n driejaar-rotasiebasis jaarliks toegeken vir verhalende prosa, poësie en drama, beginnende met prosa in 1961. Bekronings vir elke afdeling het ook gestrek oor tydperke van drie jaar, en wel vir die drie kalenderjare onmiddellik voorafgaande aan die jaar waarin die bekroning plaasvind. In 1971 het die rotasie van die verskillende literêre kategorieë verval.

Met die instelling van die Eugène Maraisprys ter aanmoediging van jong, belowende skrywers, is die mening dat toekenning van die Hertzogprys as aanmoediging moet dien, finaal uitgeskakel.

5.7 BENAMING VAN BEOORDELINGSKOMMISSIES VERANDER

Die benaming “Letterkundige Keurkomitee”, soos wat dit tot in daardie stadium voorgekom het in die Hertzogprysprosedures (kyk bylae Q en R op bladsy 645 en 646 onderskeidelik), is in die 1961/1962-Hertzogprystoekenningsprosedure (kyk bylaag S op bladsy 648) verander vanaf “letterkundige keurkomitee ” na “Keurkomitee vir Letterkunde” (punt 10), of “letterkundekurkomitee” (punt 12a en 12c). Hierin het ook die kiem gelê vir die 1992/1993-verandering toe die benaming “Letterkundige Kommissie”, verander is na “Letterkundekommissie” (kyk bladsy 508).

Terselfdertyd is die benaming “Breë Keurkommissie”, soos voorheen gebruik in die prosedure, in 1961/1962 verander na “Breë Kommissie” (punt 12b).

5.8 BENAMING VAN FAKULTEIT VERANDER

Die 1960-Fakulteitsjaarvergadering het nog geskied onder die naam “Fakulteit Taal, Lettere en Kuns”. Die Ondersoekkommissie insake Toekomsbeplanning het in Junie 1960 egter aanbeveel dat hierdie fakulteit se naam gewysig word na “Fakulteit vir Geesteswetenskappe” (OK III d iii; ARDBN 1960: 27 Oktober). Hierdie twee benamings, asook “Fakulteit Geesteswetenskappe” is aanvanklik afgewissel in die agendas en notules. Waar daar in vorige Hertzogprystoekenningsprosedures verwys is na die Fakulteit vir Taal, Lettere en Kuns, word daar egter in die 1960/1961-prosedureveranderinge (punt 15) opgemerk dat “die Raad” verwys na die Raad van die “Fakulteit Geesteswetenskappe”. Die Fakulteitraadsvergadering van 23 Maart 1961 het nog plaasgevind onder die naam “Fakulteit Taal, Lettere en Kuns” (FRA en FRN 1961: 23 Maart; ARA en ARN 1961: 24 Maart).

’n Voorstel van die Bestuur van die Stellenbosse werkgemeenskap het egter daartoe gelei dat die finale benaming waarop besluit is tydens die buitengewone ledevergadering van 24 Maart 1961, “Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe” is. Hierdie besluit is bekragtig op die 16 Mei 1961-vergadering van die Uitvoerende Komitee. (Studiestuk K/8 gedateer 21 Maart 1961; Notules.) Die eerste Fakulteitsraadagenda en -notule waarin hierdie nuwe benaming as opskrif boaan voorkom, is dié van ’n vergadering gehou op Woensdag 28 Junie 1961. Die Akademieraad het tydens hulle vergadering later dieselfde dag, kennis geneem van die Uitvoerende Komitee se besluit met betrekking tot die benaming (ARN 1961: 28 Junie). Tog word daar in die 1963/1964-Hertzogprystoekenningsprosedure by punt 15 nog steeds verwys na die “Fakulteit Geesteswetenskappe” (kyk bylaag T op bladsy 651). Nienaber weer, noem verkeerdelik in *Die Hertzogprys vyftig jaar* dat die Fakulteit vir Taal, Lettere en Kuns reeds vanaf 1959 Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe genoem is (1965a:43).

5.9 AKADEMIE- EN FAKULTEITSTATUTE VERANDER

Die Kommissie van Drie (kyk bladsy 328) het ook aanbeveel dat daar onder andere gekyk moet word na die doelstellings, administrasie en organisasie van die Akademie. Die Onderzoekkommissie in verband met Toekomsbeplanning het onder andere ook Studiekomitees benoem insake die doelstellings van die Akademie en sy Fakulteite, asook verskeie organisatoriese aangeleenthede. As uitvloeisel daarvan het die twee dokumente waarvolgens die Akademie beheer word, naamlik die Akademiewet en die Statute, in die kollig gekom. (ARA 1961: 24 Maart – bylaag D; FRA 1962: 26 April – bylaag P.)

Die Statute van beide die Akademie en die Fakulteite is hersien (FJVN 1960: 30 Junie – Onderzoekkommissiememorandum; ARDBN 1960: 5 Augustus; ARN 1960: 1 Oktober; ARDBA en ARDBN 1960: 27 Oktober; FRN 1961: 23 Maart – ook bylae F, G en H; ARN 1961: 24 Maart – ook memorandum; ARA 1961: 28 Junie; 1960/1961-Jaarverslag). Die Akademiestatute bevat voorskrifte met betrekking tot die verkiesing van die Akademieraad (bepaling 11 tot 18 van die 1944- tot 1958-Statute – kyk bylaag O op bladsy 635). Aangesien die finale seggenskap in verband met die Hertzogprys berus by die Akademieraad as kurator van die Hertzog-taalfonds, is dit nodig om kennis daarvan te neem dat sekere Statute nié, soos vereis deur die Akademiewet, in die Staatskoerant afgekondig is nie – ’n versuim wat gelei het tot die ongelukkige situasie dat die Rade en Statute gedurende die periode 1961 tot 14 Maart 1968, onwettig was. Per implikasie was die besluite geneem deur hierdie Rade – ook besluite met betrekking tot die Hertzogprys – dus onwettig, en is eers in 1968 terugwerkend gewettig (kyk bladsy 448).

Die twee artikels in die wet wat ter sprake kom met betrekking tot die Statute en Rade, is artikel 5 en 6 van die 1921-Akademiwet (kyk bladsy 621) en die 1942-Akademiwet (kyk bladsy 622) – later artikel 5(2) en 5(3) van die 1959-wet (kyk bladsy 623).

Vir die uitvaardiging van die 1944-Statute was Akademiwet 23 van 1921, met die 1942-wysiginge, nog geldig. Artikel 5 van hierdie 1921-Akademiwet kom ooreen met artikel 5(2) van die 1959-Akademiwet waarin, verwoord in Afrikaans, dit gestel word dat die Akademie Statute kon uitvaardig betreffende-

- (a) die getal lede van die Akademie;
- (b) die verkiesing van nuwe lede van die Akademie;
- (c) die kworum en prosedure by ’n algemene vergadering;
- (d) die samestelling van die Raad;
- (e) die verkiesing van lede van die Raad;
- (f) die ampsduur van lede van die Raad,

en in die algemeen om beter gevolg te kan gee aan die oogmerke van die Akademie.

Tydens die daarstelling van die 1944-Statute, waarin die indeling in Fakulteite beskryf is, het die tóe geldende wet nié voorsiening gemaak vir:

- die indeling in Fakulteite en
- die daarstelling van reglemente vir die Fakulteite nie. (Kyk artikel 28 van die 1944-Akademiestatute op bladsy 637.)

Die Fakulteite, reeds in 1944 ingestel, is dus eers 23 jaar later, met ingang 1 November 1967, gewettig (kyk voetnota 354 op bladsy 204, asook bladsy 448). Benewens die soms onakkurate Fakulteitsbenaming gedurende die laat vyftiger-/vroeg sestigerjare, het die Fakulteit Taal, Lettere en Kuns dus 'n naamsverandering ondergaan sonder dat die Fakulteit self eers wettig was. Die Fakulteit se Statute is ook gewysig en aanvaar deur die Fakulteitsvergadering die middag van 24 Maart 1961, en daardie selfde aand deur 'n buitengewone vergadering van die Akademierraad bekragtig (ARN 1961: 24 Maart). In die Statute wat afgekondig is op 29 Desember 1967, en geldig vanaf 27 Maart 1968 (kyk bylaag P op bladsy 642) is die naam aangedui as “fakulteit vir kuns en geesteswetenskappe”.

Verder was die Statute wat uitgevaardig is vanaf 28 April 1944 tot 10 Januarie 1958


- onwettig in dié sin dat dit, benewens die indeling in Fakulteite, nog baie méér omvat het as wat bepaal is in artikel 5 van die 1921-Akademiewet, maar
- wel wettig deurdát dit:
 - ▶ voldoen het aan artikel 6 van hierdie wet wat vereis het dat dit deur die goewerneur-generaal goedgekeur en in die staatskoerant afgekondig moes word, en
 - ▶ deur 'n wettige Raad daargestel is.

Die Statute waarop besluit is gedurende 1961, was egter onwettig deurdát dit

- volgens artikel (5)(2) van die tóé geldende 1959-wet weer eens baie meer omvat het as wat die wet bepaal;
- hierdie keer níe deur die goewerneur-generaal goedgekeur en in die staatskoerant afgekondig is soos vereis deur artikel 5(3) van die wet nie,⁵⁹⁰ en
- daargestel is deur 'n onwettige raad.

Hierdie 1961-Statute het 'n verandering in die samestelling van die Rade gehad (1960/1961-Jaarverslag). Tot in daardie stadium het die Akademierraad bestaan uit ses lede gekies vir 'n tydperk van drie jaar. Volgens die nuwe Statute sou daar tien raadslede wees, telkens gekies vir 'n tydperk van twee jaar. Volgens artikel 5(2) het die Akademie wel magtiging gehad om dit te doen. Die feit dat die nuwe Statute egter níe deur die goewerneur-generaal goedgekeur en in die Staatskoerant afgekondig is nie, het tot gevolg gehad dat die Rade sedert 1961 ongeldig was. Dit het weer die implikasie gehad dat alle besluite wat die Akademierraad geneem het sedert 1961, tot die regstelling deur middel van die 1968-wysingswet (kyk bladsy 448), onwettig was. As kurator van die Hertzog-taalfonds was Akademierraadsbesluite oor die Hertzogprys gedurende hierdie tydperk dus ook ongeldig, en is eers terugwerkend goedgekeur.

590 Die Statute soos deur die Akademie gebruik is ná die buitengewone ledevergadering van 24 Maart 1961, en oorgetik is op byvoorbeeld 27 Augustus 1963, is níe opgeneem in die Akademiestatute vanaf April 1944 tot en met Januarie 1958 **soos herafgekondig op 22 November 1963** nie (kyk bylaag O).



N.P. van Wyk Louw, wenner van die 1960-Hertzogprys vir Drama

Fotograaf onbekend